

DIE PROBLEEM VAN
WAARDES EN WAARDERING IN DIE PSIGOLOGIE

'N TEORETIES-EMPIRIESE STUDIE VAN
DIE PROBLEEM VAN
WAARDES EN WAARDERING IN DIE PSIGOLOGIE

deur

J.C. VAN DEN BERG (Honns. B.A.)

Verhandeling ingehandig vir die graad

Magister Artium (Sielkunde)

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.
2 Maart 1959.

B E D A N K I N G S.

Ek spreek graag hiermee besondere dank en waardering uit teenoor my promotor, Prof. J.M. Hattingh, vir sy leiding en persoonlike belangstelling wat ek vanaf die aanvang tot en met die voltooiing van hierdie studie kon geniet.

Die vriendelike hulp van Prof. H.G. Stoker ontvang in die begin-stadium van die studie, en stimulerende gedagtes by geleentheid uitgespreek deur Dr. J.A.L. Taljaard en Prof. J.H. Bavinck, word hoog op prys gestel.

Besondere dank gaan aan die proefpersone wat so bereidwillig van hul vrye tyd afgestaan, en daardeur die empiriese ondersoek moontlik gemaak het, aan Ds. A. Coetzee wat met veel opoffering hierdie werk taalkundig nagesien het, en aan die personeel van die biblioteke van die P.U. vir C.H.O., die Universiteit van die Witwatersrand, die Universiteit Rhodes, en die Universiteitskollege van Fort Hare vir hul samewerking.

Aan my eggenote, vir haar hulp en ondersteuning in velerlei opsigte, is ek baie dank verskuldig.

Die Skrywer.

I N H O U D.

HOOFSTUK I: ALGEMENE PROBLEEMSTELLING EN TERREIN VAN ONDERSOEK.

A.	INLEIDING	1.
B.	ALGEMENE PROBLEEMSTELLING	4.
C.	TERREIN VAN ONDERSOEK	5.

HOOFSTUK II: DIE WAARDE-PROBLEEM IN DIE PSIGOLOGIE.

A.	ENKELE FILOSOFIESE GRONDSLAE VAN WAARDES:	
1.	'n Kort Historiese Oorsig van die Waarde-Begrip in die Filosofie	8.
2.	Die Indeling en Rangorde van Waardes ...	13.
3.	Die Wese van Waardes	19.
B.	DIE PLEK VAN WAARDES IN DIE PSIGOLOGIE:	
1.	Waarde as 'n Psigologiese Begrip	28.
2.	Waardes en die Individu	31.
3.	Waardes en die Gemeenskap	32.
4.	Die Ontplooiing van Waardes	33.
C.	WAARDES EN DIE PROSES VAN WAARDERING:	
1.	Intellektualisme versus Emosionalisme in die Kenne en Belewing van Waardes ...	35.
2.	Gevoel versus Begeerte in Waardering ...	38.
3.	Die Waarde-Oordeel	43.
4.	Die Gevoel as Waarderende Akte van die Persoonlikheid	46.
D.	WAARDE-ONDERSOEK IN DIE PSIGOLOGIE:	
1.	Inleidend	52.
2.	Individuele Verskille in Waardes	56.
3.	Die Ontwikkeling van Waardes	59.
4.	Die Invloed van Waardes op die Kenlewe .	61.
5.	Kritiese Samevatting	61.

HOOFSTUK III: 'N EIE ONDERSOEK NA DIE AARD VAN WAARDERING, MET BESONDERE AANDAG AAN DIE WAARDE-OORDEEL.

A.	INLEIDING	63.
B.	DOELSTELLING VAN HIERDIE ONDERSOEK	67.

C. TOETSMATERIAAL, APPARAAT EN METODE VIR
HIERDIE ONDERSOEK:

1. Toetsmateriaal en Bykomstige Apparaat:-	
a) Algemene Probleme in die Seleksie van Toetsmateriaal	68.
b) Die Toetsmateriaal	71.
c) Bykomstige Apparaat	72.
2. Die Proefpersone	73.
3. Metode van Toepassing:-	
a) Algemene Omskrywing	73.
b) Mededeling en Opdrag aan Proef- persone	74.

D. DIE RESULTATE:

1. Die Protokolle	75.
2. Waarde-Toekenning van die Protokolle:-	
a) Wyse van Waarde-Toekenning	78.
b) Waarde-Toekenning van die Reaksies .	83.
c) Samevatting van Waarde-Toekenning van Alle Proefpersone (Tabel) ..	90 - 91.
d) Samevattende Analise van Waarde- Toekenning van Alle Proefpersone ...	92.

E. WAARDE VAN HIERDIE ONDERSOEK 96.

HOOFSTUK IV: SAMEVATTENDE BESKOUING.

A. DIE DOELSTELLING EN TERREIN VAN HIER-
DIE STUDIE 100.

B. DIE WAARDE-PROBLEEM IN DIE PSIGOLOGIE:

1. Filosofiese Grondslae van Waardes	101.
2. Die Plek van Waardes in die Psigologie .	103.
3. Die Waarderingsproses	104.
4. Waarde-Onderzoek in die Psigologie	106.

C. WAARDERING AS 'N PERSOONLIKHEIDSAKTE 107.

D. SLOTBESKOUING 110.

BYLAAG I 111.

BYLAAG II 148.

BIBLIOGRAFIE 184.

HOOFSTUK I

ALGEMENE PROBLEEMSTELLING

EN

TERREIN VAN ONDERSOEK.

A. INLEIDING.

Die term waarde kom in die alledaagse spraakgebruik in 'n verskeidenheid van uitdrukkings tot uiting om uiteenlopende aspekte of kenmerke van die buite-wêreld aan te dui. So, bv., wanneer gepraat word van die "waarde" van 'n bepaalde boek, kan die term dui op een van die volgende: 1. Die utiliteitswaarde van die artikel, d.w.s. die nuttigheid of bruikbaarheid daarvan, bv. vir studie-doeleindes; 2. die sentimentele of gevoelswaarde daarvan, bv. in die trots waarmee die eienaar dit bejeën, of die genot wat die gebruik daarvan verskaf; of, 3. die ekonomiese waarde van die voorwerp, bv. die som geld daarvoor betaal, of die prys wat daarvoor verwag word.

Voorts kan onderskei word die gesigswaarde, die intrinsieke waarde, en die ruilwaarde van 'n bepaalde voorwerp, bv.: 1. die gesigswaarde van 'n bepaalde geldstuk is die som daarop afgedruk; 2. die intrinsieke waarde daarvan is geleë in die hoeveelheid en soort van materiaal waaruit dit bestaan; en, 3. die ruilwaarde is afhanklik van die vorige twee eienskappe. Die wesentlike waarde van 'n gegewe artikel vir 'n bepaalde individu, sal afhang van die onmiddellike of potensiële bevrediging wat die besit of verkryging daarvan in een of ander verband vir die persoon mag inhou.

Die term kan verder in alle rigtings van wetenskaplike ondersoek as objektiewe standaard gebruik word, dikwels onderworpe aan, of toeganklik vir wetenskaplike meting: die dieetkundige kan verwys na die voedingswaarde van 'n bepaalde voedselsoort; die bioloog kan praat van die waarde vir voortbestaan geleë in 'n sekere eienskap van aanpassing in 'n plant of dier; die chemikus kan geïnteresseerd wees in die ontploffingswaarde van 'n sekere mengsel van chemiese bestanddele; die historikus is begaan oor die historiese waarde van 'n bepaalde politieke gebeurtenis; ens., ens.

Ten slotte word dikwels verwys na 'n persoon se sin vir waardes, gewoonlik met betrekking tot die hoër geestelike waardes op terreine soos die estetiese, die etiese of morele, die religieuse, die sosiale, ens.

Uit die voorgaande kan reeds afgelei word hoe veelvuldig en byna onbeperk die term "waarde" - in die gebruik sowel as betekenis daarvan - in die alledaagse en wetenskaplike spraakgebruik voorkom. Benader vanuit 'n individuele of algemeen menslike gesigspunt, skyn die meer algemene gebruik van die term in verband te staan met die "vermoë" wat enigiets besit, of skyn te besit, ter bevrediging van begeertes of behoeftes van die mens. Hierdie bevrediging kan direk geskied, soos in die geval van voorwerpe van onmiddellike bruikbaarheid of genot, of indirek soos in die gebruik van iets as middel tot verwesentliking van 'n toekomstige ideaal. In hierdie verband beweer Badley:

".... Anything that can bring satisfaction seems to us good just in so far as we feel the

need or desire for it.... 'Good' and 'value' are thus related terms. Anything that we regard as good has a value for us. (The recognition of anything as 'good' implies a contrasted 'bad'. Value, therefore, has a negative as well as a positive aspect.)" 1)

Die mens as individu bevind homself reeds vanaf geboorte in 'n eie wêreld van waardes. Hierdie waardes is aanvanklik gesentreer om daardie dinge wat dien tot bevrediging van die basiese sinlike behoeftes, maar brei, al na gelang van die ontwikkeling van die individu as sosiale en geestelike wese, geleidelik uit totdat die waarde-sisteem eindelijk sy ontplooiing vind in die belewing van die hoër geestelike waardes.

Met die klem hedendaags in 'n steeds toenemende mate op die mens as individu, en daarmee samehangend die positiewe belangstelling in die faktore wat bepalend is by die algemene aanpassing en welsyn van die individu, is 'n grondige bestudering van menslike waardes ook van besondere betekenis. Dat die sisteem van menslike waardes in die lewe van die mens - sowel in sosiale as individuele verband - in die motivering van gedrag 'n kardinale rol vertolk, blyk duidelik uit die betekenis en implikasies van die begrip waarde. Dit is dan ook verstaanbaar dat die waarde-begrip in die bestudering van menslike gedrag sterk op die voorgrond tree. Woodruff beweer dan ook: ".... Within the last ten years the value concept has risen sharply from a many-century-old object of mild curiosity to a focal point in studies of human behavior. Its potency as a factor in directing behavior is no longer questioned...." 2)

-
- 1) J.H. Badley, The Will to Fuller Life, 1933, p. 35.
 - 2) A.D. Woodruff, The Roles of Value in Human Behavior, J. Soc. Psychol., 1952, 36, p. 97.

B. ALGEMENE PROBLEEMSTELLING.

Die besondere doelstelling van die huidige studie is om, sowel teoreties as empiries, die probleem van waardes en waardering in die psigologie te ondersoek.

Die vraag na die aard en wese van waardes - in die algemeen en spesifiek - is in sigself 'n probleem in die filosofie wat aanleiding gegee het tot die mees uiteenlopende opvattinge en teorieë, soos weerspieël in die geskiedenis van wysgerige denke. Die belangrikste strydpunt in die filosofie word veral gevind in die vraag of waardes gesien moet word as gegewens wat in 'n normatiewe hoedanigheid onafhanklik van die individueel-menslike waardering bestaan, of dan wel slegs eienskappe is wat deur die individu aan objekte, gebeure, of situasies toegeken word op grond van die besondere betekenis wat die waarde-objekte vir hom inhou.

Word waardes dan in een of ander wesentlike hoedanigheid op die individuele mens betrek, dan word "waarde" en "waardering" begrippe wat in die psigologie nie buite rekening gelaat kan word nie.

Die mate waarin die filosofie en die psigologie t.o.v. die bestudering van waardes geskei kan word, is egter nog geen uitgemaakte saak nie, veral aangesien oorvleueling tussen hierdie twee terreine dikwels kenbaar is in verskeie opsigte. Trouens, histories gesien, het die psigologie sy ontstaan aan die filosofie te danke, en al sou eg. vandag daarop aanspraak maak om 'n afsonderlike en selfstandige wetenskap te wees, is die onderlinge afhanklikheid van en wisselwerking tussen hierdie twee wetenskappe - meer bepaald in soverre die klem

op die mens val - 'n aangeleentheid wat nie uit die oog verloor behoort te word nie.

Aangesien die probleem van die meer spesifieke verband tussen menslike waardes en die aard van die belewing van sodanige waardes (met die klem op lg.) in die psigologie nog weinig aandag geniet het, ¹⁾ is die huidige studie dan ook tot 'n sekere hoogte op wysgerige bronne aangewys. Met die oog op moontlike oorvleueling, wil hierdie studie dan ook geen aanspraak daarop maak om 'n "suiwer" psigologiese benadering van die probleem te wees nie, al sou dan ten minste getrag word om die psigologiese aspek op die voorgrond te stel.

Op 'n terrein soos hierdie sou dit dan juis die besondere taak van die psigologie wees om die waarde-probleem meer spesifiek met menslike gedrag en belewing in verband te bring en, deur gebruikmaking van die empiriese metode, die bestaande filosofiese beskouinge te toets aan meer objektief-wetenskaplike ondersoek en resultaat.

C. TERREIN VAN ONDERSOEK.

In die lig van die omvattende aard van die waarde-probleem, is dit onmoontlik om in 'n studie soos hierdie alle moontlike aspekte daarvan, selfs in oorsig, te dek. Dit is dan ook nie die bedoeling om 'n noukeurige of kritiese uiteensetting van die waarde-begrip vanuit verskeie gesigspunte te gee nie -

1) Die klem het dusver in die psigologie veral geval op die belang van bepaalde waardes in die lewe van die individu of samestelling van die groep, veral m.b.t. individuele- of groeps-verskille t.o.v. sekere waardes, die ontwikkeling van waardes, en die invloed van waardes in die individuele verhouding tot die buite-wêreld.

dit sou ons te diep in kardinale strydpunte in die filosofie lei.

In die volgende hoofstuk word dan 'n uiteensetting gegee van die meer uitstaande teoretiese aspekte t.o.v. die probleem van waardes en waardering, veral in soverre dit die terrein van die psigologie aangaan. Aandag word veral aan die volgende gewy:

1. Enkele filosofiese grondslae van waardes word behandel, met die klem op die algemene ontwikkeling van die waarde-begrip in die filosofie, die indeling en rangorde van waardes, en die probleem van subjektiwiteit versus objektiwiteit t.o.v. die vraag na die wesensaard van waardes.

2. Meer spesifiek word ingegaan op die plek van waardes in die psigologie, waaronder, vanuit enkele gesigspunte, aangetoon word hoedanig en in watter mate die waarde-probleem op die terrein van die psigologie tuis hoort, en die belang van waardes in die lewe van die individu en samestelling van die groep.

3. Die grondliggende probleem van die aard van die proses van waardering word ondersoek; klem word veral gelê op die rol van die algemene gevoelslewe in die belewing van waardes, die waarde-oordeel as die subjektiewe uitingsvorm van die waardering, en die waarderende akte van die persoonlikheid soos dit veral in die gevoelsbelewinge tot uiting kom.

4. In Hoofstuk II word ten slotte oorsigtelik gewys op die mees uitstaande bevindinge van waarde-ondersoek in die psigologie, met 'n kritiese samevatting van die huidige stand van sake in die psigologie

t.o.v. die bestudering van waardes.

In Hoofstuk III word gepoog om, deur gebruik-making van 'n eie metode, die grondliggende faktore in die waarderingsproses te ondersoek, en wel na aanleiding van die analise van waarde-oordele en ander bykomstige verbale reaksies van proefpersone.

In 'n slot-hoofstuk word, uiteindelik, 'n samevattende beskouing gegee na aanleiding van die teoretiese en empiriese ondersoek van die probleem van waardes en waardering in die psigologie.

.....

HOOFSTUK II

DIE WAARDE - PROBLEEM IN DIE PSIGOLOGIE.

A. ENKELE FILOSOFIESE GRONDSLAE VAN WAARDES.

1. 'n Kort Historiese Oorsig van die Waarde- Begrip in die Filosofie:

Die vraag na die aard en wese van waardes, strek ver terug in die geskiedenis van wysgerige denke. Die probleem is dan ook hoofsaaklik op die terrein van die filosofie tuisgebring, meer bepaald op die terrein van die metafisika. Die verwante vraag na die kenne en/of beleving van waardes deur die mens, is deur die filosofie dan ook grootliks by die algemene terrein van waarde-ondersoek ingereken - 'n aspek wat eers onlangs meer positiewe erkenning op psigologiese terrein begin geniet het, hoewel sterk onder invloed van heersende filosofiese beskouinge.

Aangesien dit 'n feitlik onbegonne taak is om 'n volledige oorsig te gee van wat in die geskiedenis van wysgerige denkrigtinge op die terrein van waardes - in die algemeen sowel as spesifiek - gelewer is, en 'n grondige benadering in hierdie verband ook nie van enige besondere betekenis is nie, sal hier slegs getrag word om 'n bondige samevatting te gee van die meer uitstaande beskouinge in die algemeen filosofiese benadering van die waarde-begrip.¹⁾

1) Sien veral J. Hessen, Lehrbuch der Philosophie, Bd. II, 1948, pp. 15 - 18.

Sokrates was die eerste denker van betekenis in die rigting van 'n waarde-filosofie. In sy stryd teen die relatiwisme en subjektiwisme van die Sofiste het dit vir hom veral gegaan om die objektiwiteit en absoluutheid van die (etiese) waardes.

Plato rig hom meer tot die dieptes van die metafisika. Die kern van sy filosofie word in sy "ideë-leer" gevind, wat in sy diepste sin as 'n waarde-leer bestempel kan word, gekulmineer in die idee van die goeie (etiese) en die skone (estetiese) waardes.

In die "vormleer" van Aristoteles word die (etiese) waardes in die kosmiese werklikheid gegrond, waardeur die waardes dan ook 'n sterk kosmologiese eienskap verkry. Hierdie siening word ook in die Skolastiek teruggevind.

In die nuwere waarde-filosofie lewer veral Kant 'n betekenisvolle bydrae. Sy leer staan in teenstelling met dié van Aristoteles, daarin dat hy waardes vanuit die kosmiese in die personale sfeer verplaas. 1) Die wese van Kant se waarde-teorie word gevind in sy analise van wat hy soms "waardigheid" (dignity) en andersins "intrinsieke waarde" noem - 'n eienskap uitsluitlik van die etiese waardes. 2) Dit wat goed is, is onderworpe aan die redelike wil van die mens. 3) Dit is dan ook slegs die goeie wil wat in sigself goed is. Hessen haal Kant soos volg aan: "Es ist überall nichts in der Welt, ja überhaupt auch ausser derselben zu denken möglich, was ohne Einschränkung für gut könnte gehalten werden, als allein ein guter Wille." 4)

1) Vgl. J. Hessen, op. cit., p. 15.

2) Vgl. J. Laird, The Idea of Value, 1929, p. 276.

3) Vgl. ibid., p. 281.

4) J. Hessen, op. cit., p. 15.

Kant se teorie van die estetiese berus op sy analise van die oordeel van die skone: skoonheid, vir Kant, is 'n saak van die redelike oordeel, nie van genot of emosie nie. 1) Waardering van die skoonheid van 'n voorwerp veronderstel geen kennis van die eienskappe daarvan nie, maar "... comes about when there is a general harmony between the powers of the human mind and the form and features of the thing whose beauty we take ourselves to grasp". 2) Die kennis van die waardes is ten slotte te herleibaar tot die alles-omvattende mag van die rede. As rasionele wese (homo noumenon) is die mens in geen opsig gebonde aan sy natuurlike of sin- tuiglike samestelling (homo phenomenon) nie. 3)

Kenmerkend van die periode na Kant is die belangstelling in die gevoel en wil t.o.v. die kenne (of belewing) van waardes. Schulze en Herbart verbind waarde hoofsaaklik met die gevoel, terwyl Lotze en Benecke veral klem lê op die intieme vervlegting van waardes met die geheel van die persoonlikheid. 4)

Hessen is van mening dat Lotze tereg as die vader van die moderne waarde-psigologie beskou kan word. Hy (Lotze) onderskei duidelik tussen die begrippe "waarde" en "werklikheid" (Wert und Sein). Terwyl die werklikheid deur die verstand gegryp word, word die waardes geestelik deur die gevoel beleef. Lotze is dan ook van oortuiging

".... dass in jenem Gefühl für die Werte der Dingen und ihrer Verhältnisse unsere Vernunft eine ebenso ernst gemeine Offenbarung besitzt, wie sie in den Grundsätzen der verstandmässigen Forschung eine unentbehrliches Werkzeug der Erfahrung hat". 5)

1) Vgl. J. Laird, op. cit., p. 276.

2) Ibid., p. 277.

3) Vgl. ibid., p. 283.

4) Vgl. J.A.L. Taljaard, Die Ontiese Status van Waarde, 1948, p. 5.

5) Aangehaal J. Hessen, op. cit., p. 16.

Meer spesifiek t.o.v. die vraag na die subjektiewe waardering is die sgn. Tweede Oostenrykse Skool van kardinale betekenis, veral in die leringe van die grondleggers Frans von Brentano, Alexius von Meinong, en Christian von Ehrenfels, en voortgesit deur Th. Hearing en W. Gruehn.¹⁾ Die Skool lei 'n geheel nuwe benadering van die probleem van waardes in deur hom te bepaal by die aard van waardering as proses, eerder as die aard van die waarderingsobjekte as sodanig. In die spesifieke siening van die probleem uit die gesigspunt van die funksionering van die waarderingsproses, nl. dat die waardes alleen kenbaar is deur 'n subjektiewe (individueel-menslike) waardebelewings te veronderstel wat as sodanig die aard van die waardes bepaal en daardeur die geïsoleerde werking van die sintuie en rede in die kenne van waardes te bowe gaan, word hierdie Skool as fundamenteel verskillend van hul voorgangers op die terrein van waardes gekenmerk. 'n Basiese veronderstelling is dan ook dat waardes alleen bestudeer kan word as synde die produkte van die unieke psigologiese proses van waardering.

Die meer spesifiek psigologiese benadering van die Oostenrykse Skool vind veral aanleiding in die werk van Von Brentano: "Vom Ursprung Sittlicher Erkenntnis", 1889. Van die grondsoorte van die psigiese gegewens, volgens Brentano, nl. voorstellinge, oordele, en gemoedsaandoeninge (gevoelsbelewinge), is slegs lg. t.o.v. die waarde-belewings van betekenis.²⁾

Onder invloed van Brentano kan veral die vol-

1) Vgl. H.O. Eaton, The Austrian Philosophy of Values, 1930, pp. 15 - 39.

2) Vgl. J. Hessen, op. cit., p. 17.

gende rigtinge in die waarde-ondersoek onderskei word: 1)

- a) Die Psigologiese Waarde-Filosofie, met grondleggers A. von Meinong en Chr. von Ehrenfels, en verder voortgesit deur Th. Hearing en W. Gruehn;
- b) Die Nuwe-Kantiaanse Waarde-Filosofie, met grondleggers, o.a., W. Windelband en H. Rickert;
- c) Die Nuwe-Fichtiaanse Waarde-Filosofie, met veral H. Münsterberg en W. Stern as grondleggers;
- d) Die Fenomenologiese Waarde-Filosofie, met M. Scheler en N. Hartmann as grondleggers.

Ander hedendaagse teorieë oor waarde spruit voort uit die werke van Dewey, Perry, Moore, Russell, Santayana, Sorley, Laird, e.a.

Die verandering in sienswyse wat in die algemene benadering van die waarde-begrip kenbaar is, is tot 'n groot mate toe te skryf aan die vertroue in die nuwere metodes van die empiriese psigologie. Dit was veral die Mills, Bain, Lotze, en Wundt, Weber en Fechner, wat die aandag van die psigologie gerig het op die veld van empiriese ondersoek, in teenstelling van die metafisiese benadering van die probleme rakende die verhouding tussen siel en liggaam. Sodanige veranderinge in die psigologie moes dan ook noodwendig weerklank vind in die benadering van waardes, en sou daartoe lei dat die waarde-probleem teen die laaste kwart van die negentiende eeu op 'n kruispad gestel is. 2)

1) Vgl. *ibid.*, pp. 17 - 18.

2) Vgl. H.O. Eaton, op. cit.

Uit die voorgaande oorsig van die algemene ontwikkeling van die waarde-begrip, blyk dan dat die probleem sy oorsprong het in die spekulatiewe metafisika van die vroeëre wysgere. Waardes word dan geleidelik meer spesifiek op die mens betrek as 'n wesentlike aspek van algemeen menslike belewing. Hierdeur tree die psigologie - al was dit aanvanklik uiters spekulatief in benadering - sterk op die voorgrond. Die probleem van menslike waardes en die daarmee-gepaardgaande probleem van die kenne en/of belewing van sodanige waardes, is dan ook besig om meer bepaald 'n aangeleentheid vir die psigologie te word: die moderne neiging is om die waarde-sisteem van die individu en groep te benader as 'n grondliggende faktor in die motivering van menslike gedrag.

2. Die Indeling en Rangorde van Waardes:

Besondere aandag is in die waarde-filosofie gewy aan die indeling van waardes, onder meer in die werke van H. Münsterberg, H. Rickert, W. Stern, N. Hartmann, e.a. Dit is vir ons hier egter nie van belang om breedvoerig in te gaan op die verskeidenheid van indelinge of klassifikasies van waardes nie, en ons gee slegs 'n oorsigtelike uiteensetting van die meer algemene indeling van waardes in:

a) die sinlike- of laer waardes, en b) die geestelike- of hoër waardes. 1)

1) Vgl. J. Hessen, op. cit., pp. 67 - 72.
Vgl. verder die gevoelsindeling in laer en hoër gevoelens:
A. Kuypers, Inleiding in de Zielkunde, 1953, pp. 209 ff., en
P.A. Hoogwerf e.a., Wat Leert u de Zielkunde, 1951, pp. 130 ff.
Sien ook E. Spranger, Types of Men, 1928: indeling van persoonlikheidstipes in die Teoretiese-, die Ekonomiese-, die Estetiese-, die Sosiale-, die Politieke-, en die Religieuse tipe.

a) Die Sinlike- of Laer Waardes:

Op hierdie terrein kan die volgende onderskei word:

(1) Luswaardes of hedonistiese waardes wat hoofsaaklik betrekking het op sinlike gevoelsbelewinge van lus en bevrediging (of onlus en nie-bevrediging) t.o.v. liggaamlike behoeftes en drange.

(2) Lewens- of vitale waardes, behorende tot die beleving van gesondheid, liggaamskrag, ens.

(3) Nuttigheidswaardes, wat saamhang met die ekonomiese waardes, en alles omvat wat dien tot die bevrediging van die behoefte aan noodsaaklike lewensmiddele.

b) Die Geestelike- of Hoër Waardes:

(1) Logiese waardes:-

Hier moet, volgens Hessen, duidelik onderskei word tussen die kenfunksie en die keninhoud. Die kenfunksie omvat die waardes van die kenne, die wete, die waarheidsbesit, en die strewe na kennis. Die keninhoud daarteehoor omvat alles wat onder die teenstellingspaar waar-onwaar val, en dus wel 'n waarheid (of onwaarheid) veronderstel, maar geen waarde as sodanig nie. Om dus "waarde" met "logiese geldigheid" gelyk te stel, sou 'n verlogisering van die waardes wees. As voorbeeld van so 'n "verlogisering" kan die volgende stelling van Jessup aangehaal word: "... two plus two equals

four; the equation expresses truth, an intellectual value." 1) Dit is egter duidelik dat dit hier eerder gaan om 'n waarheid (intellektuele oordeel) as 'n waarde of waarde-oordeel.

Ook Scheler beklemtoon dat waarheid as sodanig geen waarde is nie:

"Wahrheit ist überhaupt kein 'Wert'. Es hat einen guten Sinn, den Akten des Suchens, des Forschens nach Wahrheit Wert beizulegen; auch die Erkenntnis der Wahrheit ist selbst noch ein Wert; aber Wahrheit als solche ist kein Wert." 2)

Van 'n teoretiese oordeel kan dan ook nie afgelei word "das es 'gut' oder 'schön' sei" (Scheler).

In die huidige verband beweer Hessen verder:

"Die Wertsphäre ist eine atheoretische Sphäre. Sie ist auf die emotionale Seite des Geistes Hingeordnet..... Werte sind wesensmässig bezogen auf ein fühlende Subjekt. Wert ist immer etwas, was unser (Wert-) Gefühl anspricht. Ein wahres Urteil dagegen, etwa der Satz: Zweimal zwei ist vier, richtet sich ausschliesslich am unseren Verstand; nicht mit dem Herten, mit dem Gefühl, sondern mit dem klaren und nüchternen Verstande erfassen wir ihn." 3)

Die logiese waardes is dan, ten slotte, slegs geleë in die funksionele aspekte van die wete, die kenne, en die waarheidsstrewes; en daar moet onderskei word tussen 'n waarde-oordeel en 'n ware- (of valse-) oordeel.

(2) Etiese waardes (waardes van die sedelik goeie) word, volgens Hessen, deur die volgende gekenmerk:

1) B.E. Jessup, Relational Value Meanings, 1943, p. 55.

2) Aangehaal J. Hessen, op. cit., p. 68.

3) Ibid., p. 68.

- (a) Alleen 'n persoon kan die draer van die etiese waardes wees; alleen 'n mens as geestelike wese kan die sedelike verwesentlik. Die terrein van hierdie waardes is derhalwe veel enger as, bv., dié van die estetiese.
- (b) Etiese waardes heg hulself aan reële draers, en word in hierdie opsig van die estetiese onderskei.
- (c) Die etiese word gekenmerk deur die daarstelling van die absolute eis of verpligting van "du sollst", wat nie op die estetiese van toepassing is nie.
- (d) Etiese waardes maak aanspraak op universaliteit; dit word nie op enkelinge betrek nie, maar word gerig op alle mense ter verwesentliking daarvan, en word daarin dan ook van die estetiese onderskei.
- (e) Ten slotte maak die etiese aanspraak en tree as maatstaf op van die geheel van die menslike lewenswyse.

(3) Estetiese waardes (waardes van die skone) word, in onderskeid van die etiese, veral deur die volgende gekenmerk:

- (a) Die estetiese is nie soseer op persone nie, as op objekte as draers van die skoonheid betrek.
- (b) Estetiese waardes berus in wese op skyn; die estetiese werklikheid is 'n skyn-werklikheid. Skoonheid is die "sinnliche Scheinen der Idee" (Hegel).
- (c) Die estetiese is aanskoulik gegee - 'n aanskoulikheid wat nie in die etiese gevind word nie. Die skoonheid van 'n objek impliseer "ein anschaulich Erlebtes, das uns unmittelbar gegeben ist" (Rüssel). Hierdie "Anschauung" is nie slegs gegee in die visuele nie, maar ook in die akoestiese, die fantasie, ens. Ook die tragiese, die verhewene, ens., kan tot die terrein van die estetiese gereken word.

(4) Religieuse waardes (waardes van die Heilige) word onderskei van die etiese waardes en staan in betrekking tot die estetiese waardes in die opsig dat dit

nie waaardes is van behore (Sollenswerte) nie, maar van syn (Seinswerte). Voorts is die religieuse of godsdienstige as werklikheid gegee teenoor die skynwerklikheid van die estetiese. Die religieuse waardes word dan deur die volgende gekenmerk:

- (a) Dit is waarde en syn tegelyk - is 'n waarde-realiteit;
- (b) Dit besit 'n besondere en spesifieke waarde-kwaliteit - die Heilige is onafhanklik van die ander waardes.
- (c) Op die syns- en waarde-karakter van die religieuse waardes berus die transendensie daarvan - dit lê wesentlik buite die sfeer van die kosmiese.
- (d) Nieteenstaande die transendensie van die religieuse waardes, staan die ander geestelike waardes in 'n noue funderingsverhouding daarteenoor.

Naas die Logiese- (Teoretiese-), Estetiese-, Etiese-, en Religieuse waardes, word op die terrein van die hoër geestelike waardes dikwels ook onderskei die Sosiale waardes, die Ekonomiese waardes, en die Politieke- of Magswaardes.¹⁾

Die rangorde van die waardes is in hoofsaak reeds kenbaar in die voorgaande indeling in laer en hoër waardes. Wanneer hier van "laer" en "hoër" gepraat word, gaan dit geensins om die mate waarin die mens van hierdie waardes afhanklik is nie - in teendeel - dit is juis die sgn. laer waardes wat vir die menslike voortbestaan onontbeerlik is. Dit is

1) Vgl. E. Spranger, op. cit., veral pp. 109 - 246. Dit is opmerklik dat hierdie sesvoudige indeling nie die Etiese as 'n afsonderlike terrein van waardes erken nie, en wel omdat, volgens Spranger, ".... morality does not represent a special sphere of life, but only a form which may or may not be felt in all spheres." (Sien p. 249).

egter eers in die uitbouing en belewing van die hoër waardes dat die mens hom as mens (in onderskeid van die dier) onderskei.

'n Klassieke beskouing wat dikwels in die filosofie terug gevind word, is dat die hoogste waardes geleë is in dit wat aan die mens die blywendste en volste bevrediging gee, en derhalwe die waardes op die volgende terreine behels: 1)

- a) die terrein van kennis, wat ten doel het die ontdekking van die waarheid in beide die buite-wêreld sowel as op die gebied van die menslike denke;
- b) die terrein van die skoonheid soos in die natuur deur die sintuie gegryp, of geskep deur die verbeelding op die gebied van die kunste;
- c) die terrein van die goedheid, spruitende uit die menslike gedrag in sy verhouding tot sy medemens, en gegrond in die morele sin.

Hoewel nie spesifiek as sodanig bestempel nie, sou die indeling van die Wetskringe deur H. Dooyeweerd en D.H.Th. Vollenhoven (De Wijsbegeerte der Wetsidee) as 'n besondere uitgangspunt kon dien vir 'n meer volledige sisteem van algemeen menslike waardes sowel as 'n aanduiding van die spesifieke rangorde van die waardes. 2)

Dit gaan vir ons hier egter nie om 'n breedvoerige en spesifieke aanduiding van sowel die verskeidenheid as rangorde van waardes nie, en ons volstaan by die beskouing dat a) die geestelike waardes verheue is bo die sinlike; b) die geestelike waardes gekenmerk word deur 'n innige samehang en onderlinge

1) Vgl. J.H. Badley, *The Will to Fuller Life*, 1933, p.61.

2) Vgl. J.M. Spier, *Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee*, 1946, pp. 50, 68 - 94.
Sien ook H.G. Stoker, *Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee*, 1933, en
E. Spranger, op. cit., pp. 278 - 303.

wisselwerking; en, c) die hoogste waardes gevind word op die gebied van die religieuse, en dat alle ander waardes daarin gefundeer is. 1)

3. Die Wese van Waardes:

Die mees omstrede vraagstuk in die filosofie t.o.v. die wesensaard van waardes is, naamlik, of waardes as sodanig as objektiewe hoedanighede gegee is, of dan wel subjektief van aard is.

Onder objektiwiteit van waardes kan, in hoofsaak, een van die volgende moontlikhede verstaan word:

- a) Dat (sommige) waardes, soos die etiese, die estetiese, die religieuse, ens., as sodanig verhewe is bo, en onafhanklik van enige vorm van menslike beleving of oordeel daarvan bestaan - d.w.s., dat dit 'n absolute bestaansreg in sigself het en dat die betrokke waarde as 'n intrinsieke eienskap in die draer daarvan gegee is.

G.E. Moore is, o.a., 'n voorstander van so 'n absolute of intrinsieke teorie van waarde, waarvolgens waarde as 'n fundamentele eienskap van die werklikheid beskou word, en nie verder geanaliseer of omskryf kan word nie. Volgens hierdie gesigspunt kan waarde nie nader bepaal word as, bv., "goed vir" of "waardevol vir" nie, maar slegs in terme van "goedheid" of "waardevolheid" uitgedruk word. Goedheid is slegs

1) Vgl. J. Hessen, op. cit., pp. 74 - 75.

afhanklik van die intrinsieke aard van dit wat die eienskap "goedheid" besit. 1)

'n Bepaalde daad is bv. volgens hierdie bepaling goed, ongeag die aard van enige morele kodes wat in hierdie verband in 'n bepaalde gemeenskap en onder bepaalde omstandighede mag bestaan; 'n landskap besit die eienskap van skoonheid, of dit deur die mens as sodanig beleef word of nie.

- b) Dat waardes onafhanklik van die waarde-bepaling van die mens as individu bestaan - d.w.s., dat dit 'n bestaansreg as sodanig het alleen in soverre dit vir alle mense as waardes kan geld. 'n Bepaalde daad sou dus sedelik goed wees alleen wanneer dit as goed vir alle mense onder alle omstandighede sou kon geld, ongeag of die individu dit as goed beoordeel. In hierdie verband merk Hessen op:

".... Werte sind bezogen auf das menschlichen Subjekt überhaupt, d.h. auf das, was allen menschlichen Individuen gemeinsam ist. Es ist jene tiefere Seinschicht in den einzelnen Individuen, die den Objektiven Grund dafür abgibt, dass sie alle Menschen sind." 2)

Onder subjektiwiteit van waardes word verstaan dat waardes gebonde is aan en afhanklik is van die belewing en/of oordeel van die individuele subjek; m.a.w., waardes bestaan alleenlik as kwaliteite of eienskappe wat deur die individu aan objekte, gebeure, of situasies toegeken word, en wel op grond van die

1) Vgl. B.E. Jessup, op. cit., pp. 49 - 50.

2) J. Hessen, op. cit., pp. 29 - 30.

besondere verhouding waarin hy tot sodanige waarde-objekte staan. Waardes bestaan dus slegs in soverre as wat, en wanneer die objekte van waarde op die individuele (waarderende) mens betrekking het.

Die uiterste subjektivistiese opvattinge huldig die beskouing dat niks behalwe 'n bepaalde geestes- of gemoedstoestand (genot, begeerte, belangstelling, ens.) nodig is vir die bestaan van waardes nie. Vir De Witt Parker is waarde geleë in die "belangstelling in enige objek" (vir Perry: "die objek van enige belangstelling").¹⁾ Parker gaan selfs so ver om te beweer dat belangstelling (en dus ook waardes) kan bestaan sonder dat dit op enige objek gerig hoef te wees: "... In music desires are objectless; we desire, but desire nothing." ²⁾

Onder "subjektiewe" of "psigologiese" teorieë van waarde word dan verstaan alle teorieë wat waarde direk in verband bring met nie-kognitiewe geestelike prosesse of toestande in die individu, en wel op grond van die besondere verhouding waarin hy onder gegewe omstandighede tot die objektiewe wêreld staan.

Hoewel alle subjektiewe waarde-teorieë nie deurgaans en konsekwent 'n enkele en spesifieke faktor in die houding of toestand van die individu afsonder as synde uitsluitlik bepalend vir die hoedanigheid van die waarde-situasie nie, is daar tog in die meeste van hierdie teorieë 'n sekere faktor (of faktore) te vind wat as primêr beskou kan word. Die volgende verteenwoordig die belangrikste aspekte van die ver- naamste teorieë in hierdie verband:

1) Vgl. B.E. Jessup, op. cit., p. 2.
2) Aangehaal, ibid., p. 2.

Die hedonisme huldig die beskouing dat die verkryging van genot of plesier die einddoel van die menslike bestaan verteenwoordig. Op psigologiese terrein heers dan die opvatting dat die nastrewe van lus (genot) en die ontwyking van onlus (pyn) die uitsluitlike dryfvere van menslike handelinge is. Die hoogste positiewe waardes vir die mens is dus geleë in dit wat die groots moontlike genot verskaf; negatiewe waardes in dit wat die meeste (psigiese) pyn tot gevolg het. Vir Prall is waarde dan ".... an active transaction between an enjoying subject and an object enjoyed", en verder: ".... the being liked, or disliked, of the object is its value." 1)

Waarde is, o.a., vir Lund, Parker, en Alexander geleë in die bestaan van 'n bepaalde behoefte in die subjek sowel as die mate van bevrediging van die behoefte deur 'n sekere objek. Die lewe kry betekenis en waarde slegs in die bestaan van 'n behoefte, en die bevrediging van so 'n behoefte is die einddoel van die strewe van die individu en die groep. 2) Die graad van waarde is dan geleë in die mate van bevrediging wat die betrokke voorwerp bied: ".... things do not really have value; they only borrow value from the satisfactions corresponding." (Parker) 3)

Perry is die belangrikste voorstander van die teorie dat waarde afhanklik is van die belangstelling van die individuele subjek in 'n objek. Waarde is dan vir Perry ".... any object of any interest. a thing - any thing - has value, or is valuable, in the original or generic sense when it is the object

1) Aangehaal, M.W. Calkins, Value: Primarily a Psychological Conception, Phil., 1928, 3, p. 418; en

B.E. Jessup, op. cit., p. 114.

2) Vgl. F.H. Lund, Emotions of Men, 1930, pp. 335 - 341.

3) Aangehaal, B.E. Jessup, op. cit., p. 63.

of an interest - any interest. Or, whatever is object of interest is ipso facto valuable." 1)

Alexander beklemtoon die aspek van waardering in die totstandkoming van waardes: ".... the value of the object is not something which is already in the things themselves, but is born along with the act of appreciation. The value belongs to the object of value in so far as the valuing subject appreciates it." 2) Waardering (valuation) is dan vir Alexander ".... the act of mind whereby we attach value to an object or regard it as valuable in the same sense as we call an object pleasant because it gives us pleasure". 3) Die skoonheid van 'n mooi voorwerp is dus nie 'n hoedanigheid daarvan nie, maar is die eienskap wat dit besit ".... of satisfying in its material form a certain impulse of the mind. Its relation to the mind is its value and is experienced as pleasure." 4)

Santayana, Dewey, e.a., herlei waardes veral tot die voorkeur van die individu vir 'n bepaalde objek: ".... there is no good apart from some preference of it before its absence or opposite." (Santayana) 5)

Von Ehrenfels, o.a, meen dat waarde toegeskryf word aan daardie dinge wat ons begeer. Die omvang van die waarde staan dan ook in verhouding tot die werklike graad van begeerte wat op die voorwerp van begeerte gerig is: ".... the stronger we desire an object or would desire it, the higher the value

-
- 1) R.B. Perry, Realms of Value, 1954, p. 3.
 - 2) Aangehaal, M.W. Calkins, op. cit., p. 415.
 - 3) S. Alexander, Beauty and other forms of Value, 1933, p. 7.
 - 4) Ibid., p. 183.
 - 5) Aangehaal, E.E. Jessup, op. cit., p. 63.

which it possesses for us." 1) En verder: "We do not desire things because we apprehend (erkennen) in them that mystic, intangible essence, 'value', but rather, we attribute value to things because we desire them." 2)

Die strekking van die meeste psigologiese literatuur in die voorgaande verband, en die merendeel van die voorgaande teorieë hou direk met gevoelsbeleving verband, of veronderstel die invloed van die gevoelsfaktor in een of ander hoedanigheid. Die gesigspunt van gevoel as die 'n primêre faktor in die waarde-beleving, word veral beliggaam in die Tweede Oostenrykse Skool (Von Brentano, Von Ehrenfels, en von Meinong) en verder deur Urban uitgebou. Tussen die opvattinge van Von Meinong, Von Ehrenfels, en Urban, heers egter sterk meningsverskil oor die vraag omtrent die mees fundamentele in die waardering: gevoel of begeerte. 3)

Die vraag ontstaan nou in hoeverre waardes, in die wesentlike hoedanigheid daarvan, uitsluitlik geleë kan wees in 'n bepaalde "instelling" van die waarderende subjek - d.w.s., in hoeverre kan genot, bevrediging, belangstelling, appresiasie, begeerte, ens., in die uitdrukking daarvan as die wesentlike van die waardering-situasie bestempel word, en as sodanig die "beliggaaming" van waardes wees. Word die subjektiewe hoedanigheid as sodanig bepalend vir die bestaan van waardes, kan nie terselfdertyd na 'n objek verwys word as 'n waarde, of as besittende die eienskap van "waardevolheid" nie.

1) Aangehaal, H.O. Eaton, op. cit., p. 183.

2) Aangehaal, M.W. Calkins, op. cit., p. 415.

3) Vgl. H.O. Eaton, op. cit.; en
W.M. Urban, Valuation: Its Nature and Laws, 1909.

Na aanleiding van die uiteenlopende aard van die verskillende subjektiewe teorieë oor waarde, kom Jessup tot die gevolgtrekking dat 'n suiwer subjektiewe teorie van waarde nie moontlik is nie

".... because it deals in concepts some of which at least cannot together be given constitutive place in the value category, and which separately cannot be excluded from it without disregard or misrepresentation of commonly recognized value data. What is needed is an objective value concept in terms of which the various data can be understood and in reference to which they can all be placed. It is then possible, for example, to speak consistently, and without neglect of any single element of the pleasure or satisfaction in, the desire for, and the approval of a given value. But, if pleasure, satisfaction, desire, and approval be themselves made the defining concepts, necessarily rival and inconsistent value theories will result." 1)

Hierdie eensydige beklemtoning van die subjektiewe element t.o.v. die wese van waardes, skyn alleen vermy te kan word deur naas die subjektiewe ook 'n element van objektiwiteit in die bestaan van waardes te erken.

Dit blyk dat, afgesien van die uiterste objektiewe (absolute) teorieë oor waarde, algemeen aanvaar word dat waardes veronderstel word deur "ein Ich welches wertet" (Stern). Hessen, 'n voorstander van die objektiewe bestaansreg van waardes, beweer dan ook dat ".... in Begriff des Wertes (liegt) die Beziehung ein werterlebendes Subjekt eingeschlossen. Wert ist immer Wert für jemand. Wert ist die Eigenschaft eines Dinges, die ihm in bezug auf ein wertfühlendes Subjekt zukommt." 2)

Indien waardes egter gesien word as uitsluitlik afhanklik van die psigiese belewinge van die individu, ".... (then) value becomes entirely relative to, or

1) B.E. Jessup, op. cit., pp. 97 - 98.

2) J. Hessen, op. cit., p. 28.

even dependent upon either the individual or the social group" 1) 'n Verwarring ontstaan dan noodwendig tussen die objek van die bewussyn en die bewussyn self. Om derhalwe 'n algehele subjektiwisme te voorkom ".... we must recognize that some at least of the qualities exist independently of the individual that perceives them". 2) Sodanige onafhanklike kwaliteite is dan uitsluitlik objektief, en behoort nie verwar te word met die subjektiewe aspekte van die psige wat in die proses van waardering die grype van die waardes bepaal nie. Hierdie gesigspunt word deur Turner as volg saamgevat:

".... In the same way that some realists regard the colours of a sunset or picture as objectively real, while the perception of them pertains to the observing mind, so the artistic values of both are equally objective, and thus essentially distinct from the emotional and aesthetic response that arises in the individual's experience. It is, in short, this response which is subjective, while the value which arouses it is objective.... It is not any given value in itself that is relative to the individual, but simply the responsive appreciation which this arouses within his mind." 3)

Alhoewel die waarde wat deur 'n bepaalde individu beleef word dus in 'n besondere mate deur subjektiewe toestande bepaal word, is hierdie waarde net so min die uitsluitlike produk van die gevoel as wat die buite-wêreld die produk is van die waarneming daarvan en sonder 'n objektiewe bestaan. 4)

Waarde veronderstel dan altyd 'n verhouding tussen twee faktore: aan die een kant die gevoel van waardering (psigiese instelling) in die individu -

-
- 1) J.E. Turner, The Problem of Value, Phil., 1928, 3, p. 41.
 - 2) Ibid., p. 41.
 - 3) Ibid., pp. 42 - 43.
 - 4) Vgl. J.H. Badley, op. cit., pp. 36 - 37.
Vgl. ook W.G. Everett, Moral Values, 1929, pp. 151 - 153.

aan die ander kant die objektiewe hoedanigheid wat in die waarderingsproses gegryp word. ".... The most prudent position", volgens Von Ehrenfels, "would be that which should content itself with conceiving value as a relation between any object and a psychic subject." 1)

Die belangrikste dwaling van beide die hedonistiese (subjektiewe) en die anti-hedonistiese (objektiewe) teorieë van waarde is geleë in hul eensydige beklemtoning van slegs die een kant van die verhouding: "The hedonist has separated the subjective, affective factor of the process and given it exclusive recognition; whereas the anti-hedonist, disregarding this element, has emphasized the objective, ideational factor." 2)

Uit die voorgaande kan dan tot die gevolgtrekking geraak word dat die begrippe "subjektief" en "objektief", - soos in die huidige verband gebruik - beskrywend is van onderskeie hoewel onskeibare aspekte van 'n terrein van menslike aktiwiteit, en wel van die proses van waardering. 3)

Ten slotte kan dan opgemerk word dat die wese van waardes gesien moet word in die lig van die totale situasie waarby sowel 'n gewaardeerde objek (met objektiewe waarde-eienskappe) as 'n waarderende subjek (met 'n subjektiewe "instelling" teenoor die waarde-objek) inbegrepe is.

Wat egter ookal die filosofiese strydpunte aangaande die wesentlike aard van waardes, die psigolo-

1) Aangehaal, M.W. Calkins, op. cit., p. 417.

2) W.G. Everett, op. cit., p. 153.

3) Vgl. H.G. Schrickel, On the Objectivity of Aesthetic Values, Psychol. Rev., 1943, 50, p. 625.

Sien ook B.E. Jessup, op. cit., p. 2; en W.M. Urban, op. cit., pp. 17 - 18.

gie kom te staan voor die individu (of groep) in sy verhouding tot die wêreld van waardes. Hieruit volg dan ook 'n erkenning van die verskille in die belewing en/of oordeel van algemene en spesifieke waardes, gegrond op die basiese psigologiese beginsel van individuele en groepsverskille waardeur sodanige waardes sterk individuele of groepseienskappe verkry. In hierdie verband beweer Badley: "There is nothing in which we differ more than in our sensitivity to values of different kinds. It is partly a matter of temperament and partly of psychological development."¹⁾ Die klem val vir ons dus op die subjektiewe element t.o.v. waardes soos kenbaar in die verskille in graad en aard van die waardebelewing of die waarde-oordeel.

B. DIE PLEK VAN WAARDES IN DIE PSIGOLOGIE.

1. Waarde as 'n Psigologiese Begrip:

Die mate waarin die waarde-probleem op die terrein van die psigologie tuis hoort, hang wesentlik af van die betekenis wat aan die begrip waarde geheg word. Soos reeds uit die voorgaande benadering van die filosofiese grondslae van die waarde-begrip blyk, word "waarde" meer algemeen omskryf met verwysing na die bepalers daarvan soos in die psigiese of geestelike lewe van die mens gegrond.

As dit dan, o.m., die taak van die psigologie is om die verband aan te toon tussen fisiese en psigiese objekte, dan behoort die waarde-probleem - in soverre dit die verhouding van die waarderende mens tot die

1) J.H. Badley, op. cit., p. 49.

die objekte van waarde aangaan - wesentlik tot die terrein van die psigologie.

Hoewel, volgens Urban, waarde-objekte, as bloot fisiese objekte, tot die normatiewe wetenskappe behoort en dus nie die materiaal van die psigologie alleen is nie -

".... inasmuch as they are projections beyond the individual, nevertheless the processes by which they have been projected and objectified and the processes by which the **individual**, when once they have become psychical objects, participates in their meanings - in other words, the presuppositions, conative and cognitive, which determine his feeling attitude toward them - are distinctly the material of psychological study". 1)

Calkins kritiseer **sekere** opvattinge t.o.v. die plek van 'n teorie van waardes in verskeie intellektuele rigtinge, veral a) die aanspraak wat gemaak word deur die pragmatisme en humanisme op 'n uitsluitlike belang in waardes; b) die algemene neiging om die wetenskappe, wat dan slegs belang in feite sou hê, te onderskei van die filosofie (of metafisika) wat onder meer te doen sou hê met die studie van waardes - 'n sienswyse wat berus op die misleidende veronderstelling dat feite en waardes teenoor mekaar staan as totaal verskillende soorte van werklikhede; en, c) die hedendaagse neiging om alle studies van waardes - wetenskaplik en metafisies - te verenig in 'n afsonderlike studie-terrein, t.w. van die "aksiologie" (Urban) of "algemene teorie van waarde" (Perry). 2)

Voorts verwerp Calkins die opvatting dat die wesentlike aard van die tradisionele waardes - skoonheid, goedheid, waarheid - as 'n objektiewe hoedanigheid van die waarde-objekte bestaan, 3) en definieer

1) W.M. Urban, op. cit., pp. 13 - 14.

2) Vgl. M.W. Calkins, op. cit., pp. 425 - 426.

3) Vgl. ibid., pp. 413 - 415.

"waarde" as "the object of the valuing experience". 1)

Die vraag ontstaan dan vir Calkins:

".... if the values are not the exclusive concern of metaphysics as a whole, and if, further, the study of the values does not constitute a science by itself, where then does the study of values belong, under what flag should it sail?"

Hieruit volg dan:

".... A value is an object valued; valuing is the experience of a self; experiencing selves, and their experiences, constitute the topic of psychology. The concept of value is accordingly predominantly psychological." 2)

"Psigologie" wil ons dan hier definieer as die wetenskap wat te doen het met die bestudering van psigiese en psigies-geestelike prosesse, sowel as met die objekte van sodanige prosesse, en in 'n sekere mate van fisiologiese prosesse in soverre lg. in een of ander verband in betrekking staan tot sodanige prosesse en objekte. 3)

Ten opsigte van waardes het die psigologie dus, soos uit voorgaande beskouings blyk, in die eerste plek belang in die aard van die verhouding tussen die mens (as individu of groep) en die wêreld van waardes - 'n verhouding wat in die waarderingsproses tot uitdrukking kom. Met die waarderingsproses as uitgangspunt, gaan dit dan noodwendig ook om die aard en verskeidenheid van die waarde-objekte soos gegryp deur die individu, en wel op grond van 'n eiesoortige persoonlikheids-samestelling en algemene omgewings-faktore - wát dan ookal die uitspraak van die filosofie t.o.v. die wesentlike eienskappe van algemene en/of spesifieke waardes.

1) Ibid., p. 24.

2) Ibid., p. 426.

3) Vgl. L.A. Reid, A Study in Aesthetics, 1931, p. 25.

2. Waardes en die Individu:

Die probleem van waardes is in die psigologie dan in die eerste plek te bestudeer met die individu as uitgangspunt, veral in die lig van die sterk subjektiewe betekenis van waardes in die lewe van die individu. Woodruff omskryf "waarde" dan ook as:

".... any object, condition, or activity which the individual feels has an effect on his well-being. Values exist on a continuum for each individual from the highest positive, through a neutral area, to the highest negative effect. The individual seeks the positive values, ignores the neutral values, and shuns the negative values." 1)

Die gedrag van die individu (sowel as die groep) kan dan ten slotte herlei word tot 'n neiging tot ontwyking van negatiewe waardes en tot toenadering t.o.v. positiewe waardes. Waardes vorm dus wesenlik die grondslag in die motivering van menslike gedrag.

Omdat waardes dan bepaalde funksies in die menslike gedrag vervul, is dit nie iets abstraks nie, ".... but specifically and concretely attached to whatever referents have proved to be effective in past experience". 2) Waarde is dus deel van die begrip wat die individu van aspekte uit sy omgewing het; beidedie begrip en die waarde waarop die begrip gerig is, is produkte van die geestelike prosesse van die individu, gevorm deur wisselwerking tussen die individu en die waarde-objekte. Nóg die begrip, nóg die waarde stem noodwendig ooreen met die werklikheid, maar dit bepaal nogtans die gedrag van die individu in dié opsig dat reaksies teenoor objekte in 'n groot mate beheer word deur wat die individu verwag die uitwerking van sodanige objekte op hom sal wees.

1) A.D. Woodruff, *The Roles of Value in Human Behavior*, J. Soc. Psychol., 1952, p. 97.

2) *Ibid.*, p. 97.

Vir Woodruff is alle gedrag 'n poging om verstourings te verwyder en 'n gevoel van self-welsyn te bewerkstellig, en derhalwe ego-sentries en aanpassend. Gevolglik is alle waardes dan ook ego-sentries, en verkry hul betekenis vir die individu alleen in die mate waartoe hy deur sodanige waardes geaffekteer voel. 1)

Individue verskil egter grootliks in die mate van "deelname" aan waardes, veral m.b.t. die geestelike waardes. Nogtans is 'n groot mate van ooreenstemming tog ook kenbaar - ooreenstemming wat toe te skryf skyn te wees aan opvoeding, tradisies van die gemeenskap waarin die individu ontwikkel, en die ras waartoe hy behoort - faktore wat die kenmerkende verskille in waardes wat in dieselfde individue op verskillende tye en op dieselfde tyd in verskillende individue bestaan, behoort te verklaar. 2)

3. Waardes en die Gemeenskap:

Waardes kan egter ook 'n sterk sosio-sentriese inslag vertoon. Sosiale organisasie ontstaan dan wanneer sekere belangrike waardes deur die individue van 'n gemeenskap gedeel word, en aanleiding gee tot sosiale kodes van alle soorte. Die herkenning, binne die groep, van daardie waardes wat dit (die groep) tot stand gebring het, lei tot die verbalisering en institutionalisering van sodanige waardes. Terselfdertyd ontwikkel die groep en sy individuele lede sekere onherkende, nie-geverbaliseerde waardes op grond van empiriese ervaring - waardes wat in 'n mate verskil van die geverbaliseerde en geïnstitutionaliseerde

1) Vgl. *ibid.*, p. 98.

2) Vgl. H.T. Lovell, *The Concept of Value from the Psychological point of view*, Austral. J. Psychol. & Phil., 1926, 4, p. 167.

waardes. Tesame met hierdie groep-tot-persoon invloed is daar ook die invloed van die persoon tot die groep. Elke individu se waarde-sisteem is ten slotte uniek, ten spyte van die invloed van die groep - in die eerste plek omdat die individu self eerder as groep-gesentreerd is; tweedens, a.g.v. sy eiesoortige fisiologiese oorerwing en die mate waartoe dit sy gedrag beïnvloed; en laastens, a.g.v. die eiesoortigheid van sy reaksies teenoor sy omgewing. "What (the individual) is at any time is a compromise between what he is set to perceive, what reality does to him, and what the group presses on him through verbal patterns." 1)

4. Die Ontplooiing van Waardes:

Soos sintuiglike waarneming en die ervaring van emosie, is die ontplooiing van 'n sin vir waardes gegrond in die ontwikkeling van 'n sensitiwiteit om te ervaar. Lewende wesens is in staat om te diskrimineer tussen situasies wat hul welsyn bevorder of bedreig, en reageer met toenadering of afkeer. Hoewel die eerste gewaarwording van hierdie verskil slegs 'n vae gewaarwording van bevrediging of ongemak mag wees, kom die skerper onderskeiding van 'n aangename of pynlike gevoelstoon na vore met die ontwikkeling van die sensoriese sisteem. Met verdere ontwikkeling van die kognitiewe vermoëns en die vorming van idees, is die individu in staat om te onderskei tussen goed en kwaad, reg en verkeerd, ens. Slegs wanneer hierdie laaste stadium bereik word, kan gepraat word van 'n bewuste sin vir waardes, want, hoewel hierdie "grype" van waardes fundamenteel 'n geval is van 'n gevoels-

1) A.D. Woodruff, op. cit., p. 98.

belewing, is dit gevoel verryk deur kennis op grond van vorige ervaring. ¹⁾ Bewuste ervaring begin as gevoel, d.w.s. daar is ervaring voor self-bewussyn of kritiese ervaring. Dit is die funksie van intelligensie om die instrument te voorsien waardeur die oorgang vanaf 'n primitiewe tot 'n kritiese sin vir waardes verkry word. Die hoër waardes kom dus tot stand deur die werking van kritiese funksies en, hoewel onder druk van ingebore en aangeleerde disposisies, is die mens in staat om die hoër waardes soos van eer, harmonie, waarheid, skoonheid, en goedheid te gryp. ²⁾

Die primêre waardes ontwikkel dus deur ervaring geassosieer met die bevrediging van basiese behoeftes. In die nastrewe van hierdie primêre bevredigings, het die mens sy intelligensie en verbeelding ontwikkel, gevolg met oorsake verbind, en toekomstige aktiwiteite beplan. Hy word sodoende bewus van ander waardes as die onmiddellike bevrediging van basiese behoeftes, en ervaar dat "goed" nie bloot in die lig van onmiddellike bevrediging beoordeel moet word nie. Dinge wat tot die bevrediging van toekomstige behoeftes kan dien, word dus ook as objekte van waarde gereken, en 'n voorwerp kan gewaardeer word as 'n middel tot 'n doel.

Hierdie uitbreiding van belangstelling vanaf primêre tot sekondêre behoeftes is een van die belangrikste eienskappe wat die mens van die dier onderskei. ³⁾

1) Vgl. J.H. Badley, op. cit., pp. 40 - 41.

2) Vgl. H.T. Lovell, op. cit., pp. 163 - 166.

3) Vgl. J.H. Badley, op. cit., pp. 41 - 45.

C. WAARDES EN DIE PROSES VAN WAARDERING.

1. Intellektualisme versus Emosionalisme in die Kenne of Belewing van Waardes:

Vanuit 'n historiese gesigspunt is veral twee denkrigtinge te onderskei t.o.v. die "grype" van waardes, t.w. van intellektualisme en van emosionalisme.

Intellektualisme gaan uit van die standpunt dat die rede, die intellek, die wesentlike grondslag van die kenne van waardes vorm. Hierdie sienswyse hou verband met kenteorieë in die filosofie wat die rede as die allesomvattende vermoë tot kennis beskou.

Hoewel Aristoteles 'n dualistiese kenteorie huldig waarin denke sowel as ervaring as bronne van kennis beskou word, meen hy tog dat die hoëre kenvermoë in die intellektuele vermoëns (denke) geleë is. Ook Kant beskou die verstand (Vernunft) as die hoëre, en die sinlike as die laere kenvermoë. Aquino, in die Middeleeue, onderskei ook die sinlike en die intellektuele kenne; die kenne van die geestelike (hoër) waardes het dan alleen betrekking op die intellek. 1)

Intellektualisme is 'n standpunt wat veral deur die Nuwe-Skolastiek gehuldig word. Op die terrein van die waarde-teorie van hierdie rigting, kan veral die naam van M. Honecker, wat die gevoelsbelewinge hoogstens as 'n begeleidingsverskynsel in die waardering beskou, genoem word. Volgens Honecker kan gesê word ".... dass jedes Werten in Wesen ein Intellektuelles Erleben ist, an dem Gefühl nur als begleitender oder fundierende Faktor einen Anteil haben kann". 2)

1) Vgl. J. Hessen, op. cit., pp. 85 - 91.

2) Aangehaal, ibid., p. 79.

Die intellektualisme, wat dus die rede of intellek as die alles-omvattende faktor in die kenvermoë van die mens beskou, en derhalwe ook, t.o.v. die kenne van waardes, aan die gevoelsbelewinge 'n minderwaardige rol toeskryf, staan in direkte teenstelling met die emosionalisme.

In l.g. verband onderskei Lotze die beleving van waardes van die verstandelike kenne van die buite-wêreld. Nie in die verstand nie, maar in die gevoelsakte word die waardes gegryp. Hierdie waarde-gevoel is in dieselfde mate 'n daad van die gees (Tätigkeit des Geistes) as voorstelling en denke.

Duideliker nog verdeel Brentano die psigiese gewens in voorstellings, oordele, en gemoedsbelewinge, waarvan l.g. die psigiese grondslag vorm van die grype van waardes. Waardes word deur 'n akte van die gemoed, d.i. van liefde en haat, genoeë en misnoeë, gegryp. 1)

Max Scheler, grondlegger van die fenomenologiese waarde-ondersoek, spreek hom in hierdie verband ook duidelik uit: Soos die kleure in die sienakte (Seh-akt) gegryp word, so word waardes in die gevoelsakte gegryp. Waardes is ".... Qualitäten, die in einem intentionalen Fühlen unmittelbar so zur gegebenheit kommen, wie die Farben im Sehen". 2) Die waarderyk word beskou as 'n "ordre du coeur", 'n emosionele sfeer, 'n wêreld gerig op die menslike gemoed waartoe die verstand as sodanig geen toegang het nie; die orgaan van die waarde-kenne is nie die verstand nie, maar die gevoel. Waardes is dan gegee in "intentionalen Fühlen". 3)

1) Vgl. J. Hessen, op. cit., p. 87.

2) Aangehaal, ibid., p. 77.

3) Vgl. ibid., pp. 77 - 78.

Die standpunt van Scheler word met geringe modifikasie deur N. Hartmann uitgebou. Die waarde-bewussyn, volgens Hartmann, ".... ist in erster Linie Wertgefühl, ein primäres, unmittelbares Fühlunghaben mit dem Wertvollen". Die akte waardeur waarde gegryp word, is ".... niemals reine Erkenntnisakte, sondern Gefühlsakte, nicht intellektual, sondern emotional"; en verder: "Werte müssen gefühlt und auf Grund des Fühlens konkret geschaut sein". 1)

T.o.v. die wesentlike van die waardering, gee Hessen die volgende kenmerke: 2)

a) Waardering openbaar die kenmerk van onmiddellikheid (Unmittelbarkeitscharakter) as die mees algemene. Waardes word deur die mens op 'n onmiddellike, direkte wyse gegryp. "Das Werterkennen bedient sich keiner Schlussfolgerungen und keinerlei Denkopoperationen, um seinen Gegenstand zu erfassen, sondern geht gewissermassen direkt auf ihn zu, erfasst ihn unmittelbar." 3) (Ook Urban beweer: ".... All valuation, as attitude of the subject, is primarily an act of immediate appreciation") 4)

b) Die kenne van die waardes is 'n intuïtiewe kenne. "Der Wertgehalt wird in einem schauenden Erkennens erfasst." 5)

c) Sou hierdie intuïtiewe grype nader bepaal word, word die kenmerk van gevoelsmatigheid blootgelê:

"Werte sind auf die emotionale Seite des menschlichen Wesens hingeordnet, stellen einen 'ordre du coeur' dar, im Gegensatz zur Ideenordnung, die ein 'ordre de la raison' ist. Es ist aber evident dass eine emotionale Sphäre auch nur auf emotionale Weise erfasst werden kann." 6)

-
- 1) Aangehaal, *ibid.*, p. 78.
 - 2) Vgl. *ibid.*, pp. 81 - 85.
 - 3) *Ibid.*, pp. 81 - 82.
 - 4) W.M. Urban, *op. cit.*, p. 26.
 - 5) J. Hessen, *op. cit.*, p. 82.
 - 6) *Ibid.*, p. 82.

d) Alle waarde-kenne berus op 'n koöperasie tussen denk- en gevoelsfunksies. Die gevoelsakte is dus ook verbind met 'n kognitiewe element: "... dass vermeintlich selbständige und nicht weiter auflösbare gegenständlich gerichtete Fühlen (ist) in Wirklichkeit nichts anderes als eine Mischung von Erkennen und Fühlen." 1)

Na aanleiding van die bovermelde eienskappe van die waardering, kom Hessen dan tot die volgende slotsom:

"Für uns ist das Gefühl für das Werterfassen das Primäre und Grundlegende, während es nach neuscholastischer Lehre nur etwas Sekundäres, nur ein Begleitphänomen ist. Unsere Meinungsverschiedenheit bezieht sich demnach auf die Rangstellung der beiden Faktoren, des intellektuellen und des emotionalen. Uns ist nicht das erstere, sondern das letztere das eigentliche Kernstück des Werterlebnis." 2)

2. Gevoel versus Begeerte in Waardering:

Dit blyk dat die vroeëre stryd tussen intellektualisme en emosionalisme t.o.v. waardering in 'n groot mate vervaag het en dat, met enkele uitsonderinge, in die moderne filosofie sowel as die psigologie, meer algemeen aanvaar word dat die waarderingsproses wesentlik op nie kognitiewe werksaamhede in die menslike bewussyn berus en, meer bepaald, in óf die gevoelslewe, óf die strewingslewe, of dan wel in beide gevoel en strewe (begeerte) gegrond is. Vanuit hierdie gesigspunt is dit dan ook juister om te verwys na die belewing van waardes, eerder as na die kenne daarvan.

Soos reeds genoem, bestaan daar groot verskille onderling tussen die opvattinge van Urban,

1) Ibid., p. 83.

2) Ibid., p. 83.

Von Meinong, Von Ehrenfels, en ook Perry, ea., omtrent die besondere plek van gevoel en strewe in die proses van waardering.

Bestaande meningsverskille op die algemene terrein van nie-kognitiewe prosesse, en veral t.o.v. die menslike gevoelslewe, is van so 'n aard dat Claparède (miskien ook tereg) opmerk: "The psychology of affective processes is the most confused chapter in all psychology. Here it is that the greatest differences appear from one psychologist to another. They are in agreement neither on the facts nor on the words." 1)

Die teenstrydige beskouinge dat óf gevoel, óf begeerte die "worth fundamental" (Urban) van waardering is, kan volgens Jessup die volgende moontlikhede behels:

As gevoel as die wesentlike element beskou word, dan kan begeerte: a) nie op die waardering-situasie enige betrekking hê nie; b) afgelei word van gevoel as die primêre gegewe. As, aan die ander kant, begeerte die wesentlike element is, dan kan gevoel: a) nie op die situasie enige betrekking hê nie; b) afgelei word van begeerte as die primêre gegewe. 2)

Dit skyn egter redelik algemeen aanvaar te word dat nóg die gevoelsaspek, nóg die strewingsaspek algeheel as faktor in die waardering-situasie uitgeskakel kan word. Urban meen dan ook dat ".... we are compelled to include both the concepts of feeling and conation in our psychological equivalents for the worth moment; the question arises which is the more fundamental feeling or desire?" 3)

1) Aangehaal, B.E. Jessup, op. cit., p. 124.

2) Vgl. ibid., p. 113.

3) W.M. Urban, op. cit., p. 34.
Vgl. ook B.E. Jessup, op. cit., pp. 113, 125.

In sy kritiek op Von Ehrenfels, kom Urban tot die slotsom dat ".... The worth fundamental is feeling, not desire". 1) Nogtans beskou Urban gevoel en begeerte as behorende tot 'n kwalitatief-homogene groep van belewinge wat geneties verwant is. Slegs 'n ".... final feeling of relaxation distinguishes the conative process from emotion"; 2) en verder: ".... the distinction between feeling and will is not one of psychological content, but of intent of meaning". 3)

Die beskouing dat begeerte van gevoel afgelei kan word, en dat lg. dus die primêre faktor in waarderling is, word ook deur James Ward voorgestaan. Gevoel is vir Ward ".... genetically prior to desire and therefore suffices to make an object valuable for any subject that is affected by it"; en hoewel ".... in an exposition of conduct, the connexion of value with purpose is the important fact its ground in feeling is the key to its meaning" 4)

Perry, aan die ander kant, beskou gevoel as afgelei van begeerte, veral daarin dat hy gevoel beskou as 'n uitdrukkingsvorm van begeerte, nl. die begeerte om dieselfde objek herhaaldelik in belewing te bring. 5) Aaneenskakelend by hierdie sienswyse is die gesigspunt van McDougall se hormiese teorie, nl. dat alle gedrag doelgerig is, en dus fundamenteel konatief van aard. Gevoel vloei dus ook voort uit die strewe:

".... the hormic theory asserts that conation (action, attention, striving, volition, activity of every kind) is immediately determined by cognition, and that pleasure and pain result from the conation, are determined by the striving; pleasure, when the striving attains its natural goal or progresses toward it; pain, when striving is thwarted or obstructed" 6)

1) W.M. Urban, op. cit., p. 35.

2) Ibid., p. 90. Vgl. ook M.W. Calkins, op. cit., p. 419.

3) Ibid., p. 89. Vgl. ook M.W. Calkins, op. cit., p. 419.

4) Aangehaal, B.E. Jessup, op. cit., p. 114.

5) Vgl. ibid., p. 114.

6) W. McDougall, An Outline of Psychology, 1924, p. 269.

Hoewel gevoel gewoonlik wel met strewe gepaard gaan, is die strewe nogtans vir McDougall onafhanklik van enige bepaalde gevoelskwaliteit:

".... the strength of desire seems to be quite, or almost quite independent of the intensity of its hedonic tone; while on the other hand the hedonic tone seems to be manifestly conditioned by the conative tendency, its quality by the success or failure of the striving, its intensity by the strength of the tendency." 1)

Teenoor die beskouinge wat óf gevoel óf strewe as die primêre faktor in waardering beskou, is Calkins van mening dat ".... feeling, willing and affirmation, all three (are) distinct and basal types of valuing, occurring either singly or in any combination". 2)

As illustrasie gee Calkins die volgende voorbeelde:

"My enjoyment of Maurois's Disraeli, and my admiration for James Ward, are cases of affective valuation; my determination to learn Spanish, my devotion to my mother, ... are instances of volitional valuing; my declaration that I believe that environment counts more than heredity is an example of affirmatory valuing." 3)

En verder:

".... With all the differences between the three experiences, they are yet significantly alike in that each is distinguished in the same fashion, by the individual stress on individuated objects, from all cognitional forms of consciousness.... Valuing, in contrast with cognition, ... stresses both the subject self and its objects: it is of three distinct and fundamental types, feeling, willing, and affirming; but these three are often and variously combined in a complex valuing experience." 4)

In hierdie verband meen Jessup dan ook dat dit sinloos is om gevoel en begeerte in die algemene benadering van die waardering-situasie teenoor mekaar te stel, of die een as ondergeskik aan die ander te beskou. Wat wel nodig is, is om aan te toon, **nie** dat begeerte en gevoel identies is, of dat die een

1) Aangehaal, B.E. Jessup, op. cit., p. 123.

2) M.W. Calkins, op. cit., p. 419.

3) Ibid., p. 419.

4) Ibid., pp. 422 - 423; sien ook pp. 419 - 424.

geneties of funksioneel ondergeskik aan die ander is nie, maar slegs dat hulle nie in konflik met mekaar is in die bepaling of definiëring van waarde-begrippe nie. 1) ".... Both feeling and desire, enjoyment and want, constitute felt value, i.e., consciousness of value. The former is directed upon things in possession, the latter on things not in possession." 2)

Alle moontlike uitdrukkings van waarde-verhoudinge kan dan tot die volgende herlei word:

- a) X begeer Y;
- b) X het 'n affektiewe houding teenoor Y; en
- c) X het 'n affektief-begerende houding teenoor Y. 3)

As dan ten slotte aanvaar word dat sowel die gevoels- as die strewingslewe onderskeie, en tog onderling verbonde en mede-veronderstellende faktore in die waardering-situasie is, kom die psigologie in 'n analitiese studie van hierdie aard te staan voor die probleem van onderskeiding tussen uiters subjektiewe belewinge - belewinge wat op 'n meer direkte wyse hoogstens vir die introspektiewe metode toeganklik is. Uit die aard van die kompleksiteit van die waarde-belewing is hierdie metode dan ook beswaarlik by magte om 'n finale oplossing vir die probleem van die wesentlike aard van die waarderingsproses te bied. In die huidige verband beweer Allen dan ook: ".... It is not possible from introspection to describe priority to either the pleasure or the conation." 4)

1) Vgl. B.E. Jessup, op. cit., p. 124.
2) Ibid., p. 126.
3) Vgl. ibid., pp. 111 - 112.
4) Aangehaal, ibid., p. 130.

3. Die Waarde-Oordeel:

'n Oordeel (in die logika en die psigologie)

word gedefinieer as:

".... an act of thought by which something is interpreted with the aid of some idea or concept already acquired.... Judgment is the unit of thought, and the most complicated thinking consists of synthesis of many judgments connected by rational ties." 1)

Van Essen definieer 'n oordeel as 'n denkhandeling, waardeur die subjek beslissend stelling inneem teenoor dit wat in en rondom hom is. 2)

'n Oordeel veronderstel dus basies 'n bepaalde aktiewe intellektuele of kognitiewe instelling.

Hoewel 'n oordeel dan gewoonlik geken word in die vorm van verbale uitdrukkinge, is dit nie noodwendig gebonde aan enige verbale uitinge nie. 3)

'n Oordeel is verder teoreties waar of vals, logies of onlogies, en is dus wesentlik op die insigte van die verstand betrokke. In hierdie verband beweert Hessen: "Ein wahres Urteil etwa der Satz: Zweimal zwei ist vier, richtet sich ausschliesslich an unseren Verstand; nicht mit dem Herzen, mit dem Gefühl, sondern mit dem klaren und nüchternen Verstande erfassen wir ihn." 4)

'n Waarde-oordeel verskil egter van 'n gewone of verstandelike oordeel daarin dat dit nie in die eerste plek op die rede gegrond is nie, maar op die subjektiewe belewinge van die individu, en derhalwe nie noodwendig waar of vals, logies of onlogies is nie. "Das Werturteil", volgens Hessen, "basiert ja auf dem Werterlebnis. Seine Grundlage ist also keine rein logische." 5) Nogtans, alhoewel die waarde-hoedanig-

1) Encyclopaedia Britannica, 1953.

2) J. van Essen, Woordenboek der Psychologie, 1938.

3) Vgl. S.C. Pepper, A Digest of Purposive Values, 1947, p. 14.

4) Vgl. J. Hessen, op. cit., p. 68.

5) Ibid., p. 89.

hede in die eerste plek gevoel en nie geken word nie, veronderstel elke waardering en elke oordeel van waarde 'n verwysing na die werklikheid en waarheid. Hierdie verwysing kom na vore wanneer vrae soos die volgende gestel word: is 'n objek werklik goed of bruikbaar? is dit waarlik edel of mooi? 1)

'n Waarde-oordeel moet verder onderskei word van die waarde-belewing sowel as van die waardering. Hierdie onderskeid word duidelik deur Hessen in die volgende omskrywing getrek:

"Auf dem Werterlebnis baut sich das Werturteil auf. Zwischen beiden steht die Wertung (Wertschätzung, Werthaltung eines Gegenstandes). Sie ist nicht mit dem Werturteil identisch, sondern geht ihm voraus. Das Werturteil ist der Ausdruck, die Formulierung einer Wertung. Der seelische Prozess der Wertung kommt im Werturteil zum Abschluss." 2)

Vir Prall is dit dan ook nie die oordeel nie, maar die voorliefde (liking) vir 'n bepaalde voorwerp wat die waarde daarvan vir die individu bepaal; ".... our judgment is the post facto expression of the fact that value was present in a certain situation"; en verder: "Aesthetic judgment is distinguished from aesthetic experience by the single fact that it follows and records such experience after the experience has been had" 3)

Vir Rashdall is die wese van die waarde-oordeel egter nie geleë in die subjektiewe belewing van die (morele) waardes nie, maar in die intellektuele insig in die objektiewe eienskap van "waardevolheid" van die objek, of in die idee van waarde wat as universeel (behoort te) geld. Rashdall kom dan tot die volgende slotsom:

-
- 1) Vgl. W.M. Urban, op. cit., p. 22.
 - 2) J. Hessen, op. cit., p. 91.
 - 3) Aangehaal, B.E. Jessup, op. cit., p. 63.

"Knowing, feeling, willing are the three inseparable aspects of consciousness. It is upon consciousness as a whole that we pronounce our ultimate judgments of value; the nature of its knowledge and its will must necessarily colour and determine the value of the feeling by which in any consciousness they are accompanied." 1)

Die oorheersende rol van emosie (of gevoel), selfs op die terrein van die rede of intellek in die grype van die objektiewe waardes, word deur Macmurray beklemtoon. Die vermoë om objektiewe waardes te gryp, word deur Macmurray as "emotional reason" bestempel. 2) Rede in die emosionele lewe bepaal ons gedrag in terme van die werklike waardes; dit ontdek en ontbloot goedheid en slegtheid, reg en verkeerd, skoonheid en lelikheid. Al sou die objektiewe waardes as sodanig deur die (emosionele) rede ontdek en blootgelê word, behoort die grype daarvan dus wesentlik tot die emosionele lewe van die individu. 3) Dit skyn dikwels, volgens Macmurray, of ons ons intellektuele oordeel gebruik om te besluit of iets goed of verkeerd is, selfs wanneer ons emosies van ons oordeel verskil. In so 'n geval pas ons 'n standaard van oordeel toe wat self afgelei is van ander emosies. 'n Oordeel van waarde kan nooit intellektueel in sy oorsprong wees nie:

".... Our judgments of value are necessarily emotional, though the emotions that they express are not necessarily those that we happen to be feeling at the moment. They may easily express emotions which we ourselves have never felt at all." 4)

-
- 1) H. Rashdall, The Theory of Good and Evil, Vol. I., 1907, pp. 153 - 154; sien ook pp. 151 - 152.
 - 2) Vgl. J. Macmurray, Reason and Emotion, 1936, p. 31.
 - 3) Ibid., pp. 49 - 50.
 - 4) Ibid., p. 37.

4. Die Gevoel as Waarderende Akte van die Persoonlikheid:

"Persoonlikheid" wil ons hier omskryf as 'n omvattende begrip wat dui op al die sodanige eienskappe of funksies van die "ek" wat as georganiseerde geheel uitdrukking gee aan dít wat die mens as mens in sy verskillende hoedanighede en verhoudinge kenmerk en sy gedrag onder verskillende omstandighede bepaal.¹⁾

Word die menslike persoonlikheid dan as totaliteit gesien, is dit duidelik dat onderskeiding tussen die verskillende "aspekte" of "funksies" van die persoonlikheid - veral t.o.v. die ken-, gevoels-, en strewingslewe - alleen gedoen kan word as daarmee steeds die eenheid of totaliteit van al hierdie hoedanighede in gedagte gehou word. Nogtans bly onderskeiding op die gebied van die psigies-geestelike lewe altyd iets kunsmatigs. "Het psychische", soos Kuypers dit stel, "laat sich nu eenmaal niet in vakjes splitsen ..." 2) So, bv., kan bepaalde dryfwere soos drange, behoeftes, begeertes, ens., nie as geïsoleerde uitinge van die strewingslewe benader word nie, maar moet gesien word in die lig van die gehele mens met sy eiesoortige samestelling en in wisselwerking met die veelvuldigheid van belewinge ook op die terreine van die gevoels- en die kenlewe.

Spranger, die vernaamste verteenwoordiger van die geestes-wetenskaplike rigting in die sielkunde, lê dan ook veral klem op die noodsaaklikheid om, in die bestudering van die psigologie, die oog gerig te

-
- 1) Vir 'n breedvoeriger behandeling van die persoonlikheid, sien o.a.:
J. Chr. Coetzee, Inl. tot die Alg. Empiriese Opvoedkunde, 1948, pp. 197 - 208, en
A. Kuypers, Inl. in de Zielkunde, 1953, pp. 415-419.
- 2) Ibid., p. 254.

hou op en uit te gaan van die saamgesteldheid van die psige. Die totaal, die siel as geheel, as sintese, is eers - en slegs deur die geheel is die dele kenbaar. 1)

Dit blyk dus dat die klem veral gelê word op die eenheid as iets wesentliks van die persoonlikheids-samestelling - 'n eenheid sowel in die onderlinge wisselwerking tussen die somatiese, psigiese, en geestelike kenmerke van die mens, as in die samehang tussen die afsonderlike funksies van die psigies-geestelike samestelling.

Wat is nou die plek van die gevoelslewe (insluitende die emosies) 2) in hierdie psigies-geestelike hoedanighede van die mens? Hierdie vraag kan alleen benader word in die lig van die onderlinge verhouding tussen die ken-, strewings-, en gevoelslewe. Dit blyk dan dat dit hier veral gaan om die verhouding tussen die kognitiewe (kennende) en die nie-kognitiewe (belewende) aspekte van die menslike gedrag en ervaring.

T.o.v. die nie-kognitiewe belewinge is reeds gesien dat die uitinge van gevoel en strewe in so 'n noue wisselwerking tot mekaar staan, dat geen gevoelsbelewing sonder 'n element van strewe, en geen strewe sonder die belewing van een of ander gevoelsbelewing moontlik is nie. A.g.v. hierdie noue wisselwerking

1) Vgl. A. Kuypers, op. cit., pp. 258 - 259.

Sien ook J.Chr. Coetzee, op. cit., p. 197.

2) "Gevoel" word hier gebruik as 'n omvattende begrip vir sowel die verskeidenheid van gevoelsbelewinge van lus of onlus, as die meer intense emosionele belewinge soos van woede, vrees, haat, liefde, ens. Die uitgangspunt is dan dat ons hier in hoofsaak met 'n graduele verskil op die omvattende terrein van gevoelsbelewinge te doen het.

tussen die gevoels- en strewingslewe bestaan die neiging dikwels om alle sodanige belewinge te beskou as behorende tot die terrein van die gevoel, en dit teenoor die terrein van die intellektuele kenne te stel.

In teenstelling met die eertydse neiging tot verheerliking van die rede in vroeëre filosofiese denkrigtinge, is, met die opkoms van die moderne psilogie, die aandag meer en meer gevestig op die oorheersende belang van die gevoel as faktor in die menslike gedrag. In 'n benadering van die verhouding tussen gevoel en intellek in die lewe van die mens, beweer Lund dan ook:

"Man is a creature of the heart rather than of the head. He is moved by impulses which are not rational but emotional. The things he does and the things he seeks has little or nothing to do with reason. Reason functions, it is true, but not in determining ends or the things he finds good, but rather in determining the best means of obtaining ends." 1)

Volgens Lund is die idee dat die mens 'n redelike wese is - gelei deur die rede en derhalwe rasioneel in sy handelinge - in die vroeëre denkrigtinge vertroetel juis omdat dié sienswyse bevredig en 'n beroep doen op die ego: die dier word beweeg deur sy instinkte, die mens deur sy rede. Die redelike in die mens moet egter nie gesoek word in wat die mens soek en nastrewe nie, maar in die hoedanigheid van daardie soeke en strewe. 2)

Kupers meen dan ook dat "Zodra wij het terrein van het gevoelsleven betreden, komen wij als het ware dichter tot het centrum van het zieleleven, wij naderen het 'zelf' dat als drager achter alle processen ervaren wordt"; en Waterink: ".... heel onze levens-

1) F.H. Lund, op. cit., p. vii. Vgl. ook pp. 5 - 6.
2) Vgl. ibid., pp. 50 - 51.

houding ontvang haar accent, haar kleur, haar eigen spesifieke geaardheid door de wijze, waarop ons gevoelenslewen erin verweven ligt". 1) Ook die bewuste denkproses is vir Waterink ".... niet te verklaren sonder dat wij in deze verklaring het gevoelenslewen van dien mens inskakelen". 2) Aanskakelend by die voorgaande, verteenwoordig emosies vir Goldstein ".... the colorfulness of human life. It makes the individual feel that it is he who experiences, that it is he who acts, that he is..... The individual feels himself as being within the world." 3)

Die werklike basis van menslike gevoelens en emosies moet gesoek word in die historiese vorme van die mens se sosiale bestaan, en nie bloot in sekere fisiologiese meganismes, soos die behaviourisme dit wil nie. 4) Dit is dan ook in 'n sosiale verband dat die merendeel oortuigings (beliefs) en houdinge (attitudes) hul oorsprong het, en dus ten slotte in die emosionele en nie-rasionele sy van ervaring gegrond is. 5)

Word die klem dan gelê op die oorheersende rol van die gevoelenslewe in algemeen menslike gedrag, moet weereens beklemtoon word dat die emosie ".... een reaksie van het geheele individu ten aanzien van zijn omgeving (is)". 6) In hierdie verband kom London dan ook tot die volgende slotsom:

".... in each emotion to some degree the whole man is expressed. To overcome that abstract point of view which fragments the psychology of man into elements and functions, it is not

-
- 1) A. Kuypers, op. cit., p. 197; en J. Waterink, Ons Zielelewen, 1938, p. 104.
 - 2) Ibid., p. 102.
 - 3) K. Goldstein, On Emotions, J. Psychol., 1951, 31, p. 43.
 - 4) Vgl. I.D. London, Treatment of Emotions in Contemporary Soviet Psychology, J. Gen. Psychol., 1949, 41, p. 93.
 - 5) Vgl. F.H. Lund, op. cit., p. 42.
 - 6) J.J.G. Prick, Het Gevoelenslewen, 1945, p. 23.

enough to speak of a unity of the emotional, the perceptual, the intellectual, and so forth; it is necessary, e.g., to conceive of a unity of the emotional, the intellectual, and the perceptual within the very emotions themselves and similarly within the intellect itself, and so on." 1)

Word die gevoelens dan gesien as die ~~omvattend-~~ste bepalende faktor in die menslike ervaring, word dit duidelik dat die gevoelsbeleving in sigself niks anders is as die bewuste of onbewuste waarde-toekening t.o.v. die buite-wêreld nie. Gevoelens van lus of onlus kan alleen as sodanig ervaar word wanneer aan objekte, gebeure, of situasies sekere waardes toegeken word. Waardering veronderstel dan ook 'n onmiddellike reaksie van die individu t.o.v. die waarde-situasie. So gesien, is gevoel en waardering dan ook nie van mekaar te skei nie - die een veronderstel wesentlik die ander: "Door waardering ontstaat altijd een waarderingsinhoud, die inhoud is het gevoel! Maar, waardering en inhoud zijn zo gestructueerd, dat we ze niet scheiden kunnen." 2) By die gevoelens is dan ook verskillende funksies betrokke, maar veral kom die waarderende moment van die persoonlikheid in die gevoelens tot uiting. ~~Alles~~ wat die persoonlikheid ervaar, kan waardeer word - 'n waardering wat subjektief kenbaar is as lus of onlus ten opsigte van positiewe of negatiewe waardes respektiewelik. 3) Everett beweer dan ook dat "... Whatever extension we give to the term feeling, it is in its pleasurable and displeasurable elements that we find the most immediate appreciation of the value experience"; 4) "... At least one element which is

1) I.D. London, op. cit., p. 96.

2) P.A. Hoogwerf & M. Knoop, Wat Leert u de Zielkunde, 1951, p. 135.

3) Vgl. ibid., pp. 131 - 132.

4) W.G. Everett, op. cit., p. 119.

essential to the very idea of value, positive or negative, is found in the affective states as agreeable or disagreeable"; 1) ".... The range of the pleasure-displeasure series extends from the humblest physical gratifications and discomforts up to the most refined and exalted intellectual, aesthetic, and religious experiences"; 2) ".... value increases, whether for good or ill, only with the increase of the intensity of the affective states". 3)

In bostaande verband beweer Badley:

".... The fundamental element in value is to be found in the initial distinction of pleasant and unpleasant in sensation.... The more perception is combined with feeling, the fuller is the sense of value; It is (the) enlargement of feeling by apprehension of other than primary and personal needs that gives us our higher values.... While immediate feeling plays the chief part in the apprehension of value, feeling is largely determined and enriched by the cognitive element which gives meaning to the experience and makes it something more than merely the sensation of the moment." 4)

T.o.v. die spesifieke rol van die wil in die waarde-belewing, meen Everett dat ".... the will is presupposed in every desire and impulse which expresses itself in conduct. The will is nothing apart from the other elements of the conscious life, but is the thinking, feeling self in activity and effort." 5)

Word die gevoel dan bestempel as "die waarderende akte van die persoonlikheid", 6) word daarmee bedoel dat dit die grondliggende faktor is in die

1) Ibid., p. 125.

2) Ibid., p. 123.

3) Ibid., p. 126.

4) J.H. Badley, op. cit., pp. 55 - 56.

5) W.G. Everett, op. cit., p. 153.

6) A. Kuypers, op. cit., p. 199: "Het gevoel mogen wij omschrijven als de natuurlijke spontane reactie op die werkelijkheid op grond van een onmiddelijk positieve of negatieve waardering."
P.A. Hoogwerf & M. Knoop, op. cit., p. 131:
"Het gevoel is de functie der persoonlikheid om te waarden naar lust of onlust."

onmiddellike positiewe (toenaderende) of negatiewe (onttrekkende) "instelling" van die waarderende subjek teenoor die waarde-objek, maar dan ook dat die waarderingsproses, naas die gevoelsbelewing, ook die innige samehang van en wisselwerking tussen alle ander funksies van die persoonlikheid as totaliteit veronderstel.

D. WAARDE-ONDERSOEK IN DIE PSIGOLOGIE.

1. Inleidend:

Die "suiwer" wetenskaplike het homself beroem op sy bemoeiing met feite en daarmee dan ook sy onverskilligheid teenoor waardes beklemtoon. Hierdie houding is in die psigologie beliggaam deur Titchener wat die klassieke fisikus nageboots het in sy ywer om die psigologie wetenskaplik te maak. Ander sielkundige skole, w.o. die Gestalt-sielkundiges, die Hormiese skool, en veral die Geestes-wetenskaplike rigting, ken wel 'n sentrale plek aan waardes in hul sisteme toe, met 'n erkenning van die onvermoë van die "suiwer" wetenskaplike metode op die algemene terrein van psigologiese ondersoek. Vanuit hierdie en ander sielkundige rigtings het die toepassing van die wetenskaplike metode t.o.v. verskeie aspekte van die waarde-probleem ontwikkel.

Die invloed van die houding van Titchener, nl. dat die wetenskaplike hom nie met waardes kan bemoei nie, word dan ook weerspieël in die gebrek aan deurdringende studies van waardes in die psigologiese literatuur en in die algemene gebrek aan handboeke in die psigologie waarin waarde as 'n algemeen erkende begrip voorkom - selfs op terreine soos van per-

soonlikheid en sosiale sielkunde. Hoewel verskeie sielkundiges, w.o. Gordon Allport, Asch, Stagner, e.a., wel die belang van waardes in hul benadering van die menslike gedrag beklemtoon, is die benadering in die algemeen slegs oorsigtelik. 1)

Die mate waartⁱⁿ sielkundiges kan bydra tot die bestudering van waardes, is egter nog geen uitgemaakte saak nie. Sommige van die belangrikste vraagstukke t.o.v. waardes blyk filosofies te wees - probleme waarvoor geen eenvoudige oplossings in die sielkunde bestaan nie. Dukes meen egter dat, ".... whatever courses psychologists are taking, more and more of them seem to concur with Fletcher that psychology 'is one science which can not consistently waive its responsibility for dealing with the problem of human values' ". 2)

Volgens Dukes kan die meeste vorme van psigo-terapie wel beskou word as veronderstellende 'n studie van waardes, en sommige wetenskaplike benaderings van geestelike higiëne, soos dié van McDougall, openbaar 'n "rational scale of values". Die blote bestaan van psigo-terapie veronderstel die toepassing van 'n waarde-sisteem: sielsiekte word benader as ongewens en geestelike gesondheid as "goed". 3)

Verder is dit van belang om in ag te neem dat sommige terme soos houding, belangstelling, dryfveer, behoefte, sentiment, ens., dikwels afwisselend met die term waarde gebruik word, of ten minste as verwysend na 'n sekere aspek van waarde. (Die probleem

1) Vgl. W.F. Dukes, Psychological Studies of Values, Psychol. Bull., 1955, 52, p. 24.

2) Ibid., p. 25.

3) Ibid., p. 25.

is, ons insiens, hier geleë in die gebrek aan 'n omvattende, dog kernagtige en algemeen aanvaarbare definisie van waarde, spesifiek as 'n psigologiese begrip.) Die volgende bewering van Dukes, beklemtoon wel een van die grootste probleme waarmee die psigologie dan ook in hierdie verband te kampe het:

"Including every variable partly synonymous with value would be an encyclopedic task as broad as general psychology in scope." 1)

Die probleem van 'n studie van waardes vanuit 'n psigologiese gesigspunt, is dus tot 'n groot mate een van noukeurige afbakening op grond van kritiese onderskeiding tussen waarde en nou-verwante begrippe soos houding, dryfveer, sentiment, ens., asook die uitsluiting van gespesialiseerde aspekte van waarde, soos op die terrein van die morele, die estetiese, die godsdienstige, ens. - elk 'n terrein wat in sigself die onderwerp kan wees van 'n omvattende psigologiese benadering. Dukes beperk dan ook sy behandeling van waarde-studies tot "investigations which are empirically and systematically concerned with the more institutionalised values". 2) In hierdie verband skyn objektiewe studies van waardes hoofsaaklik gerig te wees op een of meer van die volgende probleme: 3)

- a) Die meting van die waardes van groepe individue en die betrekking van die resultate op ander gegewens t.o.v. die groepe (individuele verskille);
- b) Die ontstaan en ontwikkeling van waardes in die individu;
- c) Die invloed van die individu se waardes op sy kenlewe.

1) Ibid., p. 26.

2) Ibid., p. 26.

3) Vgl. ibid., p. 24.

Waardes is deur sielkundiges wel met 'n mate van noukeurigheid bestudeer toe Thurstone die bruikbaarheid van psigofisika op hierdie terrein aangetoon en Allport en Vernon empiriese ondersoek van persoonlikheid op die waarde-begrip betrek het. Hoewel 'n aantal gestandardiseerde toetse van waarde beskikbaar is, 1) is die Allport-Vernon (1931) en die hersiene Allport-Vernon-Lindzey (1951), "Study of Values", 2) deur die groot meerderheid ondersoekers in 'n verskeidenheid van studies toegepas.

Die "Study of Values" is gebaseer op Spranger se tipologie, gegrond op die veronderstelling dat die persoonlikheid van die mens op die duidelikste deur waarderende houdinge of waardes geken kan word. 3)

Die Studie stel hom dan ten doel die meting van "the relative prominence of six basic interests or motives in personality", nl. (1) die teoretiese, of belangstelling in die ontdekking van die waarheid; (2) die ekonomiese, of belangstelling in die bruikbare; (3) die estetiese, of belangstelling in vorm en harmonie; (4) die sosiale, of belangstelling in, en liefde vir mense; (5) die staatkundige (political), of belangstelling in mag; en (6) die religieuse, of begeerte vir begrip van, of eenheid met die kosmos as 'n geheel. 4)

-
- 1) Vgl. E. Duffy, A Critical Review of Investigations Employing the Allport-Vernon Study of Values and other Tests of Evaluative Attitude, Psychol. Bull., 1940, 37, 597 - 612.
 - 2) G.W. Allport, e.a., Study of Values, 1951.
 - 3) Sien E. Spranger, op. cit.
 - 4) Vgl. E. Duffy, op. cit., p. 597.
Sien ook G.W. Allport, e.a., Manual of Directions, p. 3.

Die volgende verteenwoordig dan in hooftrekke die belangrikste bevindinge van waarde-studies (hoofsaaklik in die toepassing van die "Study of Values", 1931) t.o.v. verskillende aspekte van die hoër waardes: 1)

2. Individuele Verskille in Waardes:

Die algemene bevindinge t.o.v. seks-verskille is dat mans 'n hoër prestasie toon as dames in die Allport-Vernon teoretiese-, ekonomiese-, en politieke waardes, maar laer t.o.v. die estetiese-, religieuse-, en sosiale waardes. Seks-verskille in waardering, anders as spesifieke inhoudsverskille, is ook gevind: dogters is meer diskriminerend in die waardering van die rangorde van sosiaal goedgekeurde en afgekeurde gedrag. Enerssoortigheid tussen die geslagte word beklemtoon in studies van morele houdinge.

Verskeie teorieë word geopper om algemene seks-verskille te verklaar, hoewel sodanige teorieë nie algemeen aanvaarbaar is nie. So bv. word die teorie van "biologiese determinering" omvergewerp deur antropologiese bevindinge, veral van M. Mead, t.o.v. die belang van sosiale en kulturele faktore in die totstandkoming van gedragsverskille tussen die geslagte.

-
- 1) Vir besonderhede van spesifieke studies t.o.v. die verskeidenheid van aspekte van waarde-onderzoek, verwys ons hier na die volgende literatuur as die belangrikste wat in die huidige verband onderneem is:
W.F. Dukes, Psychological Studies of Values, Psychol. Bull., 1955, 52, 24 - 50;
E. Duffy, A Critical Review of Investigations Employing the Allport-Vernon Study of Values and other Tests of Evaluative Attitude, Psychol. Bull., 1940, 37, pp. 597 - 612;
H. Cantril, & G.W. Allport, Recent Applications of the Study of Values, J. Abnorm. Soc. Psychol., 1933, 28, 259 - 273.

'n Moontlike verband tussen liggaamstipe en waardes is nog weinig ondersoek. Ondersoekinge met die "Study of Values" suggereer dat endomorfe relatief hoog presteer t.o.v. die sosiale-, ektomorfe t.o.v. die teoretiese-, en mesomorfe t.o.v. die politieke waardes.

Die mate waarin 'n definitiewe verband bestaan tussen verskillende persoonlikheidstipes en bepaalde waardes, is nog onderworpe aan sterk meningsverskil. Studies in hierdie verband is veral gebaseer op die tipologie van Jaensch, en die sgn. outoritêre persoonlikheid.

Verskeie studies is gedoen om die moontlike verband te bepaal tussen akademiese belangstelling en bepaalde waardes. Gevind is dat die studente in die handel en besigheid bó die Allport-Vernon norm in die ekonomiese waarde presteer, en benéde die norm in die estetiese. Studente in letterkunde en drama presteer bo gemiddeld in die estetiese, en studente in wetenskap bo gemiddeld in die teoretiese waarde. Mediese studente presteer hoër in die teoretiese as studente in wet, besigheid of ingenieurswese, en laer as wet-studente in die politieke waarde. Studente in die vrye kunste (liberal arts) is meer esteties en meer teoreties aangelê as studente in besigheid of ingenieurswese; sowel studente in besigheid as dié in wet is meer polities as studente in vrye kunste. Studente in wet presteer laer in die ekonomiese as dié in die vrye kunste, wat weer hoër presteer in die ekonomiese as die mediese studente.

Geen betroubare resultate is gevind t.o.v. 'n moontlike verband tussen intelligensie en spesifieke of algemene waardes nie. In die lig van die wyse

waarop die meeste toetse van algemene intelligensie saamgestel is, is dit te betwyfel of enige verband wel gevind sal kan word tussen intelligensie en enige enkele waarde of saamgestelde waardes. Betekenisvolle korrelasies is egter gevind tussen akademiese aanleg of prestasie op spesifieke gebiede en besondere waardes of waarde-groepe.

T.o.v. beroeps-belangstelling en waardes is gevind dat persone in godsdienstige beroepe gewoonlik hoog presteer in die religieuse waarde; kantoorwerkers in die ekonomiese- en sosiale waardes; kunstenaars en argitekte in die estetiese; medici, wetenskaplikes, en ingenieurs in die teoretiese waarde. Negatiewe verhoudinge is gevind t.o.v. kantoorwerkers tot die teoretiese waarde; kunstenaars, argitekte, wetenskaplikes, en medici tot die ekonomiese waarde; en ingenieurs tot die politieke waarde. Oorvleueling kan dan ook verwag word tussen beroeps- en akademiese belangstellinge, aangesien akademiese leerplanne in baie gevalle as beroepsopleiding dien.

In die lig van die verband tussen sekere beroepe en bepaalde waardes, word waarde-toetse beskou as nuttige toevoegings tot beroepsleiding of -keuring in toetse van aanleg of vaardigheid.

Op die gebied van sosiale- en gesinsverhoudinge is betekenisvolle waarde-verhoudinge tussen vriendskapspare en egpare gevind. Uit bevindinge in hierdie verband kan egter nie afgelei word of die waardes van die betrokke individue a.g.v. noue persoonlike verhoudinge enerssoortig ontwikkel het, of wel faktore was in die oorspronklike vriendskaps- of huwelikskeuse nie.

Hoewel studies 'n positiewe verband aangetoon het tussen graad van godsdienstigheid en die religieuse waarde, is dit nie uit sodanige studies duidelik of verskille t.o.v. religieuse waardes uitsluitlik in verband staan met verskille in godsdienstige agtergrond nie.

Hoewel verskeie ondersoekers kulturele verskille in bepaalde waardes t.o.v. van verskillende groepe aangetoon het, moet resultate van sodanige studies versigtig geïnterpreteer word, aangesien gedrag, wat maklik as uitinge van sekere waardes beskou kan word, in 'n ander lig beskou kan word wanneer ander aspekte van kulturele organisasie in aanmerking geneem word.

Die verband tussen waardes en spesifieke houdinge is nog geensins duidelik deur sielkundiges formuleer nie. Sommige beskou waardes as prikkels, en houdinge as die individuele reaksies op die prikkels. Die meer algemene opvatting skyn nogtans te wees dat waardes die meer basiese is, en dat houdinge in die waardes gegrond is. As gevolg egter van die komplekse onderlinge verband tussen begrippe soos waardes en houdinge, kan nie veel betekenis geheg word aan studies wat in hierdie opsig gedoen is nie, bv.: sekere sterk waardes kan ontoepaslik wees op sekere houdinge, en nie alle verskille in houdinge kan geïnterpreteer word as verskille in waardes nie.

3. Die Ontwikkeling van Waardes:

Die proses waardeur sisteme van waardes in die kind ontwikkel, is blykbaar 'n probleem wat nog geensins bevredigend opgelos is nie. G.G. Thompson be-
weer: "We are not exactly certain how children

acquire that fairly stable value-systems of adult life", en Miller & Hutt is van opinie dat "many aspects of the relationship between value interiorization and personality formation during the first few years of life remain unexplored by experimentalist and clinician alike". 1)

Sielkundiges stem nie ooreen omtrent die stadium waarin waarde-sisteme of sosiale waardes vir die eerste maal in die gedrag van die kind waarneembaar is nie, alhoewel skynbaar algemeen aanvaar word dat waarde-sisteme verander en ontwikkel na gelang van omstandighede en ouderdom.

Die kenmerkendste faktor in die ontwikkeling van die individu se sosiale waardes, skyn geleë te wees in die huislike en familie-lewe van die betrokke individu. Ander faktore in die algemene ontwikkeling van die waarde-sisteme van die individue wat bestudeer is, is o.a.: die invloed van volwasse leiers, bv. onderwysers; die veranderende begrip van die kind t.o.v. sy "ideale self"; konflikterende waardes in die lewe van die kind; die invloed van sosiale stand en sosio-ekonomiese status; die ontwikkeling van die groep se invloed op die ontwikkeling van die waarde-struktuur van die individu, veral op skool en kollege; persoonlikheids-organisasie en verandering van waarde-sisteme.

Studies t.o.v. die ontwikkeling van waardes is grotendeels gedoen op verskillende ouderdomsvlakke van verskillende individue (cross-sectional), en bied derhalwe geen betroubare basis vir 'n algemene interpretasie van die waarde-ontwikkeling van die individu

1) Aangehaal, W.F. Dukes, op. cit., p. 35.

nie. Dit is 'n taak vir die ontwikkelings-sielkunde om die spesifieke ontwikkeling van waarde-sisteme in die enkele individu (longitudinal) te ondersoek.

4. Die Invloed van Waardes op die Kenlewe:

Dukes is van mening dat ondersoek t.o.v. waardes en die kenlewe van die individu nog in 'n té geringe mate onderneem is om, op grond daarvan, tot enige betekenisvolle waardering van die bevindinge te geraak: "Sometimes results support hypotheses concerning the organizing role of value; in other instances data are nonconfirmatory; while in still others alternate hypotheses are equally possible." 1)

In ondersoekinge wat wel gedoen is t.o.v. die rol van die waardes van die individu in die organisasie van kognitiewe prosesse, is veral die volgende van belang: die invloed van die geldelike waarde van waargenome objekte op oordele van kwantiteit; die selektiewe funksie van waardes; waardes en sosiale waarneming.

5. Kritiese Samevatting:

Die wesentlike van die huidige stand van sake in die psigologie t.o.v. die bestudering van waardes, word deur Dukes soos volg saamgevat:

"Psychologists have devised a number of instruments to 'measure' value, though a variety of potentially useful techniques have been overlooked. They have assiduously applied these instruments to problems of individual differences, but have, for the most part, overlooked the individual.... Within recent years the function of value in cognition has been under scrutiny. The somewhat new area in which

1) Ibid., p. 43.

values are being investigated and their operation in social perception promises to be a very fertile field of research for both pure and applied psychologists." 1)

In die algemeen blyk dit dus dat empiriese ondersoek wat t.o.v. die waarde-probleem gedoen is, veral gaan om die aard van bepaalde waardes in die belewing van die individu of groep onder bepaalde omstandighede; die rol van sekere waardes in die ontwikkeling van die individu of groep, en die faktore wat die prominensie van sekere waardes in die lewe van die individu of samestelling van die groep bepaal.

'n Belangrike tekortkoming op die algemene terrein van empiriese waarde-ondersoek, skyn ons insiens geleë te wees in die gebrek aan enige spesifieke benadering van die proses van waardering as 'n wesentlike aspek van die totale waarde-situasie. Dit blyk dat opvattinge omtrent die wesensaard van die waarderingsproses nog uiters spekulatief van aard is, en sterk onder die invloed staan van die algemene ontwikkeling van die waarde-begrip in die filosofie.

Die volgende hoofstuk is dan 'n poging tot 'n empiriese benadering van sekere aspekte van waardering op grond van die analise van waarde-oordele.

.....

1) Ibid., p. 44.

HOOFSTUK III

'N EIE ONDERSOEK
NA DIE AARD VAN WAARDERING,
MET BESONDERE AANDAG AAN
DIE WAARDE - OORDEEL.

A. INLEIDING.

In die vorige hoofstuk is o.a. gewys op die belang en betekenis van die probleem van menslike waardes vir die psigologie, en die faktore wat stremmend ingewerk het op 'n regmatige erkenning van die probleem, veral t.o.v. die motivering van menslike gedrag. Die hedendaagse psigologiese literatuur weerspieël nogtans die mate van erkenning wat die probleem reeds wel geniet.

As gevolg van die feit dat die klem in die psigologie tot dusver veral geval het op menslike waardes as sodanig, eerder as op die proses van die belewing van waardes (waardering), is daar weinig studies wat as basis vir die huidige ondersoek kan dien. Gevolglik is hierdie ondersoek dan ook grootliks op 'n eie metode aangewys wat slegs in 'n mate op bestaande metodes in die waarde-ondersoek kan steun.

Wanneer nou in die empiriese psigologie 'n oplossing gesoek word vir die vraag na die wesentlike aard van die komplekse psigies-geestelike proses van waardering (of waarde-belewing), is dit duidelik dat dit hier gaan om 'n vraagstuk wat beswaarlik volgens die "eksakte" wetenskaplike metodes in die moderne psigologie benader kan word.

In die empiriese psigologie vind ons veral twee algemene metodes van ondersoek, nl.:

1. die metode van introspeksie of interne observasie van belewinge; en
2. die metode van eksterne observasie van gedrag.

In die eerste geval kan die introspekterende subjek 'n lopende beskrywing gee van sy belewinge onder gewone eksperimentele toestande, of hy kan gevra word om bepaalde vrae - noukeurig deur die psigoloog beplan - te beantwoord na aanleiding van subjektiewe belewinge; in die geval van die metode van eksterne observasie, kan gedrag bloot waargeneem word soos dit onder gewone omstandighede tot uitdrukking kom, of gedrag kan bestudeer word onder bepaalde eksperimentele toestande.

Beide van hierdie metodes kan doeltreffend aangewend word wanneer relatief eenvoudige psigiese en/of fisiologiese prosesse vir bestudering uitgesonder word, soos bv. die eenvoudige gevoelsbelewinge van lus of onlus, die gewaarwording van fisiologiese pyn of genot, of die intensiteit van sekere liggaamlike begeleidingsverskynsels tydens emosionele opwindings. 1)

Wanneer dit egter gaan om die bestudering van uiters gekompliseerde psigies-geestelike belewinge waarby die geheel van die persoonlikheid betrokke is, tree die beperkinge van die empiriese metode sterk op die voorgrond. Selfs die eksperimentele psigoloog is dikwels op spekulasie aangewys wanneer besonderhede van die aard van menslike belewinge vir weinig meer as teoretiese analise toeganklik is.

1) Vgl. L.A. Reid, A Study in Aesthetics, 1931, p.25.

Aangesien 'n psigies-geestelike akte soos . waardering dan ook juis veronderstel dat die persoonlikheid as 'n eenheid of totaliteit in die belewing betrokke is, is dit duidelik dat 'n empiriese benadering van die probleem op 'n analitiese grondslag (bv. die afsonderlike bestudering van aspekte van die kenlewe, die gevoelslewe, of die strewingslewe soos dit in die waarderingsakte tot uitdrukking mag kom) gevaar loop om die geheelsaard van die voorwerp van studie verby te sien. Hierin is dan ook trouens een van die grondprobleme van die empiriese psigologie in sy bestudering van die menslike gedrag en ervaring geleë. Uit die aard egter van die kompleksiteit van die menslike bewussyn as eenheid, is analise eerder as sintese dikwels die enigste weg wat vir die ondersoeker toeganklik is.

Die volgende sienswyse van Reid t.o.v. die estetiese belewing, kan hier aangehaal word om die besondere probleem van 'n ondersoek na die aard van die waarderingsproses in die algemeen te illustreer:

".... it is a mistake to think of (the) simple experiences of colour and sound as typically aesthetic experiences. To understand aesthetic experience properly we have to go to the more complex examples of it, to the experience of works of art, of pictures, of symphonies, poems, cathedrals. And in these cases, where the aesthetic experience is at its fullest and richest, the arrangement of experiment becomes most difficult of all. it is certain that any mature aesthetic experience is a vastly complex concrete whole, and that the necessary isolation of elements, the selection of fundamental aspects to be tested, is extremely difficult.... Experiment implies hypotheses, and hypotheses are the outcome of reflection upon direct, pre-experimental experience.... A more philosophic scrutinizing of fundamentals is needed before really significant experiments can be devised."

In watter mate en hoedanig is die aard van menslike belewinge van waardes (d.i. waarderinge) wel vir die objektiewe waarnemer toeganklik en kenbaar? In die alledaagse lewe openbaar die individu, in 'n verskeidenheid van gedragsuitinge, die belang en betekenis van sekere waardes in sy lewe, asook, in 'n sekere mate, die aard van sy belewing of waardering van die betrokke waarde-objekte - hetsy deur verbale uitdrukkinge, of deur waarneembare emosionele of gevoelsreaksies in die vorm van gesigsuitdrukkinge en 'n verskeidenheid van liggaamlike begeleidingsverskynsels tydens sterk emosionele opwinding, of deur 'n kombinasie van verbale uitdrukkinge en algemene emosionele reaksies. Dit spreek egter vanself dat 'n verskeidenheid van waarderende houdinge, hoewel in die eerste instansie gevoelsmatig van aard, nie noodwendig gepaard hoef te gaan met enige waarneembare gevoelsreaksies nie, in welke gevalle die verbale (gevoels-) reaksies in die vorm van waarde-oordele as die enigste indeks van die onderliggende proses van waardering kan dien.

In 'n sekere mate wil ons ons dan in die huidige ondersoek vereenselwig met die metode van "waarde-analise" van R.K. White.¹⁾ Die benadering van White berus op die veronderstelling van die besondere "emosionele en praktiese betekenis van vrye verbale uitdrukkinge". Hoe vryer sodanige uitdrukkinge, d.w.s. hoe minder dit bepaal word deur wat die spreker (proefpersoon) meen van hom verwag word, hoe meer geldig dit is as indeks van die persoon se werklike emosionele behoeftes (waardes). Die veronderstel-

1) R.K. White, Value Analysis: A Quantitative Method for describing Qualitative Data, J. Soc. Psychol., 1944, 19, 351 - 258.

ling is dan dat daar altyd 'n neiging by die persoon bestaan om te dink aan dit wat verband hou met sy eie behoeftes en waardes, en om sy wêreld in terme van sulke waardes waar te neem. Hieruit volg dat, behalwe waar hierdie neiging teengewerk word deur bewuste of onbewuste neigings tot bedekking van die eie waardes, die individu herhaaldelik aanduidings sal gee van sulke behoeftes en waardes wanneer sy gedagtes spontaan in woorde tot uitdrukking kom. Dit is dan ook 'n empiriese feit dat 'n groot meerderheid van sinne wat in die alledaagse spraak voorkom, waarderinge in een of ander vorm verteenwoordig.

Die ondersoek van White is in hoofsaak geleë in 'n kwantitatiewe benadering (klassifikasie en telling) van herhaaldelike waarde-oordele, waardeur die klem val op die spesifieke waardes, en die belang daarvan in die lewe van die individu. In die huidige ondersoek gaan dit vir ons egter om kwalitatiewe aspekte van subjektiewe waarde-oordele, met die klem op die onderliggende proses van waardering, eerder as op die hoedanighede van enige bepaalde waardes.

B. DOELSTELLING VAN HIERDIE ONDERSOEK.

Met die veronderstelling dat die waarde-oordeel (in die vorm van vrye en spontane verbale uitdrukkinge) op die waarde-belewing gegrond is, en as sodanig die uitdrukking of formulering van die waardering is, is die huidige doelstelling om - deur die analise van waarde-oordele en ander bykomstige reaksies - die grondliggende faktore in die proses van waardering te ondersoek.

C. TOETSMATERIAAL, APPARAAT EN METODE.
VIR HIERDIE ONDERSOEK.

1. Toetsmateriaal en Bykomstige Apparaat:

a) Algemene Probleme in die Seleksie
van Toetsmateriaal:-

Die terrein van menslike waardes, hoewel onderworpe aan sterk individuele verskille in waardering, is feitlik onbeperk. Aangesien die individu dan ook in 'n verskeidenheid van situasies in 'n waarderende houding teenoor waarde-objekte te staan kom en dit as waardevol (in 'n positiewe of negatiewe sin) beleef, is 'n geklassifiseerde seleksie van objekte met spesifieke waarde-hoedanighede vir die proefpersone in 'n empiriese ondersoek uiters moeilik, hoewel tog wenslik. Klassifikasie is trouens belangrik in die lig van die kompleksiteit van die omvattende terrein van waardes. In 'n ondersoek waarin die klem gelê word op die belang van spesifieke waardes in die lewe van die individu, soos o.a. gevind word in die Allport-Vernon-Lindzey, "Study of Values", is 'n indeling in die waarde-terreine van die logiese, die ekonomiese, die estetiese, ens., wel moontlik en sonder veel of ernstige beperkinge, veral aangesien die materiaal in geskrewe vorm aan die individu voorgelê word.

In die huidige ondersoek word egter gebruik gemaak van ongeskrewe materiaal, met die veronderstelling dat prente, foto's, ens., in 'n groter mate as enige ~~iets~~ andersaanleiding sal gee tot "vrye en spontane waarde-oordele", aangesien dit die individu (proefpersoon) meer direk voor 'n waarde-situasie stel. (Hiermee verloor ons nie uit die oog dat die waardering, in soverre dit betrekking het op sin-

tuiglike stimulerings, nie slegs in die visuele grondslag is nie, maar dikwels die totale vermoë tot waarneming en gewaarwording veronderstel.)

Die probleem is dan in die eerste plek daarin geleë dat dit uit die aard van die saak uiters moeilik sou wees om ten minste die belangrikste terreine van waardes deur geselekteerde objekte gedek te kry, of dan wel waarde-oordele na aanleiding van die objekte te verkry wat redelik verteenwoordigend van sodanige waarde-terreine sou wees.

Die seleksie en 'n moontlike indeling van waarde-objekte word, in die tweede plek, bemoeilik deur die groot individuele verskille wat in die waardering van die buite-wêreld bestaan. Dit beteken dat die gehele persoonlikheid van 'n bepaalde individu die besondere aard van 'n waardering in 'n gegewe situasie sal bepaal, en wel op grond van eiesoortige persoonlikheids-eienskappe en algemene omstandighede, soos belangstelling, temperament, opvoeding, tradisie, ens. Waarderinge t.o.v. bepaalde waarde-situasies sal dan noodwendig van individu tot individu verskil, nie alleen in die intensiteit van die belewing nie, maar ook t.o.v. die soort waarde wat die betrokke situasies vir verskillende persone inhou. 'n Skilderstuk van 'n menslike figuur kan, bv., deur twee persone onderskeidelik vanuit 'n estetiese of vanuit 'n etiese oogpunt waardeur word.

In die laaste plek kom ons in die huidige verband te staan voor 'n probleem wat ook wesenlik is vir die eksperimentele sielkunde in die algemeen, nl. om 'n eksperimentele situasie daar te stel waarin die eienskappe van die werklikheid so ver moontlik behoue sal bly. Hoe minder aan hierdie ideaal voldoen kan

word, hoe minder betroubaar moet resultaat sowel as gevolgtrekking dan ook noodwendig wees. . . Die volgende illustreer die probleem in hierdie verband: Die onmiddellike waardering, en meer spesifiek die waarde-belewing van die persoon wat hom in die werklikheid te midde van 'n indrukwekkende natuurtoneel bevind, kan nie op 'n baie betekenisvolle wyse onder enige eksperimentele situasie verkry word deur selfs die mees realistiese fotografiese afbeelding van dieselfde toneel nie. In eg. geval is daar nie alleen 'n groter verskeidenheid prikkels wat tot die waarderende individu deurdring en daardeur die intensiteit van die belewing verhoog nie, maar die besondere aard van die werklikheid, en die daarmee samehangende totaal-indruk het tot gevolg dat die twee situasies byna wesentlik van mekaar verskil.

In die seleksie van waarde-objekte vir hierdie ondersoek, is hoofsaaklik getrag om sodanige prikkelkaarte te gebruik wat vir alle proefpersone min of meer alledaagse situasies sou uitbeeld, sodat die mate van bekendheid met spesifieke of verwante voorwerpe so min as moontlik 'n faktor in die aard van die waarde-oordele sou wees. Verder word ook, in die lig van genoemde probleme in die seleksie van, en indeling in verskillende terreine van waardes, geen aanspraak daarop gemaak dat die gekose objekte en indeling daarvan enigsins verteenwoordigend van die uiteenlopende terreine van waardes is nie. Die indeling wat dan wel gemaak is, het hoofsaaklik ten doel om wel 'n mate van sisteem in die andersins willekeurige objekte vir waardering daar te stel. In soverre die protokolle van hierdie ondersoek dit dan ook regverdig, wens ons die resultate meer in die lig

van waardering in 'n meer algemene sin te benader, eerder as waarderinge spesifiek t.o.v. duidelik afgebakende en onderskeie terreine.

b) Die Toetsmateriaal:-

Deur vooraf-toetsing is dan tot 'n seleksie en indeling van materiaal gekom, wat uit die volgende prikkel- kaarte bestaan:

KAARTE A: RASSE-VERHOUDINGE:

1. Foto-afdruk uit 'n Bantoe-tydskrif (4" X 5" groot) van drie naturelle-vroue deftig gekleed in westerse drag. Die opskrif verwys na die persone as die finaliste in 'n skoonheidswedstryd.
2. Foto-afdruk uit 'n koerant van 'n byeenkoms van blankes en nie-blankes in 'n saal; naturelle-mans sit op die voorgrond, terwyl die gesigte van blanke vroue, direk agter hulle, kenbaar is. (Grootte: 5" X 6").
3. Afsonderlike foto-afdrukke uit 'n koerant (elk 2" X 3" groot) as aankondiging van die verlowing tussen 'n Suid-Afrikaanse naturel en 'n Britse dame. Die eerste twee foto's toon die gesigte van die betrokke persone afsonderlik, en die derde toon die ring aan die dame se hand, terwyl die hand deur die man vasgehou word.

KAARTE B: SOSIALE AANGELEENTHEDE:

1. Foto-afdruk (4" X 6" groot) van 'n aksievolle toneel geneem tydens 'n rugby-wedstryd.
2. Foto-afdruk in kleur (4" X 5" groot) van 'n aanskoulike toneel uit 'n volkspele-uitvoering.
3. Foto-afdruk in kleur (4" X 6" groot) van 'n bekende toneel uit die opera "Rigoletto" van Verdi.

KAARTE C: SKILDERKUNS:

1. Kleur-afdruk (4" X 6" groot) van die bekende "Mona Lisa" van Da Vinci.
2. Kleur-afdruk (4" X 6" groot) van die "Head of a Woman" van Picasso.

KAARTE D: KLEURE:

Gekleurde strokies papier van 2" X 2" in die kleure groen, rooi, blou, en geel, gemonteer op stywe wit karton van 3" X 3".

KAARTE E: STAATKUNDIG:

Foto-afdrukke (2" X 3" groot) van die volgende persone uit die Suid-Afrikaanse politieke lewe:

1. Adv. J.G.N. Straus;
2. Genl. J.C. Smuts;
3. Dr. D.F. Malan.

KAARTE F: LITERATUUR:

Die volgende bekende Afrikaanse tydskrifte, elk verteenwoordig deur 'n tipiese voorblad van die bepaalde tydskrif:

1. "Die Huisgenoot", met 'n afbeelding in kleur van 'n rustige natuurtoneel.
2. "Die Brandwag", met 'n afbeelding in kleur van 'n vakansie-toneel aan die strand.
3. "Rooi Rose", met 'n afbeelding van 'n deftig geklede dame.
4. "Fyn Goud", met 'n kleur-afdruk van 'n dame gekleed in baaikostuum.

c) Bykomstige Apparaat:

'n Klankopname-toestel (tape recorder) word vooraf in 'n kamertjie, direk langs die toetskamer, opgestel en met die mikrofoon in die toetskamer verbind. Die mikrofoon word naby die sitplek van die proefpersoon op so 'n wyse versteek dat die proefpersoon, ten minste vir die duur van die "sitting", onbewus bly van die feit dat 'n opname-toestel gebruik word. 'n Gerieflike skakelaar word op so 'n plek aangebring dat die proefnemer die apparaat na willekeur en ongemerk kan aan- of afskakel nadat die apparaat vooraf reg ingestel is.

2. Die Proefpersone:

Aangesien dit in hierdie ondersoek gaan om 'n kwalitatiewe analise van waarde-oordele, sonder spesifieke inagneming van individuele en seksverskille, en dit verder veronderstel is dat 'n groot verskeidenheid waarde-oordele t.o.v. die prikkelkaarte verkry sou word, is die getal proefpersone beperk ten einde die protokolle meer hanteerbaar te maak.

Die finale proefpersone in die ondersoek het bestaan uit 18 universiteitstudent (16 mans en 2 dames) waarvan die helfte kursusse in die sielkunde gevolg het.

3. Metode van Toepassing:

a) Algemene Omskrywing:-

Dit is 'n individuele toets, d.w.s. slegs een proefpersoon word op 'n keer getoets. Elke proefpersoon word vir 'n periode van hoogstens 'n halfuur geneem, sodat die reaksies van elkeen dan ook gerieflik op een kant van die band opgeneem kan word, waarna die apparaat dan vir 'n volgende proefpersoon in orde gebring word. Om die opname so ekonomies moontlik te maak, veral met die oog op tyd wat in beslag geneem word om opnames later skriftelik af te neem, is die apparaat afgeskakel wanneer, volgens die oordeel van die proefnemer, enigiets in die verloop van die periode voorkom wat van minder belang is, veral die voortdurende herhaling van dieselfde opdragte aan verskillende proefpersone. Die toetsing van elke proefpersoon word binne een periode afgehandel, en derhalwe is geen rusposes tussenin nodig geag nie.

b) Mededeling en Opdrag aan Proefpersone:-

Van die individuele proefpersone word hul volle en openhartige medewerking gevra. Daar word verduidelik dat geen intelligensie, persoonlikheid, of vaardigheid getoets word nie, maar dat die gegewens bloot vir navorsingsdoeleindes nodig is, en dat die naam van die proefpersoon dus ook nêrens openbaar gemaak sal word nie.

Die volgende opdrag word dan aan proefpersone gegee:

"Aan u sal opeenvolgend sekere voorwerpe in die vorm van foto's, prente, of iets dergeliks getoon word. Al wat van u verwag word, is om enige spontane indrukke wat deur die voorwerpe by u gewek word, mee te deel, en moontlike redes vir u indrukke aan te gee. Veral u eerste indrukke is ~~van belang~~, hoewel daar in geen opsig enige beperkinge gestel sal word aan wat u mee te deel het nie."

In die loop van die sitting word so ver moontlik vermy om enige vrae van die proefpersoon op so 'n wyse te beantwoord dat dit die reaksies mag beïnvloed of in 'n bepaalde rigting mag lei. Om die idee van "vrye verbale uitdrukkinge" so ver moontlik te bevorder, word die doelstelling van die ondersoek dan ook in geen opsig tydens die toetsing laat blyk nie. Op enige vrae word slegs geantwoord: "Gee vir my net die vernaamste indrukke wat hierdie voorwerp (prent, foto, persoon, ens.) by u wek."

Indien die proefpersoon geïnteresseerd blyk te wees, kan die hele aangeleentheid na die toetsing met hom bespreek word, hoewel met die uitdruklike versoek dat dit nie met enige moontlike proefpersone wat nog nie getoets is, bespreek moet word nie.

D. DIE RESULTATE.

1. Die Protokolle:

Alle bandopnames is uiteindelik in die afwesigheid van die proefpersone teruggespeel, en woordvir-woord skriftelik afgeneem. Sodoende is die volledige reaksies van elke proefpersoon opgestel.

In Bylaag I (agter in hierdie verhandeling) word die woordelikse reaksies van al die proefpersone aangegee. Hieronder volg die protokolle van Proefpersoon I as voorbeeld van sy volledige reaksies, waaruit dan ook die verdere verwerking van die resultate aangetoon word. (Dit sou te veel ruimte in beslag neem, en is prakties ook onnodig om alle protokolle hier weer te gee.)

Protokolle van Proefpersoon I:

KAART A.1.:

"Dit is eintlik lagwekkend. Hul eie mense behoort seker iets interessants in so iets te sien. My besondere indruk kom naasteby ooreen met die deelname van blanke dames aan 'n skoonheidskompetisie - iets wat my gladnie aanstaan nie."

KAART A.2.:

"Dit is 'n liberalistiese vergadering, en so 'n vermenging is absoluut af te keur op grond van ons apartheidsbeginsel. Dit is iets wat my absoluut teen die bors stuit, veral die idee van blanke dames tussen naturelle-mans. Ek kan my net nie daarmee vereenselwig nie. Opmerklik is die glimlaggende uitdrukking op die gesigte van die blanke dames, en die ernstige houding by die naturelle-mans."

KAART A.3.:

"Ek is bekend met die voorval, en my indruk is natuurlik een van totale afkeur. Op grond ook van die beleid van apartheid kan ek my eenvoudig nie met so 'n idee vereenselwig nie. Ek weet nie hoe kan 'n persoon so iets doen nie; dit is vir my ongelooflik, selfs by 'n persoon uit Engeland soos in hierdie spesifieke geval. Ek kan my nie in 'n situasie indink om so 'n verhouding met 'n kaffermeid aan te gaan nie."

KAART B.1.:

"Ek is nie 'n sportman nie, en ook nie juis 'n liefhebber van sport nie. Ek geniet dit wel om soms een of ander wedstryd by te woon. Geen sportsoort het juis vir my 'n besondere aantrekkingskrag nie, en dit hang miskien saam met my liggaamlike onbekwaamhede in die verlede wat my verhinder het om aan enige sport deel te neem. Op die stadium toe ek seker my belangstelling moes ontwikkel het, was ek liggaamlik ongeskik. Ek het derhalwe gewoonde geraak om daarsonder klaar te kom. Tennis, byvoorbeeld, sal ek vandag speel alleen omdat ek besef dat ek die oefening nodig het, maar sonder dat dit my juis enige genot sal verskaf. Ek voel dat ek my tyd baie meer nuttig as op die sportveld kan bestee."

KAART B.2.:

"Ek het vroeër baie daarvan gehou, veral op skool. Dit was nogal aangenaam om met baie meisies in aanraking te kom, maar vandag het volkspele vir my geen besondere aantrekkingskrag meer nie. Ek het nooit eintlik meer die lus om daaraan deel te neem nie, veral op 'n Saterdagmiddag wanneer 'n mens tog verkies om alleen saam met jou 'meisie' te wees. In volkspele sou die geleentheid om saam met haar te wees van geringe waarde wees. Dit is miskien lekker, maar ek het geen spesifieke liefde daarvoor nie. Om dans teenoor volkspele te stel: ek sien dans as van Europese afkoms, terwyl volkspele iets eie aan onsself is. Uit die aard van volkspele sou ek daarteen geen beswaar hê nie, terwyl ek dans egter heeltemal sou afkeur. In volkspele het ons 'n behoorlike kleredrag en nie daardie noue kontak tussen twee persone soos by dans nie. Ek vind hier niks wat nou werklik as onchristelik bestempel kan word nie. Met dans gaan gewoonlik drank gepaard, en daarom het dit nog meer afskuwelik geword. Afkeurend dus by dans is veral die kleredrag, drank, en die gepaardgaande prikkeling van die seksdrang. Omdat ek voel dat dit onmoontlik is om in dans jou christelike beginsels uit te leef, keur ek dit algeheel af."

KAART B.3.:

"Ek het self nog geen opera bygewoon nie, maar wel rolprentvertonings daarvan gesien. Ek hou besonder baie daarvan, veral van die musiek. Ek vind dit baie interessant, veral omdat die verhaal gewoonlik in 'n vroeëre tydperk afspeel."

KAART C.1.:

"Dit is 'n klassieke skilderwerk. So iets wek by my altyd 'n bekoring, en ek kry die idee dat dit 'n groot kunswerk is."

KAART C.2.:

"Dit is vir my tipies van die moderne kuns van 'n paar strepe en 'n naam daarby om te beskryf wat die kunstenaar probeer skilder het. Sonder die byskrif sou ek nie kon begryp wat hier uitgebeeld word nie. Ek staan hierteenoor heeltemal afkeurend, en kan dit nie juis as kuns bestempel nie."

KAARTE D.:

"Waarom weet ek nie, maar blou is my geliefkoosde kleur. Ek hou van groen, maar hierdie spesifieke skakering daarvan is vir my 'n bietjie te helder en daarom minder aantreklik. Die rooi is 'n sagte kleur, maar nie juis vir my mooi nie; ek sou ook nie daarvan hou as kleredrag vir 'n dame nie. Van geel hou ek gladnie, veral nie vir 'n motor of klere-drag nie."

KAART E.1.:

"Ek is miskien bevooroordeeld, maar kan tog nie insien hoe 'n persoon alles kan verkondig wat hy verkondig nie. Die opposisie verkondig sekere dinge uitsluitlik om die regering teen te staan, en nie omdat dit op bepaalde oortuigings berus nie. Ek dink dit is om hierdie rede dat ek byna 'n afsku in die politiek het - dat 'n persoon 'n standpunt inneem net omdat hy die regering moet opponeer. Ek is oortuig daarvan dat, as hy 'n eerlike en christelike man was, hy nie daardie houding sou inneem nie. Ek kan nie dink dat 'n persoon op só 'n wyse nog eerlik teenoor sy land en volk kan wees nie."

KAART E.2.:

"Wat ek van die vorige persoon gesê het, kan ek miskien in hierdie geval ook sê, hoewel hy 'n persoon in die politiek was voordat ek daarin nog enige belangstelling getoon het. Oor die algemeen respekteer ek hom egter baie meer, maar staan veral gekant teenoor sy beleid ten opsigte van Engeland."

KAART E.3.:

"Hy is vir my die ideale leier, hoewel ek tog in sekere sake van hom verskil. Ek is nie juis 'n radikale nasionalis nie, en raak gladnie op loop met politiek nie. Van die belangrikste wat ek van hom waardeer, is dat hy in die politieke lewe ook sy christelike beginsels kan handhaaf - ek twyfel of daar baie politieke leiers is wat dit sal regkry - en daarom respekteer ek hom baie."

KAART F.1.:

"Dit is vir my 'n goeie tydskrif sonder daardie afkeurenswaardige dinge wat 'n mens soms in tydskrifte kry. In soverre ek die verhale gelees het, het ek dit geniet. Dit bevat ook interessante artikels."

KAART F.2.:

"As tydskrif is dit niks besonders nie. Die laaste bladsy met die foto's oor filmsterre trek natuurlik altyd die aandag, hoewel, as 'n mens daarvoor sou nadenk, dit eintlik af te keur is. Dit is egter geen watwonderse tydskrif nie, en ek sal geen moeite doen om dit te koop nie."

KAART F.4.:

"Ek het dit eenmaal gelees, en keur dit totaal af. Die bepaalde verhaal wat ek daarin gelees het, was van die uiterste onsedelike lektuur. Ek verbaas my aan die vinnige sirkulasie van so 'n blad, en dink dat die publiek geen behoorlike leesstof meer kan waardeer nie. Ek sou my skaam om in die openbaar met so 'n blad gesien te word."

2. Waarde-Toekenning van die Protokolle:

a) Wyse van Waarde-Toekenning:-

Alhoewel die waarde-toekenning van die proefpersoon t.o.v. elke prikkelkaart veral in die aard van die spesifieke waarde-oordele gevind word, kan die volledige reaksies op elke prikkelkaart beskou word as 'n aanduiding van die geheel van die waarderende houding van die proefpersoon teenoor die gewaardeerde objek of situasie. Die besondere waarde-oordele staan dan ook in 'n noue verband met ander bykomstige reaksies, en verkry dikwels slegs betekenis as dit in die lig van sodanige reaksies beskou word. Deur 'n analise van die verskillende soorte van reaksies op die prikkelkaarte, kan dan 'n aanduiding gevind word van verskillende moontlike faktore wat in die totale waardering-situasie in die gedrang kom.

Dit blyk dat die volgende reaksies in 'n meerdere of mindere mate in die protokolle onderskei kan word:

(1) Waarde-Oordele (Gevoelsreaksies):-

Met die veronderstelling dan dat die waarde-oordeel op die waarde-belewing gegrond is, as as sodanig die uitdrukking of formulering van die waardering is, val die klem dus veral op die waarde-oordeel. 1)

Die waarde-oordeel is dan, in die eerste plek, gegrond op 'n subjektiewe belewing, en is derhalwe nie noodwendig waar of vlas, logies of onlogies nie. Aangesien die waardering, en dus ook die waarde-oordeel, in die besondere subjektiewe aard daarvan in 'n groot mate onafhanklik is van enige objektiewe standarde, is die waarheid of logiese geldigheid daarvan ook nie ter sake nie, bv. die waarde-oordeel: "Dit is (vir my) 'n groot kunswerk" (Pp. I, Kaart C.1., p.112), het as sodanig in werklikheid weinig te doen met die vraag of die bepaalde werk, gemeet aan objektiewe standarde, wel enige werklike kunstwaarde het.

Hieruit volg, in die tweede plek, dat die waarde-oordeel berus op 'n onmiddellike gevoelsbelewing van die hoedanigheid van die objek m.b.t. die subjek. Die waardering word dus veral gekenmerk deur die teenwoordigheid van 'n gevoelsaspek van 'n sekere graad of sterkte, gepaardgaande met 'n positiewe of negatiewe instelling (of neiging) t.o.v. die objek van die waardering. (Vgl., bv., Pp. I., Kaart C.2., p.112: "Ek staan hierteenoor heeltemal afkeurend".)

1) Vgl. "Die Waarde-Oordeel", pp.43 - 45 van hierdie ondersoek.

In die derde plek gee die waarde-oordeel, as uitingsvorm van die waardering, altyd 'n aanduiding van die besondere verhouding tussen waarderende subjek en gewaardeerde objek; m.a.w., in 'n waarderingssituasie, en dus ook in die waarde-oordeel, is altyd kenbaar (direk of per implikasie): (a) 'n subjek wat waardeer (oordeel), (b) 'n objek wat waardeer word, en (c) 'n aanduiding van die hoedanigheid van die waarderende houding van die subjek teenoor die objek. Hierdie hoedanigheid van die waarderende houding kan gevind word in subjektiewe reaksies soos die volgende (sowel in positiewe as negatiewe verband): genot, voorliefde, goedkeuring, voorkeur, begeerte, belangstelling, appresiasie, tevredenheid, bevrediging, ens. 1) In die waarde-oordeel kan hierdie reaksies dan ook van ooreenstemmende verbale uitdrukkinge afgelei word.

(2) Bykomstige Reaksies:-

(a) Intellektuele oordele (verstandelike reaksies):-

In onderskeid van die waarde-oordeel, word die intellektuele oordeel dan gekenmerk daardeur dat dit in die eerste plek 'n denkhandeling is - 'n intellektuele instelling, wesentlik gebonde aan 'n redelike insig en begrip t.o.v. die objektiewe hoedanighede van die objek van die oordeel, en is teoreties waar of vals, logies of onlogies. 2)

Die wese van die intellektuele oordeel is dus geleë in die objektiewe geldigheid van die oordeel, ongeag die hoedanigheid van die verhou-

1) Vgl. B.E. Jessup, Relational Value Meanings, 1943, p. 100.

2) Vgl. p. 43 van hierdie ondersoek.

ding tussen die subjek en die objek; die wese van die waarde-oordeel is geleë in die belang van die objek vir die subjek.

Om hierdie onderskeid tussen 'n intellektuele oordeel en 'n waarde-oordeel uit die protokolle te illustreer, vgl. die volgende:

- i) ".... dit is 'n na-apery van die blankes" - 'n intellektuele oordeel (Pp. II, A.1., p. 114); maar
"Dit is te veel 'n na-apery van die blankes" - 'n waarde-oordeel (Pp. III, A.1., p. 116).
- ii) "Ek dink hulle het wel die reg om ons gewoontes te probeer navolg en hulself te verbeter" - 'n intellektuele oordeel (Pp. V, A.1., p. 121); maar
"Ek staan heeltemal afkeurend daarteenoor" - 'n waarde-oordeel (Pp. XII, A.3., p. 136).
- iii) "Die drag en spel is georganiseerd" - 'n intellektuele oordeel; maar
"Die drag en spel is té georganiseerd" - 'n waarde-oordeel (Pp. VI, B.2., p. 124).
- iv) "Dit is vir my 'n beklemtoning van die seksuele" - 'n intellektuele oordeel; maar
"Dit is vir my 'n oorbeklemtoning van die seksuele" - 'n waarde-oordeel (Pp. X, F.4., p. 134).

(b) Mededeling:-

Hier word 'n blote mededeling van kennis gedoen, of 'n feit word gekonstateer, bv.:

"Dit is 'n klassieke skilderwerk" (Pp. I, C.1., p. 112); of

"Ek is nie 'n sportman nie" (Pp. I, B.1., p. 111).

(c) Beskrywing:-

Die voorwerp of situasie word beskryf soos dit waargeneem word, afgesien van enige subjektiewe indrukke, bv.:

".... blanke dames tussen naturelle-mans" (Pp. I, A.2., p.111); ".... 'n eienaardige tipe verhaal - modern, openlik, en realisties" (Pp. VI, F.4., p.125).

(d) Motivering:-

Die bepaalde waarderende reaksie word gemotiveer deur 'n rede daarvoor aan te gee, bv.:

".... omdat dit onmoontlik is om in dans jou christelike beginsels uit te leef" (Pp. I, B.2., p.112).

(e) Rasionalisasie:-

Die situasie of objek word "goed gepraat",
bv.:

"Hul eie mense behoort seker iets interessants in so iets te vind" (Pp. I, A.1., p. 111); "Ek voel dat ek my tyd baie meer nuttig kan bestee" (Pp. I, B.1., p. 111).

(f) Assosiasie:-

Die objek van die waardering word met iets anders geassosieer, as gevolg waarvan die waarde van die objek dan ook, vir die betrokke proefpersoon, beïnvloed word, bv.:

"Rooi herinner my aan bloed" (Pp. III, D., p. 117).

Dit dien wel opgemerk te word dat elk van die bogenoemde moontlike wyses van reaksie, soos dit in die protokolle kenbaar is, voorkom in 'n geheelverband, en derhalwe nie altyd op duidelike gronde onderskei kan word nie. Waardering, as 'n proses, bestaan dan ook in die totaliteit van die verskeidenheid van moontlike reaksies t.o.v. enige waarde-situasie. In hierdie lig moet die hieropvolgende analise van die reaksies van proefpersone dan ook gesien word.

b) Waarde-Toekenning van die Reaksies:

In Bylaag II word die analise van die reaksies van die proefpersone gegee. Hieronder word, as voorbeeld, die volledige analise van die reaksies van Proefpersoon I gegee, en 'n algemene samevatting van die reaksie-wyse.

Analise van die Reaksies van Proefpersoon I:

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1.;-

Waarde-Oordeel:	is eintlik lagwekkend; staan my gladnie aan nie.
Rasionalisasie:	"Hul eie mense behoort seker iets interessants in so iets te vind."
Assosiasie:	kom ooreen met deelname van blanke dames aan skoonheids- kompetisie.

Kaart A.2.: -

Waarde-Oordeel:	is absoluut af te keur; stuit my absoluut teen die bors; kan my net nie daarmee vereen- selwig nie.
Mededeling:	'n liberalistiese vergadering.
Beskrywing:	blanke dames tussen naturelle- mans; glimlaggende houding by dames; ernstige houding by naturelle.
Motivering:	op grond van apartheidsbeginsel.

Kaart A.3.: -

Waarde-Oordeel:	indruk van totale afkeuring; kan my eenvoudig nie met idee vereenselwig nie; weet nie hoe kan 'n persoon so iets doen nie; is ongelooflik; kan my nie in so 'n situasie in- dink nie.
Mededeling:	is bekend met die voorval,
Beskrywing:	persoon uit Engeland.
Motivering:	op grond van beleid van apartheid.

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart B.1.: -

Waarde-Oordeel:

nie juis 'n liefhebber van sport
nie;
geniet dit wel;
het nie juis 'n besondere aantrekkingskrag nie;
verskaf nie juis enige genot nie.

Mededeling:

is nie 'n sportman nie;
het my verhinder;
moes belangstelling ontwikkel
het;
sal dit speel net omdat ek oefening nodig het.

Motivering:

liggaamlike onbekwaamhede;
was liggaamlik ongeskik.

Rasionalisasie:

het gewoon geraak daarsonder;
kan my tyd meer nuttig bestee.

Kaart B.2.: -

Waarde-Oordeel:

het baie daarvan gehou;
was nogal aangenaam;
geen besondere aantrekkingskrag
nie;
nie meer lus daarvoor nie;
verkies om alleen te wees;
geleentheid van geringe waarde;
is miskien lekker;
geen spesifieke liefde daarvoor;
geen beswaar daarteen;
sou dit heeltemal afkeur;
nog meer afskuwelik;
is afkeurend;
keur dit algeheel af.

Beskrywing:

dans van Europese afkoms, en
volkspele iets eie aan onself;
behoorlike kleredrag;
noue kontak tussen twee persone;
kan nie as onchristelike bestempeling word nie.

Motivering:

gaan met drank gepaard;
prikkeling van die seksdrang;
onmoontlik om christelike beginsels daarin uit te leef.

Kaart B.3.: -

Waarde-Oordeel:

hou besonder baie daarvan;
vind dit baie interessant.

Mededeling:

self nog geen opera bygewoon nie;
het rolprentvertonings gesien.

Motivering:

verhaal speel gewoonlik in
'n vroeëre tydperk af.

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart C.1.: -

Waarde-Oordeel: wek altyd 'n bekoring;
 is 'n groot kunswerk.

Mededeling: is 'n klassieke skilderwerk.

Kaart C.2.: -

Waarde-Oordeel: sou dit nie kon begryp nie;
 staan heeltemal afkeurend;
 kan dit nie as kuns bestempel nie.

Mededeling: tipies van moderne kuns

Kaarte D: -

Waarde-Oordeel: is my geliefkoosde kleur;
 hou van groen;
 is 'n bietjie te helder;
 is minder aantreklik;
 is 'n sagte kleur;
 is nie juis mooi nie;
 sou nie daarvan hou nie;
 hou gladnie van geel nie.

Mededeling: weet nie waarom nie.

Assosiasie: motor of kleredrag.

Kaart E.1.: -

Waarde-Oordeel: het byna 'n afsku in die politiek.

Mededeling: is miskien bevooroordeeld.

Intell. Oordeel: kan nie insien hoe 'n persoon dit
 alles kan verkondig nie;
 opposisie verkondig dinge uit-
 sluitlik om regering teen te
 staan - rus nie op oortuigings
 nie;
 is oortuig dat as hy 'n eerlike
 man was, sou hy nie daardie
 houding inneem nie;
 kan nie dink dat 'n persoon
 nog eerlik teenoor land en volk
 kan wees nie.

Motivering: persoon neem standpunt in net om-
 dat hy regering moet opponeer.

Kaart E.2.: -

Waarde-Oordeel: respekteer hom baie meer;
 staan gekant teenoor sy beleid.

Mededeling: kan dit in hierdie geval ook
 sê;
 "Hy was 'n figuur in die politiek
 voordat ek nog enige belangstel-
 ling getoon het."

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart E.3.: -

Waarde-Oordeel: is vir my die ideale leier;
waardeer dit van hom;
respekteer hom baie.

Intell. Oordeel: twyfel of baie politieke leiers
dit sal regkry.

Mededeling: is nie 'n radikale nasionalis nie;
raak nie op loop met politiek nie.

Motivering: kan in politieke lewe ook chris-
telike beginsels uitleef.

Kaart F.1.: -

Waarde-Oordeel: is 'n goeie tydskrif;
het dit geniet;
interessante artikels;
afkeurenswaardige dinge.

Mededeling: kry (dit) soms in tydskrifte.

Kaart F.2.: -

Waarde-Oordeel: is niks besonders nie;
trek altyd die aandag;
is eintlik af te keur;
geen watwonderse tydskrif nie.

Mededeling: bladsy met foto's oor filmsterre;
sal geen moeite doen om dit te
koop nie.

Rasionalisasie: as 'n mens daaroor sou nadink.

Kaart F.4.: -

Waarde-Oordeel: keur dit totaal af;
is van die uiterste onsedelike
lektuur.

Intell. Oordeel: verbaas my aan vinnige sirkulasie;
publiek kan geen behoorlike lees-
stof waardeer nie.

Mededeling: het dit gelees;
sou my skaam om in die openbaar
daarmee gesien te word.

Samevatting van Proefpersoon I se Reaksie-Wyse:

Uit die analise van die reaksies van Proefpersoon I, blyk dit dat die kenmerkendste reaksie-wyse t.o.v. die verskillende waardering-situasies, gevind word in die vorm van die waarde-oordeel, wat dan ook wesentlik 'n gevoelsreaksie is. Die proefpersoon het deurgaans, by elke prikkelkaart, 'n duidelike gevoelsreaksie openbaar deur sy voor- of afkeur te kenne te gee, deur te sê of hy daarvan hou of nie, of dit hom genot verskaf, of dit vir hom mooi is, van waarde is, ens. Sonder uitsondering is die grondtoon van al die reaksies, meer spesifiek van die waarde-oordele, dié van 'n gevoelsinstelling wat wissel van sterk negatief tot sterk positief, met momente van betreklik neutrale gevoelsuitinge.

Sterk negatiewe gevoelsreaksies word geopenbaar, bv., t.o.v. Kaart A.2.: "... stuit my absoluut teen die bors"; Kaart A.3.: "... kan my eenvoudig nie met die idee vereenselwig nie" (wat 'n sterk negatiewe element van verbasing toon); Kaart C.2.: "... staan heeltemal afkeurend hierteenoor".

Reaksies van sterk positiewe aard is verder kenbaar, o.a., t.o.v. Kaart B.3.: "hou besonder baie daarvan"; Kaart C.1.: "... wek 'n bekoring"; Kaarte D.: "... is my geliefkoosde kleur".

Kaart B.1. skyn reaksies uit te lok wat aanvanklik as emosioneel neutraal voorkom: "... nie juis 'n liefhebber van sport nie"; "... het nie juis 'n besondere aantrekkingskrag nie". By nadere ondersoek skyn daar egter juis in hierdie "neutrale" reaksies 'n sterk gevoelselement van weemoed opgesluit te wees, deurdat die proefpersoon, as motivering, sy

"liggaamlike onbekwaamhede" aanvoer, en verder rasionaliseer deur te beweer dat hy "gewoond geraak het daarsonder".

T.o.v. Kaart A.1. is die proefpersoon aanvanklik ietwat geamuseerd: "Dit is eintlik lagwekkend". Die gevoelstoon is hier duidelik negatief wanneer die rasionalisasie, "hul eie mense behoort seker iets interessants in so iets te vind", en die assosiasie met skoonheidskompetisies by blankes wat "my gladnie aanstaan nie", in aanmerking geneem word.

Dit is dan ook duidelik dat die waarde-oordeel, hoewel dit, in verbale vorm, wesenlik bestaan in woorde of uitdrukkinge met 'n spesifiek emosionele betekenis, dikwels 'n dieper betekenis verkry as dit gesien word word in die lig van die totale reaksiewyse van die proefpersoon op die prikkel-situasie. Bykomstige reaksies (tot die spesifieke waarde-oordeel) mag optree omdat die proefpersoon aanvanklik om motivering van sy indrukke gevra is, maar skyn meer algemeen spontane uitdrukkinge te wees as wyses van regverdiging vir die bepaalde waarde-oordeel.

By die analise van Proefpersoon I se reaksiewyse, is die volgende reaksies, as bykomstig of aanvullend tot die spesifieke gevoelsreaksies, onderskei:

Intellektuele oordele:- Hoewel dit te betwyfel is of intellektuele oordele in wese suiwer verstandelike reaksies is en uitsluitlik op redelike insig berus, openbaar sodanige oordele nogtans die kenmerk van, of neiging tot 'n meer objektiewe benadering van 'n bepaalde situasie as wat in die waarde-oordeel gevind word.

Die onmiddellike reaksie van Proepersoon I op Kaart F.4., bv., is dat hy dit "totaal afkeur", en hierop word dan die oordeel uitgespreek dat "die publiek geen behoorlike leesstof meer kan waardeer nie". Dat die gevoel, indien nie deurgaans nie, dan tog wel dikwels, 'n sterk onderliggende faktor in gewone intellektuele oordele uitmaak, blyk o.a. uit die proefpersoon se reaksie op Kaart E.1.: "Ek is oortuig daarvan dat, as hy 'n eerlike en christelike man was, hy nie daardie houding sou inneem nie. Ek kan nie dink dat 'n persoon op só 'n wyse nog eerlik teenoor sy land en volk kan wees nie." Nogtans is die proefpersoon se eerste reaksie op die prikkelkaart dat hy "miskien bevooroordeeld" is, waardeur erken word dat daar reeds by hom 'n bepaalde gevoelsinstelling (politieke vooroordeel) teenoor die bepaalde persoon bestaan.

Mededeling:- Die proefpersoon gee 'n blote mededeling op grond van kennis wat hy van die situasie het: "... is 'n liberalistiese vergadering" (A.2.), of konstateer 'n feit: "... het rolprentvertonings gesien" (B.3.).

Beskrywing:- Die proefpersoon beskryf die situasie soos hy dit waarneem, en op grond van kennis wat hy daarvan kan hê: "... glimlaggende houding by dames" (A.2.); "... persoon uit Engeland" (A.3.)

Motivering:- In verskeie situasies gee die proefpersoon sy rede vir 'n bepaalde gevoelsreaksie. T.o.v. Kaart A.3., is sy indruk een van "totale afkeuring", en dan motiveer hy dit met verwysing na "die beleid van apartheid". By Kaart B.1., gee hy 'n rede aan

waarom sport vir hom "geen besondere aantrekkingskrag" het nie, nl. dat dit "miskien saamhang met my liggaamlike onbekwaamhede"

Rasionalisasie:- Die situasie word deur die proefpersoon "goed gepraat", bv., t.o.v. Kaart B.l., word sy afsydigheid teenoor sport gerasionaliseer deur aan te voer dat hy sy tyd "meer nuttig as op die sportveld" kan bestee. Die situasie t.o.v. Kaart B.l. is "eintlik lagwekkend", maar dan voeg hy daarby dat "hul eie mense seker iets interessants in so iets behoort te vind".

Assosiasie:- Die bepaalde gevoelsreaksie word beïnvloed of mede-bepaal deur een of ander assosiasie van die objek of situasie met iets anders. T.o.v. Kaart A.l., word dit veral duidelik dat die gevoelstoon in die reaksie (dat die situasie "eintlik lagwekkend" is) 'n negatiewe is, wanneer die assosiasie met skoonheidskompetisies by blankes, wat "gladnie aanstaan nie", in ag geneem word.

c) Samevatting van Waarde-Toekenning van Alle Proefpersone:

Hieronder word, in tabelvorm, 'n samevatting gegee van die verskillende wyses van waarde-toekenning wat by die afsonderlike proefpersone gevind is, en wel na aanleiding van die voorafgaande analise van die reaksies van Proefpersoon I, en die verdere analise van die protokolle (Bylaag II).

SAMEVATTING VAN WAARDE-TOEKENNING VAN ALLE PROEFPERSONE.

Afkortings:

dg. = deurgaans
dw. = dikwels
s = soms

Die getalle toon aan by hoeveel kaarte die reaksie-wyse teëgekom is.

Proef- persone	Getal kaarte	Waarde-Oordele (gevoelsmatig)			Int. Oordele (verstandelik)			Mede- deling		Beskry- wing		Moti- vering		Rasiona- lisasie		Asso- siasie		Grond-toon
		dg.	dw.	s	dg.	dw.	s	dw.	s	dw.	s	dw.	s	dw.	s	dw.	s	
I	15	15	-	-	-	-	3	13	-	-	3	7	-	-	3	-	2	gevoelsmatig
II	16	16	-	-	-	7	-	8	-	-	1	-	3	-	1	-	1	gevoelsmatig
III	15	-	13	-	-	13	-	12	-	-	4	-	4	-	2	-	2	gevoelsmatig
IV	14	-	13	-	-	10	-	6	-	-	1	-	4	-	-	-	-	gevoelsmatig
V	12	-	7	-	-	9	-	8	-	-	1	-	1	-	-	-	1	verstandelik
VI	12	-	11	-	-	6	-	-	3	-	5	-	1	-	-	-	-	gevoelsmatig
VII	10	-	8	-	-	6	-	-	3	-	-	-	4	-	-	-	1	gevoelsmatig
VIII	12	12	-	-	-	7	-	6	-	-	2	-	3	-	-	-	1	gevoelsmatig
IX	14	-	13	-	-	7	-	8	-	-	1	-	4	-	1	-	1	gevoelsmatig
X	14	14	-	-	-	-	5	7	-	-	2	-	2	-	-	-	1	gevoelsmatig
XI	12	-	11	-	-	-	5	-	5	-	3	-	-	-	-	-	-	gevoelsmatig
XII	12	12	-	-	-	-	4	-	3	-	3	-	1	-	-	-	1	gevoelsmatig
XIII	12	-	7	-	-	8	-	-	4	6	-	-	1	-	-	-	1	verstandelik
XIV	15	-	14	-	-	8	-	10	-	-	1	-	4	-	-	-	-	gevoelsmatig
XV	14	-	12	-	-	8	-	-	4	-	1	-	2	-	-	-	1	gevoelsmatig
XVI	12	-	9	-	-	9	-	7	-	-	-	-	1	-	-	-	-	gevoelsmatig
XVII	12	-	10	-	-	7	-	-	1	-	4	-	4	-	-	-	-	gevoelsmatig
XVIII	11	-	8	-	-	6	-	-	2	-	3	-	1	-	-	-	1	gevoelsmatig

d) Samevattende Analise van Waarde-Toekenning van Alle Proefpersone:

Uit die protokolle (Bylaag I), die analise van die protokolle (Bylaag II), en die samevatting van die waarde-toekenning van al die proefpersone (Tabel), kan die volgende algemene analise van die waarderende houdinge van die proefpersone gemaak word:

(1) Waarde-Oordele (gevoelsreaksies):

Dit blyk dat, in die waarderende houdinge van die proefpersone t.o.v. die verskillende prikkelkaarte, gevoelsreaksies die kenmerkendste reaksie-wyse is, en wel soos kenbaar in bepaalde emosionele uitdrukkings in die vorm van waarde-oordele. Hoewel 'n bepaalde gevoelsinstelling t.o.v. elk van die waarde-situasies dikwels in sekere bykomstige reaksies geïmpliceer word, word dit veral weerspieël in verbale uitdrukkings met 'n spesifiek emosionele betekenis van positiewe of negatiewe aard. In hoofsaak kan in elke positiewe reaksie primêr 'n gevoel van lus onderskei word, met 'n gepaardgaande neiging tot toenadering, terwyl in elke negatiewe reaksie basies 'n onlusgevoel opgesluit is, met 'n gepaardgaande neiging tot onttrekking. Die teenwoordigheid van lusgevoelens is kenbaar in uitdrukkings soos "aangenaam", "hou van", "wonderlik", "indrukwekkend", "pragtig", ens. Onlusgevoelens vind uiting in uitdrukkings soos "afskuwelik", "staan my nie aan nie", "af te keur", "weersinwekkend", ens.

By Proefpersoon I is sodanige gevoelsreaksies sonder uitsondering by elke prikkelkaart gevind. Ook by Proefpersone II, VIII, X, en XII kom bepaalde gevoelsreaksies deurgaans voor, terwyl dit by die orige proefpersone slegs by wyse van uitsondering,

t.o.v. enkele prikkelkaarte, gladnie voorgekom het nie.

(2) Bykomstige Reaksies:-

(a) Intellectuele Oordele:-

By geen proefpersoon het oordele van intellektuele aard deurgaans voorgekom nie, hoewel, in die geval van Proefpersone V en XIII, intellektuele oordele meer dikwels as gevoelsreaksies t.o.v. die prikkelkaarte gevind is. Proefpersoon V het t.o.v. Kaarte A.2., A.3., E.1., E.2., en F.2., en Proefpersoon XIII t.o.v. Kaarte E.1., E.2., E.3., F.1., en F.4., geen direkte gevoelsreaksies getoon nie, in welke gevalle intellektuele oordele t.o.v. die betrokke waarde-situasies as die kenmerkendste reaksie-wyse voorgekom het.

Dit is egter by uitsondering dat intellektuele oordele, eerder as gevoelsreaksies (waardeoordele), t.o.v. spesifieke prikkelkaarte voorgekom het. In die meeste gevalle word hierdie reaksie-wyse by proefpersone gekenmerk deur 'n neiging om objektief te oordeel, en indrukke op "redelike insig" te grond. Soos uit die tabel (p. 91) blyk, het sodanige reaksies wel by alle proefpersone, in 'n meerdere of mindere mate, voorgekom. Die analise van die protokolle toon egter dat, in die algemeen, verstandelike reaksies eerder sekondêr as primêr in 'n gegewe waardering-situasie voorkom, en wel as 'n wyse van regverdiging vir sekere gevoelsreaksies.

(b) Mededeling:-

Hierdie reaksie-wyse het redelik algemeen by alle proefpersone voorgekom as bykomstige reaksie tot die meer spesifieke waarderende reaksies. Hoewel dit, as reaksie-wyse waarin 'n blote mededeling gedoen word, in sigself emosioneel neutraal kan voorkom, het dit dikwels tog sterk emosionele implikasies vir die proefpersoon. Uit die aard van die algemene waarderende houding, bv. van Proefpersoon I t.o.v. Kaart A.2., is die mededeling, "dit is 'n liberalistiese vergadering", 'n reaksie met 'n bepaalde gevoelsinstelling.

(c) Beskrywing:-

Hierdie reaksie-wyse het minder by die proefpersone voorgekom - by Proefpersone VII en XVI gladnie (vergelyk tabel).

Soos uit die analise van die protokolle (Bylaag II) blyk, skakel hierdie wyse van reaksie egter baie nou aan by die vorige een (mededeling). In verskeie gevalle is dit moeilik om bloot op grond van die verbale reaksie af te lei of die proefpersoon 'n blote mededeling van kennis doen of 'n feit konstateer, of dan wel 'n beskrywing gee van die situasie soos hy dit waarneem.

(d) Motivering:-

Uit die resultate blyk dit dat proefpersone slegs in enkele gevalle op 'n direkte wyse 'n rede aangevoer het vir 'n bepaalde gevoelsreaksie. (In die geval van Pp. XI het hierdie reaksie gladnie voorgekom nie.) Die meer alge-

mene neiging is klaarblyklik om, deur 'n skynbaar objektiewe beskouing, bepaalde gevoelsreaksies te motiveer, maar sonder om dit spesifiek aan te haal as rede vir sodanige reaksies (vgl. Intellektuele Oordele hierbo).

(e) Rasionalisasie:-

Volgens die analise van die protokolle, het hierdie reaksie-wyse slegs in die gevalle van Proefpersoon I, A.1., B.1., en F.2., Proefpersoon II, C.2., Proefpersoon III, F.2., en F.4., en Proefpersoon IX, C.2. voorgekom.

(f) Assosiasie:-

Hierdie reaksie-wyse is selde in die protokolle gevind, en het hoofsaaklik voorgekom t.o.v. Kaarte D (kleure). (By Proefpersone IV, VI, XI, XIV, XVI, en XVII het die reaksie-wyse gladnie voorgekom nie.) Bepaalde kleure word dikwels met een of ander voorwerp (kleredrag, natuur, bloed, ens.) geassosieer, en op grond van die assosiasie (of as gevolg daarvan) besit (verkry) dit dan ook vir die proefpersoon 'n sterk positiewe of negatiewe gevoelswaarde.

Samevattend blyk dit dan dat gevoelsreaksies, in die vorm van waarde-oordele, onteenseglik die grondliggende faktor in die waardering-situasie is, en spesifiek op die voorgrond tree in die onmiddellike "grype" van die waardes of waarde-situasies. Alle ander faktore, hoewel dit tog deeglik in die totale waardering-situasie 'n rol speel, is dan ook ondergeskik aan hierdie onmiddellike gevoelsbeleving van die waarde-hoedanighede van die objek of

situasie m.b.t. die waarderende subjek.

Naas die waarde-oordeel, is die intellektuele oordeel die kenmerkendste reaksie-wyse. Nadere ondersoek bring nogtans aan die lig dat hierdie reaksie-wyse dikwels herlei kan word tot bestaande houdinge (soos vooroordele) van die proefpersoon, wat wesentlik in die gevoel gegrond is. (Vgl., bv., Proefpersoon VII, A.3.: "Sulke verhoudinge werk direk rassevermenging in die hand". Hierdie (skynbaar logiese) oordeel is egtër wesentlik in 'n gevoel van vrees gegrond, soos blyk uit die verdere beskouing dat die proefpersoon in die besondere situasie "'n bedreiging vir die blankes" sien.)

Ook al die ander moontlike reaksie-wyses staan op een of ander wyse in 'n noue verband met die bepaalde gevoelswaardering. Waardering, wanneer dit in 'n bepaalde situasie tot uitdrukking kom, veronderstel dan ook die totaal van alle reaksies van die betrokke individu, maar word veral geken in die onmiddellike gevoelsinstelling.

E. WAARDE VAN HIERDIE ONDERSOEK.

In die huidige ondersoek is 'n poging aangewend om, deur die analise van die mondelinge reaksies van proefpersone t.o.v. sekere waarde-situasies, 'n aanduiding te gee van die faktore wat in die waarderingsproses 'n rol speel.

In die analise is wel daarin geslaag om enkele van hierdie faktore te onderskei en af te sonder. Gevoelsreaksies, soos dit in verbale waarde-oordele tot uitdrukking kom, is as die kenmerkendste reaksie-wyse in die waardering-situasie gevind, gewoonlik

gepaardgaande met ander reaksies van kognitiewe aard. T.o.v. laasgenoemde is, in 'n meerdere of mindere mate, die volgende reaksie-wyses onderskei: 'n Intellektuele oordeel van die betrokke situasie, blote mededeling van kennis of 'n beskrywing van die situasie soos dit objektief waargeneem word, die motivering van 'n bepaalde waarderende houding, rasionalisasie van die waargenome (gewaardeerde) objek of situasie, en die assosiasie van die betrokke waarde-objek met iets anders.

In die analise van die reaksies van die proefpersone, is 'n besondere probleem geleë in die feit dat verbale uitdrukkinge geen konstante patroon volg nie, en uit die aard daarvan uiterste variasies toon van persoon tot persoon, en van situasie tot situasie. Interpretering van die protokolle is gevolglik uiters subjektief van aard, en nie alleen afhanklik van 'n grondige kennis van die emosionele betekenis en ander implikasies van sekere woorde en uitdrukkinge nie, maar ook van kennis van die totale situasie waarin die waarderende houding van die proefpersoon tot uiting kom.

Dit sou derhalwe gewens wees om, by wyse van kontrole, die huidige metode te kon aanvul met een of ander metode van objektiewe meting of waarneming van moontlike gevoelsbelewinge onder die verskillende waarderings-situasies. Hierdeur sou dan, meer objektief, 'n aanduiding gevind kon word van die kwalitatiewe aard van sodanige gevoelsreaksies onder bepaalde omstandighede. Hoewel die waarde-oordeel die bestaan van een of ander gevoelsinstelling, van positiewe of negatiewe aard, t.o.v. die objek van waarderings veronderstel, gaan die oordeel egter nie nood-

wendig direk met die onmiddellike waardering gepaard nie. Young beweer dan ook dat "... if a subject reports that a word is pleasant or that a given past experience was unpleasant, he may be stating the purely cognitive aspect of experience with little or no reference to feeling". 1) Die wesentlike van die probleem word deur Peters soos volg gestel:

".... emotions may or may not accompany the feeling judgment. The affective consciousness is probably complicated with bodily sensations during the first encounters with the situation. Familiarity with the situation, however, brings a progressive decrease in the emotional element but leaves the affective judgment constant." 2)

'n Waarde-oordeel veronderstel dan, ten minste, 'n bepaalde gevoelsinstelling van een of ander aard, maar nie noodwendig 'n gevoelsbeleving nie. Hoe meer die waarde-oordeel dus betrekking het op 'n situasie wat reeds ervaar is, des te geringer die moontlikheid van 'n werklike gevoelsbeleving ten tye van die uiting van die oordeel. Tensy die waarde-oordeel dus direk gepaard sou gaan met 'n ooreenstemmende waarde-beleving van 'n bepaalde intensiteit, is daar weinig of geen sprake van die objektiewe meting of observasie van 'n sodanige gevoelsbeleving nie. Die gevoelswaarde van die waarderingsobjek vir die proefpersoon, is derhalwe slegs relatief kenbaar in die emosionele betekenis van sekere woorde of uitdrukkinge in die verbale oordeel, met die veronderstelling dat die waarde-oordeel in 'n groot mate verband hou met 'n ooreenstemmende, hoewel nie noodwendig gepaardgaande, gevoelsbeleving.

-
- 1) P.T. Young, Motivation of Behavior, 1948, p.331.
2) H.N. Peters, The Judgmental Theory of Pleasantness and Unpleasantness, Psychol. Rev., 1935, 42, p. 360.

Die kern-probleem van 'n ondersoek soos die huidige is dan ook, ten slotte, soortgelyk aan dié waarmee die introspektiewe metode in die algemeen te kampe het, nl. dat ervaring gewoonlik die mededeling daarvan voorafgaan, en dat die blote poging om enige soort van beleving introspektief te ontleed, die wesentlike aard van die betrokke beleving in 'n groot mate beïnvloed of selfs verander.

.....

HOOFSTUK IV

S A M E V A T T E N D E B E S K O U I N G.

A. DIE DOELSTELLING EN TERREIN VAN HIERDIE STUDIE.

In die psigologie word die bestaan van waardes, in soverre dit die menslike verhouding tot die buite-wêreld aangaan, alte dikwels slegs veronderstel, sonder om duidelik te omskryf wat met die begrip waarde bedoel word. Gevolglik word ook nie altyd duidelik onderskei tussen waarde en verwante begrippe soos houding, sentiment, behoefte, belangstelling, dryfveer, ens. nie. Dit skyn bloot aanvaar te word dat "waardes" geleë is in die objekte van houdinge, sentimente, behoeftes, ens.

Waar die waarde-begrip in die jongste tyd al hoe meer op die gebied van die psigologie tuisgebring word, bestaan daar 'n behoefte om aan te dui wat die betekenis en implikasies van die waarde-probleem vir die psigologie is. Die psigologiese proses van waardering, waardeur die individu aan objekte, situasies, of gebeure waarde toeken of as waardevol beleef, skakel ten nouste aan by die algemene waarde-probleem, alhoewel hierdie aspek in die psigologie nog weinig aandag geniet het.

Dit was dan die doelstelling van hierdie studie om die probleem van waardes en waardering, in soverre dit vir die psigologie van betekenis is, te ondersoek, en wel vanuit 'n algemeen teoretiese gesigspunt sowel as 'n empiriese benadering.

Gesien in die lig van die omvangrykheid van die probleem, is die terrein van studie tot die volgende

aspekte beperk:

1. Die Teoretiese Studie:

- a) 'n Behandeling van enkele filosofiese grondslae van waardes, om daardeur die algemene ontwikkeling en betekenis van die waardebegrip van naderby toe telig;
- b) 'n aanduiding van die besondere betekenis van waardes, as studie-terrein, vir die psigologie;
- c) 'n ondersoek na die aard van die waarderingsproses, met die klem op die rol van die algemene gevoelslewe in die waardering; en
- d) 'n algemene oorsig, met 'n kritiese samevatting van waarde-ondersoek in die psigologie.

2. Die Empiriese Onderzoek:

Deur gebruikmaking van 'n eie metode in die vorm van die analise van waarde-oordele en ander bykomstige reaksies, soos dit in "vrye en spontane verbale uitdrukkinge" tot uiting kom, is (in soverre as wat die protokolle dit regverdig het) die belangrikste faktore in die waarderingsproses ondersoek.

B. DIE WAARDE-PROBLEEM IN DIE PSIGOLOGIE.

1. Filosofiese Grondslae van Waardes:

Die vraag na die aard en wese van waardes, het op filosofiese terrein, meer bepaald die terrein van die spekulatiewe metafisika, besondere aandag geniet. Die waarde-begrip het dan ook in die vroeëre filosofiese denkrigtinge in 'n noue verband gestaan met heersende kosmologiese beskouinge.

Geleidelik het die klem al meer geval op spesifiek menslike waardes, totdat die Tweede Oostenrykse Skool veral aandag skenk aan psigologiese vraagstukke t.o.v. waardes, met die basiese veronderstelling dat waardes alleen bestudeer kan word as synde die produkte van die unieke psigologiese proses van waardering. Deur hierdie benadering is dan ook 'n alge-

mene verandering in die benadering van waardes op die gebied van die waarde-filosofie ingelui.

.....

Die aandag is dikwels in die nuwere waarde-filosofie gewy aan die indeling en rangorde van waardes. Klassifikasies kan, in hoofsaak, herlei word tot 'n basiese onderskeiding tussen die sinlike of laer waardes (hedonistiese waardes i.v.m. sinlike lus of bevrediging, algemene lewenswaardes, nuttigheidswaardes, ens.) en die geestelike of hoër waardes, soos gevind op die terrein van die logiese, die etiese, die estetiese, die religieuse, die sosiale, die ekonomiese, ens.

Die rangorde van waardes word hoofsaaklik gesien in die lig daarvan dat die geestelike waardes verhewe is bo die waardes van die sinlike, dat die geestelike waardes gekenmerk word deur 'n innige samehang en onderlinge wisselwerking, en dat die hoogste waardes geleë is in die religieuse waarin alle ander waardes gefundeer is.

.....

In die algemene waarde-filosofie word die mees omstrede vraagstuk gevind in dié van die wesentlike aard van waardes. In hierdie verband is veral twee denkrigtinge te onderskei, nl. a) die objektiewisme wat waardes beskou as objektiewe gegewens wat onafhanklik van die (individueel) menslike belewing of kenne daarvan bestaan, en b) die subjektiewisme wat die beskouing huldig dat die wese van waardes ten slotte gesoek moet word in die subjektiewe waardering as die proses waardeur die individu sekere waarde-

hoedanighede aan objekte, gebeure, of situasies toeken, en wel op grond van die besondere verhouding waarin die individu tot die betrokke waarde-objekte staan. Subjektiewe (of psigologiese) waarde-teorieë verbind "waarde" dan wesentlik met een of ander subjektiewe belewing van die individu t.o.v. aspekte in die buite-wêreld, bv. genot, begeerte, voorkeur, belangstelling, ens.

Dit blyk dat "objektiwisme" sowel as "subjektiwisme", in die benadering van die wesensaard van waardes, lei tot 'n eensydige beklemtoning van slegs 'n enkele aspek van die totale waarde-situasie.

"Waarde" kry dan alleen volle betekenis wanneer die objektiewe en onafhanklike bestaan van waardes in die buite-wêreld erken word, in onderskeiding van die subjektiewe belewing van sekere waardes wat nie noodwendig met die objektiewe werklikheid ooreenstem nie.

2. Die Plek van Waardes in die Psigologie:

Word waardes dan spesifiek met die individuele mens in verband gebring, en gesien as die objekte van die waardering of waarde-belewing, is dit die besondere taak van die psigologie om die prosesse wat ten grondslag van die waardering lê, te ondersoek.

Hieruit volg dan dat, as 'n waarde die objek van die waardering is, waardering 'n belewing van die individu, en sowel die mens as sy belewinge die voorwerp van psigologiese studie is, dan hoort die waarde-begrip wesentlik tot die terrein van die psigologie.

Aangesien waardes dan in so 'n besondere mate

aan die belewinge van die individu gebonde is, en ook sy gedrag in 'n groot mate bepaal, is die waarde-probleem in die psigologie in die eerste plek te bestudeer met die individu as uitgangspunt. Belangrike waardes word egter dikwels deur die individue van 'n bepaalde gemeenskap gedeel, waardeur sosiale organisasie ontstaan. Naas die ego-sentriese kenmerk van waardes, kan dit dus ook 'n sterk sosio-sentriese inslag vertoon.

In die individu (sowel as in die groep) word aanvanklik 'n primitiewe sisteem van waardes gevind, hoofsaaklik gerig op die laer waardes van sinlike genot en bevrediging. Met die ontwikkeling van die kognitiewe vermoëns en die vorming van idees, gegrond in die uitbreiding van ervaring en kennis, word die individu bewus van ander waardes as dié geleë in die bevrediging van basiese behoeftes, en geleidelik kom die waarde-sisteem tot ontplooiing in die toenemende vermoë om die hoër waardes soos van skoonheid, goedheid, en waarheid te gryp.

3. Die Waarderingsproses:

Onder invloed van vroeëre neiginge in die filosofie tot verheerliking van die rede of intellek, ontstaan op die terrein van die waarde-onderzoek die sgn. intellektualisme wat waardering basies as 'n intellektuele kenvermoë beskou. Hiervolgens word die waardering oorheers deur redelike insig en die werking van kritiese vermoëns, terwyl gevoelsbelevinge slegs as begeleidingsverskynsels in die gedrang kom, en weinig te doen het met die "grype" van die waarde-hoedanighede van objekte.

Die emosionalisme, onder invloed van die psigologies-georiënteerde denkwys, staan in direkte teenstelling met die intellektualisme in die benadering van die waarderingsproses. Waardering, volgens die emosionalisme, is 'n proses wat wesentlik herleibaar is tot die onmiddellike grype van waardes deur die gevoel of emosie. Waardering is dus eerder 'n (emosionele) belewing, as 'n (intellektuele) kenne van die waardevolle.

Word die waarderingsproses meer algemeen beskou as 'n nie-kognitiewe instelling van die subjek teenoor waarde-objekte, bestaan sterk meningsverskil nogtans t.o.v. die vraag of die fundamentele element gevoel of strewe is. Gevoel en strewe, as nie-kognitiewe funksies van die menslike bewussyn, is egter so nou aan mekaar verbonde in die uitinge daarvan, dat 'n duidelike onderskeiding hier nie moontlik is nie, d.w.s, geen gevoelsbelewing is skynbaar moontlik sonder dat 'n gepaardgaande neiging tot toenadering of onttrekking kenbaar is nie, en omgekeerd.

.....

Die hoedanigheid van die waarde-belewing is veral kenbaar in die waarde-oordeel wat, as 'n gevoelsreaksie, 'n vorm van uitdrukking of formulering van die waardering is. Die waarde-oordeel, synde gebaseer op 'n onmiddellike gevoelsbelewing, staan dus in direkte teenstelling met die intellektuele oordeel wat wesentlik in die rede gegrond is, en derhalwe noodwendig teoreties waar of vals, logies of onlogies moet wees. By die waarde-oordeel, egter, is waarheid of logiese geldigheid nie ter sake nie, aangesien dit hier gaan om 'n positiewe of negatiewe in-

stelling wat basies berus op 'n subjektiewe "aanvoeling" van die waarde-hoedanigheid van 'n objek m.b.t. die waarderende subjek, sonder om noodwendig met die objektiewe werklikheid ooreen te stem.

.....

In die samestelling van die persoonlikheid. bestaan 'n innige samehang en onderlinge wisselwerking tussen die kenlewe, die gevoelslewe, en die strewingslewe, waardeur die persoonlikheid dan ook as 'n eenheid of totaliteit gekenmerk word. Dit is egter in die uitinge van die gevoelslewe dat die menslike sielelewe tot volle ontplooiing kom, maar dan mag die gevoelsbelewinge ook nie in isolasie van die ander persoonlikheidsfunksies beskou word nie, maar as 'n reaksie van die geheel van die persoonlikheid t.o.v. die buite-wêreld. Word die gevoel beskou as die "waarderende akte van die persoonlikheid", word daarmee bedoel dat objekte, situasies, of gebeure deur die individu waardeer word op grond van 'n onmiddellike positiewe of negatiewe gevoelsreaksie.

4. Waarde-Onderzoek in die Psigologie:

Met die opkoms van die moderne psigologie het, onder invloed van Titchener, 'n oordrewe neiging ontstaan om "suiwer" wetenskaplik te wees in die bestudering van menslike gedrag. Die taak van die psigologie sou dan ook wees om hom met feite te bemoei, en daarmee onverskillig teenoor waardes te staan. Hierdie houding word in die psigologiese literatuur weer- spieël in die gebrek aan deurdringende studies van waardes. Nogtans het hierdie onderwerp van studie in die latere jare 'n besondere mate van erkenning

en aandag in die psigologie begin geniet.

In die psigologiese waarde-onderzoek is voorrang veral gegee aan die "meting" van waardes, met die belangrikste doel om individuele en groepsverskille t.o.v. sekere waardes aan te toon. In hierdie verband is dit, met enkele uitsonderings, veral die Allport-Vernon "Study of Values" wat as toets in 'n groot verskeidenheid van ondersoeke toegepas is. Onderzoek t.o.v. die ontwikkeling van waardes in die kind, en die invloed van waardes op die kenlewe van die individu is verder onderneem, hoewel tot dusver weinig betekenisvolle resultate verkry is.

In hoofsaak het die klem dus geval op spesifieke waardes of waarde-sisteme van individue of groepe. Dit is dan ook opvallend dat 'n groot gebrek bestaan aan die empiriese ondersoek van die proses van waardering as synde 'n wesentlike aspek van die totale waarde-situasie.

C. WAARDERING AS 'N PERSOONLIKHEIDSAKTE.

In die lig van die teoretiese studie sowel as die empiriese ondersoek, kan die volgende omskrywing van die wesentlike hoedanighede van waardes en waardering gegee word:

"Waarde" en "waardering" is begrippe wat, vanuit 'n psigologiese gesigspunt, ten nouste verwant is. Hoewel die waarde-begrip 'n sterk filosofiese inslag vertoon, ¹⁾ het dit betekenisvolle implikasies vir die psigologie, meer bepaald ten opsigte van die belang van waardes in die algemene lewe en gedrag van die individu en die groep. Die waarde-sisteem van

1) Vgl. pp. 8 - 28 van die huidige studie.

die individu is ten slotte die maatstaf waaraan sy persoonlikheid gemeet word.

As aanvaar word dat waardes as objektiewe gegewens bestaan, maar tog ook, in die belewing daarvan, vir die individu 'n sterk subjektiewe betekenis verkry,¹⁾ kan waarde (in die psigologie) omskryf word as die besondere eienskap of hoedanigheid van 'n objek, gebeure, of situasie soos dit deur die individu in die proses van waardering gegryp word.

Met die klem gewysig, kan waardering omskryf word as die psigiese of psigies-geestelike proses waardeur die individu aan objekte, gebeure, of situasies sekere waarde-hoedanighede toeken, of dit as waarde-vol beleef.

Deur hierdie omskrywing, kom veral die besondere aard van die verhouding tussen die individu en sy eie wêreld van waardes in die gedrang - 'n verhouding wat kenbaar is in die subjektiewe belewing t.o.v. sodanige waardes.

Word die waarderingsproses van naderby ondersoek, blyk die kenmerkendste eienskap daarvan geleë te wees in die onmiddellike gevoelsreaksie t.o.v. die waarderings-objek.²⁾ Dat die waardering wesentlik 'n gevoelsreaksie t.o.v. 'n waarde-objek is, blyk duidelik uit die analise van die protokolle van die empiriese ondersoek in hierdie studie. In die algemene reaksies van die proefpersone op die verskillende situasies, soos deur die prikkelkaarte verteenwoordig, is slegs die meer spesifieke gevoelsreaksies, in die vorm van verbale waarde-oordele, 'n

1) Vgl. pp. 25 - 28.

2) Vgl. pp. 36 - 37.

direkte aanduiding van die bepaalde positiewe of negatiewe waarde wat die afsonderlike situasies vir die proefpersone inhou.

Die waarde-oordeel, as blote formulering van die waardering, veronderstel egter nie noodwendig die onmiddellike belewing van 'n ooreenstemmende gevoel of emosie nie, aangesien bekendheid met 'n situasie dikwels 'n progressiewe afname in die emosionele belewing teweegbring, hoewel die gevoels-oordeel dieselfde bly. 1) Uit die resultate van die empiriese ondersoek kan die "onmiddellikheid" van die gevoelsbelewing dus nie direk afgelei word nie, hoewel dit tog in 'n groot mate gesuggereer word.

Waardering is dus wesentlik geleë in 'n relatiewe gevoelsbelewing van lus of onlus, en wel as reaksie op die positiewe of negatiewe hoedanighede wat die waarde-objekte vir die waarderende subjek inhou. 2)

Waar die klem ookal geplaas mag word, moet in gedagte gehou word dat die verskeie aspekte van die persoonlikheid, in enige subjektiewe belewing t.o.v. die buite-wêreld, as 'n eenheid funksioneer. Die waarderingsproses word dan ook gekenmerk as 'n persoonlikheidsakte waarin die hele persoonlikheid met sy ken-, gevoels-, en strewingslewe as totaliteit tot uitdrukking kom. Alhoewel die waardes op 'n direkte wyse onmiddellik en spontaan deur die gevoel gegryp word, ontstaan 'n ooreenstemmende (positiewe of negatiewe) strewe of neiging m.b.t. die objek van die waardering. 3) Hierna tree 'n verskeidenheid

1) Vgl. pp. 97 - 98; ook p. 45.

2) Vgl. pp. 50 - 51.

3) Onderskeiding in hierdie verband is egter, op empiriese gronde, uiters moeilik. Vgl. pp. 38 - 42.

faktore uit die kenlewe, soos intelligensie, kennis, herinnering, assosiasie, ens., na vore, hoewel nie as wesentlike aspekte in die waarde-belewing nie, maar as motivering van die oorspronklike gevoelsinstelling. 1) Die gevoelsbelewing, tydens 'n bepaalde waardering-situasie, moet verder ook gesien word in die lig van die algemene ontwikkeling van die individuele persoonlikheid, waarin komplekse faktore soos van ervaring, opvoeding, tradisie, sosiale houdinge, ens., 'n uiters belangrike rol speel.

D. SLOTBESKOUING.

Waardering is dan, ten slotte, 'n akte van die hele persoonlikheid t.o.v. die werklikheid, waardeur die individu aan objekte, gebeure, of situasies waarde toeken of dit as waardevol beleef. Die grondliggende faktor in die waardering is geleë in die spontane en onmiddellike belewing van die waardes deur die gevoel, in noue wisselwerking met die persoonlikheid as geheel.

.....

1) Vgl. pp. 96 - 98.

BYLAAG I

P R O T O K O L L E.

PROEFPERSOON I.

KAART A.1.:

"Dit is eintlik lagwekkend. Hul eie mense behoort seker iets interessants in so iets te sien. My besondere indruk kom naasteby ooreen met die deelname van blanke dames aan 'n skoonheidskompetisie - iets wat my gladnie aanstaan nie."

KAART A.2.:

"Dit is 'n liberalistiese vergadering, en so 'n vermenging is absoluut af te keur op grond van ons apartheidsbeginsel. Dit is iets wat my absoluut teen die bors stuit, veral die idee van blanke dames tussen naturelle mans. Ek kan my net nie daarmee vereenselwig nie. Opmerklik is die glimlaggende uitdrukking op die gesigte van die blanke dames, en die ernstige houding by die naturelle mans."

KAART A.3.:

"Ek is bekend met die voorval, en my indruk is natuurlik een van totale afkeur. Op grond ook van die beleid van apartheid kan ek my eenvoudig nie met so 'n idee vereenselwig nie. Ek weet nie hoe kan 'n persoon so iets doen nie; dit is vir my ongelooflik, selfs by 'n persoon uit Engeland soos in hierdie spesifieke geval. Ek kan my nie in 'n situasie indink om so 'n verhouding met 'n kaffermeid aan te gaan nie."

KAART B.1.:

"Ek is nie 'n sportman nie, en ook nie juis 'n liefhebber van sport nie. Ek geniet dit wel om soms een of ander wedstryd by te woon. Geen sportsoort het juis vir my 'n besondere aantrekkingskrag nie, en dit hang miskien saam met my liggaamlike onbekwaamhede in die verlede wat my verhinder het om aan enige sport deel te neem. Op die stadium toe ek seker my belangstelling moes ontwikkel het, was ek liggaamlik ongeskik. Ek het derhalwe gewoon geraak om daarsonder klaar te kom. Tennis, byvoorbeeld, sal ek vandag speel alleen omdat ek beseft dat ek die oefening nodig het, maar sonder dat dit my juis enige genot sal verskaf. Ek voel dat ek my tyd baie meer nuttig as op die sportveld kan bestee."

KAART B.2.:

"Ek het vroeër baie daarvan gehou, veral op skool. Dit was nogal aangenaam om met baie meisies in aan-

raking te kom, maar vandag het volkspele vir my geen besondere aantrekkingskrag meer nie. Ek het nooit eintlik meer die lus om daaraan deel te neem nie, veral op 'n Saterdagavond wanneer 'n mens tog verkies om alleen saam met jou 'meisie' te wees. In volkspele sou die geleentheid om saam met haar te wees van geringe waarde wees. Dit is miskien lekker, maar ek het geen spesifieke liefde daarvoor nie. Om dans teenoor volkspele te stel: ek sien dans as van Europese afkoms, terwyl volkspele iets eie aan onself is. Uit die aard van volkspele sou ek daarteen geen beswaar hê nie, terwyl ek dans egter heeltemal sou afkeur. In volkspele het ons 'n behoorlike kleredrag en nie daardie noue kontak tussen twee persone soos by dans nie. Ek vind hier niks wat nou werklik as onchristelik bestempel kan word nie. Met dans gaan gewoonlik drank gepaard, en daarom het dit nog meer afskuwelik geword. Afkeurend dus by dans is veral die kleredrag, drank, en die gepaardgaande prikkeling van die seksdrang. Omdat ek voel dat dit onmoontlik is om in dans jou christelike beginsels uit te leef, keur ek dit algeheel af."

KAART B.3.:

"Ek het self nog geen opera bygewoon nie, maar wel rolprentvertonings daarvan gesien. Ek hou besonder baie daarvan, veral van die musiek. Ek vind dit baie interessant, veral omdat die verhaal gewoonlik in 'n vroeëre tydperk afspeel."

KAART C.1.:

"Dit is 'n klassieke skilderwerk. So iets wek by my altyd 'n bekoring, en ek kry die idee dat dit 'n groot kunswerk is."

KAART C.2.:

"Dit is vir my tipies van die moderne kuns van 'n paar strepe en 'n naam daarby om te beskryf wat die kunstenaar probeer skilder het. Sonder die byskrif sou ek nie kon begryp wat hier uitgebeeld word nie. Ek staan hierteenoor heeltemal afkeurend, en kan dit nie juis as kuns bestempel nie."

KAARTE D.:

"Waarom weet ek nie, maar blou is my geliefkoosde kleur. Ek hou van groen, maar hierdie spesifieke skakering daarvan is vir my 'n bietjie te helder en daarom minder aantreklik. Die rooi is 'n sagte kleur, maar nie juis vir my mooi nie; ek sou ook nie daarvan hou as klere-drag vir 'n dame nie. Van geel hou ek gladnie, veral nie vir 'n motor of kleredrag nie."

KAART E.1.:

"Ek is miskien bevooroordeel, maar kan tog nie insien

hoe 'n persoon alles kan verkondig wat hy verkondig nie. Die opposisie verkondig sekere dinge uitsluitlik om die regering teen te staan, en nie omdat dit op bepaalde oortuigings berus nie. Ek dink dit is om hierdie rede dat ek byna 'n afsku in die politiek het - dat 'n persoon 'n standpunt inneem net omdat hy die regering moet opponeer. Ek is oortuig daarvan dat, as hy 'n eerlike en christelike man was, hy nie daardie houding sou inneem nie. Ek kan nie dink dat 'n persoon op só 'n wyse nog eerlik teenoor sy land en volk kan wees nie."

KAART E.2.:

"Wat ek van die vorige persoon gesê het, kan ek miskien in hierdie geval ook sê, hoewel hy 'n persoon in die politiek was voordat ek daarin nog enige belangstelling getoon het. Oor die algemeen respekteer ek hom egter baie meer, maar staan veral gekant teenoor sy beleid ten opsigte van Engeland."

KAART E.3.:

"Hy is vir my die ideale leier, hoewel ek tog in sekere sake van hom verskil. Ek is nie juis 'n radikale nasionalis nie, en raak gladnie op loop met politiek nie. Van die belangrikste wat ek van hom waardeer, is dat hy in die politieke lewe ook sy christelike beginsels kan handhaaf - ek twyfel of daar baie politieke leiers is wat dit sal regkry - en daarom respekteer ek hom baie."

KAART F.1.:

"Dit is vir my 'n goeie tydskrif sonder daardie afkeurenswaardige dinge wat 'n mens soms in tydskrifte kry. In sowerre ek die verhale gelees het, het ek dit geniet. Dit bevat ook interessante artikels."

KAART F.2.:

"As tydskrif is dit niks besonders nie. Die laaste bladsy met die foto's oor filmsterre trek natuurlik altyd die aandag, hoewel, as 'n mens daaroor sou nadenk, dit eintlik af te keur is. Dit is egter geen watwonderse tydskrif nie, en ek sal geen moeite doen om dit te koop nie."

KAART F.4.:

"Ek het dit eenmaal gelees, en keur dit totaal af. Die bepaalde verhaal wat ek daarin gelees het, was van die uiterste onsedelike lektuur. Ek verbaas my aan die vinnige sirkulasie van so 'n blad, en dink dat die publiek geen behoorlike leesstof meer kan waardeer nie. Ek sou my skaam om in die openbaar met so 'n blad gesien te word."

PROEFPERSOON II.

KAART A.1.:

"Dit maak natuurlik geen aangename indruk op my nie. Ek beskou dit as 'n na-apery van die blankes."

KAART A.2.:

"Dit is iets verskrikliks. Ek vind dit eintlik net baie snaaks."

KAART A.3.:

"Ek kan nie dink dat 'n blanke tot so iets in staat kan wees nie. My indrukke is hoofsaaklik van algehele afkeur."

KAART B.1.:

"Ek hou baie van sport in die algemeen. Voetbal is vir my die mooiste sportsoort, al is dit dan ook 'n spel vir mans. Ek verkies om eerder by voetbal as toeskouer te wees as by korfbal wat ek self speel. Ek dink dat die idee dat dit ons nasionale spel is, ongetwyfeld die waarde daarvan vir my verhoog."

KAART B.2.:

"Ek hou nie baie van volkspele nie, hoewel dit tog 'n goeie tipe van ontspanning is. Ek verkies dit in alle geval bo dans. 'n Mens voel die verskil in atmosfeer tussen die twee. By volkspele heers gewoonlik 'n gesellige gees - almal is opgewek en sing saam; by dans vind 'n mens 'n byna geheimsinnige en drukkende atmosfeer. Ek dink nie dat dans juis vir ons samelewing bevorderlik is nie, want daar is so baie nadelige gevolge wat daaruit voortspruit - iets wat 'n mens nie by volkspele vind nie."

KAART B.3.:

"Van opera hou ek baie. Dit is iets wat 'n mens sien en onthou. Ek bly langer onder die indruk van 'n opera as 'n rolprentvertoning."

KAART C.1.:

"Ek hou baie daarvan, maar waarom kan ek nie presies sê nie."

KAART C.2.:

"Ek hou absoluut niks daarvan nie, en sal ook seker nooit daarvan kan hou nie. Al het ek dit ook verstaan, sou so iets vir my nogtans onsinnig voorkom. Vir my is dit geensins 'n kunswerk nie, en is heeltemal afstotend."

KAARTE D.:

"Ek haat die kleur rooi omdat ek rooi hare het, en self daarvan niks hou nie. Enige rooi voorwerp is vir my afstootlik. Van groen hou ek oor die algemeen, en ook van blou. Van geel hou ek niks. Afgesien van die rooi, kan ek aan geen besondere rede dink waarom ek van een kleur hou en 'n ander nie."

KAART E.1.:

"Ek ken hom nie as persoon nie, maar sal nie kan sê dat ek van hom hou nie, omdat sy politieke opinies teenstrydig met myne is. Die feit dat hy 'n Afrikaner is, en nie eers behoorlik Afrikaans kan praat nie, stoot my natuurlik ook af."

KAART E.2.:

"Hy is 'n man wat 'n groot brein gehad het, hoewel dit hom miskien in 'n verkeerde rigting gelei het. Vir hom as persoon het ek respek gehad, hoewel ek gekant was teen sy beleid."

KAART E.3.:

"Van hom hou ek baie omdat hy leier is van die party wat ek aanhang, en wat ek meen heeltemal reg is."

KAART F.1.:

"Dit is 'n blad waarvan ek besonder hou. Dit bevat goeie verhale, en is oor die algemeen aan te beveel omdat alles daarin gewoonlik van hoogstaande gehalte is."

KAART F.2.:

"Van hierdie blad hou ek nie veel nie, behalwe miskien van sommige artikels wat soms daarin verskyn. Ek lees die tydskrif gladnie gereeld nie."

KAART F.3.:

"Die tydskrif is soetsappig, en ek hou gladnie daarvan nie. Dit is gemik op sensasie, en ek lees dit gladnie."

KAART F.4.:

"Dit is nog erger as die vorige, en nog meer sensasioneel van aard. Oor die algemeen hou dit niks in wat 'n mens van 'n goeie blad kan verwag nie."

PROEFPERSOON III.

KAART A.1.:

"Ek hou daar niks van nie. Dit is te veel 'n napaery van die blankes. Deur sulke dinge probeer die naturel hom opwerk tot die blanke peil, miskien as gevolg van 'n minderwaardigheidsgevoel. Hy probeer hom op sulke wyses met die blankes gelykstel, en dit druis algeheel in teen ons beleid."

KAART A.2.:

"Afskuwelik! - veral die idee van blanke dames tussen die naturelle. Die neem van sulke foto's behoort verbied te word, want deurdat naturelle dit sien, versterk dit die idee van rasse-gelykheid. Die hele saak is vir my iets ongehoords."

KAART A.3.:

"Dit wek by my in beginsel dieselfde indrukke as die vorige twee, d.w.s., van afkeuring. Algemeen beskou, sou ek dink dat, as die naturel met die dogter van 'n vooraanstaande blanke 'n verlowing kan aangaan, ander naturelle so 'n verhouding as heeltemal geoorloof voel. Al hierdie dinge werk mee om die naturel op te sweep tot die eis om gelykheid. Wat deur ons beleid opgebou word, word weer deur sulke gebeure afgebreek. Ek voel dat die owerheid die publisiteit van sodanige foto's behoort te belet, want so iets moet gladnie deur naturelle gesien word nie."

KAART B.1.:

"In soverre dit voetbal aangaan: dit is ons nasionale spel, en daar is vandag min persone wat nie daarvan hou nie. Dit is 'n mooi spel, en wat my veral tref is die krag daarin. Alles hang af van die krag van die speler, en elkeen moet hom tot die uiterste inspan. Ek voel egter dat voetbal in besonder, en sport in die algemeen, vandag 'n té belangrike rol in ons lewe speel, veral in ons land. Tog het elke mens behoefte aan ontspanning, en al neem jy nie self deel aan 'n wedstryd nie, is dit tog lekker om as toeskouer daarna te kyk."

KAART B.2.:

"Toe ek vroeër self aan volkspele deelgeneem het, het ek wel daarvan gehou. Dit is aangename vermaak en ontspanning, en 'n mens verkeer op 'n mooi manier gesellig saam met die ander geslag. Dit gaan ook nie gepaard met al die dinge wat by dans gevind word nie. Juis die gesellige atmosfeer maak dit so interessant. Persoonlik voel ek nou egter nie meer aangetrokke daartoe nie. Ek begeer selfs dikwels om te leer dans want, afgesien van die verkeerde dinge wat soms daaruit voortvloei, is daarin tog nie juis 'n groot verskil met volkspele nie."

KAART B.3.:

"Opera het natuurlik die eerste keer 'n geweldige indruk op my gemaak, en dit sal ek nooit vergeet nie. Dit is veral indrukwekkend om dit direk in 'n opvoering te sien eerder as in 'n rolprentvertoning. Jy sien die spelers persoonlik optree, en leef jou in in die emosies wat elk ondervind. Die toneelspel en musiek hang natuurlik baie nou saam. Die musiek wek in jou 'n bepaalde gemoedstemming, en tesame met die spel kom jy tot 'n waardering van die kuns."

KAART C.1.:

"Hoewel ek van skilderkuns niks weet of verstaan nie, maak dit tog dadelik 'n goeie indruk op my. Dit is 'n uitstekende werk, en ek sou eerder sê dat dit 'n portret is en nie 'n skilderstuk nie. Die agtergrond is vir my net 'n bietjie uit verband, en ek sou eerder 'n ander tipe agtergrond verkies."

KAART C.2.:

"As dit moderne kuns is, weet ek nie waar gaan die kuns heen nie. Ek kan nie verstaan dat so iets as kuns bestempel kan word nie. Ek staan heeltemal afkeurend hierteenoor, en vind dit selfs afskuwelik."

KAARTE D.:

"Ek weet nie juis wat my spesifieke indrukke in hierdie geval is nie. Rooi is vir my geen bekoorlike kleur nie. Dit gee my 'n afsku omdat dit my altyd aan bloed herinner. Rooi lippe by dames wek altyd by my 'n wrede indruk, en daarom hou ek niks van die gebruik nie. Groen is vir my meer strelend; dit gee 'n indruk van skoonheid, en 'n idee van die natuur. Ek verkies groen bo die ander kleure. Van blou hou ek ook baie naas die groen. Ek hou meer van blou as van geel. Geel is vir my 'n dooie en sinlose kleur."

KAART E.1.:

"As 'n mens hom sien dink jy dadelik aan sy beleid of die beleid van sy party. Van hom as persoon kan ek niks sê nie. Dit is die neiging in die politiek om nie die persoon te beoordeel nie, maar wel sy beleid, en in hierdie verband word die persoon dan beoordeel. Ek voel dat dit miskien nie die regte ding is nie. As persoon mag hy dalk 'n baie goeie man wees, en ek bejammer hom dus half. Ek dink dat sy persoonlikheid tot 'n groot mate uitgeskakel word deurdat hy hom laat lei deur andere in die party."

KAART E.2.:

"Afgesien van sy politiek, was hy 'n baie bekwame man. Hy het miskien 'n beleid in sy politiek voorgestaan

waartoe hy moontlik gedwing was. As persoon wil ek hom nie veroordeel nie. Wat ek wel veroordeel is sy bepaalde beleid, miskien op grond van my eie politieke standpunt. Hier is ek ook geneig om die persoon liewer te skei van sy politiek. As gevolg van sy politieke beskouings het hy minder gewild geword, nieteenstaande die bekwaamheid van sy persoon. Af te keur is veral dat hy hom in so 'n mate met sy eertydse vyand versoen en sy idees nagestreef het. As hy Engeland nie so sterk aangehang het nie, sou hy miskien 'n baie meer geëerde plek onder sy volkingeneem het, want tot 'n groot mate het hy sy rug gekeer op sy volk en sy oog gevestig op Engeland."

KAART E.3.:

"Dit is weer 'n geval dat ek die persoon nie ken nie, maar wel die beleid wat hy voorstaan, en as gevolg daarvan hou ek van hom as persoon. As ek hom met die vorige sou vergelyk, staan hulle as persoonlikhede miskien op dieselfde vlak, maar van die een hou ek niks op grond van sy beleid, en van die ander hou ek wel baie op grond van die indruk wat sy beleid op my maak."

KAART F.1.:

"Ek is nie baie vertrouwd met tydskrifte nie, en dit is moeilik om enige spesifieke indrukke weer te gee. Hierdie blad is seker die beste tydskrif in die land."

KAART F.2.:

"Dit is 'n ou blad, maar het, volgens my mening, baie in die peil daarvan gedaal. Ek dink dat die uitgewers van hierdie tipe tydskrif onder 'n moeilike situasie verkeer, deurdat hulle moet meeding met die ligtere leesstof wat oor die algemeen baie meer populêr is. Daaraan kan 'n mens dan ook miskien die verlaging in die peil van hierdie tydskrif toeskryf. Die verhale neig tot die tipe wat 'n mens in die ligtere leesstof vind, maar van waarde is wel wetenskaplike artikels, en dit verhoog wel die waarde van die blad."

KAART F.4.:

"Hierdie tydskrif ken ek beter, en hoewel ek besef dat dit miskien nie so opbouend van aard is as die eerste nie, lees ek dit nogtans dikwels. Die verhale word miskien té realisties gestel, maar ek dink tog dat dit 'n mens 'n idee gee van die lewe in al sy werklikheid. Ook vind ek interessant die artikels oor moordsake wat 'n mens andersins nie so breedvoerig uitgebeeld te lees sou kry nie. Van die illustrasies hou ek nie baie nie, veral ook nie van die voorblaaie waar dames gewoonlik gebruik word as lokmiddel en advertensie vir die blad nie - iets wat vir my 'n verkleining is van die vrou. Die illustrasies in die blad neig gewoonlik na die 'row-

we' kant, en ek dink dit doen baie afbreuk aan die waarde wat die blad andersins kon hê. Die wye omset van die blad moet, volgens my mening, toegeskryf word aan die oorbeklemtoning van die seksuele aspek in die lewe."

PROEFPERSOON IV.

KAART A.1.:

"Dit wek by my 'n weersin. 'n Kaffer kan ek waardeer wanneer hy eie is aan sy nasie, maar as hy hom westers voordoen, wek dit dadelik 'n weersin. Van jongs af het ek 'n hekel in 'n meid omdat die 'goed' vir my nog altyd vuil en afskuwelik voorgekom het."

KAART A.2.:

"Dit laat my verbitterd voel om so iets te sien, en dit voel of ek die blankes in hierdie situasie meer verag as die kaffers. Ek voel dit dadelik aan as iets oneties."

KAART A.3.:

"Hierteenoor staan ek tot 'n mate onverskillig omdat ek voel dat dit dinge is wat in die buiteland aangaan, en dit is hul eie probleem. Tog is die idee van witmens teenoor kaffer in so 'n verhouding vir my iets heeltemal onweloweglik, alhoewel die betrokke naturel dit miskien reeds ver in die lewe gebring het. Ook wek dit by my die gedagte van onbybelsheid - waarom weet ek nie - miskien omdat die Engelse meer onverskillig staan teenoor die Bybel en sake wat vir ons dierbaar is."

KAART B.1.:

"Voetbal keur ek nie in die minste af nie, maar dit is besig om onder ons volk 'n afgod te word. Sport word in so 'n mate beklemtoon dat dit afbreuk doen aan ons daaglikse pligte. Ek vind dit aangenaam om as toeskouer 'n wedstryd by te woon, as gevolg van die genot wat dit my verskaf. My enigste beswaar teen sport is die mate waarin dit oordryf word."

KAART B.2.:

"Volkspele is vir my iets moois, en ek hou baie daarvan. Dit is 'n uitstekende middel om die sosiale omgang te verbeter. Ek voel self baie ongelukkig dat ek, om persoonlike redes, nie daaraan kan deelneem nie. T.o.v. dans is die beskouing by my dat dit verkeerd is, maar ek wil nie doelbewus argumente vir my opvatting soek nie. Pertinent op die voorgrond, en daarom af te keur, is die seksuele element in die dans, sowel as die idee van drankmisbruik wat 'n algemene verskynsel is. My hele opvoeding was ook in hierdie opsig in totale teenkanting van dans."

KAART C.1.:

"Ek is maar swak op die gebied van kunswaardering. Ek kan sien dat dit iets moois is, maar kan nie sê waarom nie. In hierdie geval kan ek maar net sê dat dit vir my mooi is."

KAART C.2.:

"Die ekspressionistiese kuns is vir my in werklikheid geen kuns nie. Ek dink dit gaan hier meer om die kunstenaar as om die kuns self. Die kunstenaar probeer in sy werk die bepaalde kenmerke uitbeeld wat op hom 'n indruk maak, maar die buite-staander kan dit nie waardeer nie."

KAARTE D.:

"Oor die algemeen sien ek kleure maar net in die lig van dat ek aan sommiges voorkeur bo ander gee. Waarom die een mooier as die ander vir my is, weet ek nie. Blou trek dadelik my oog, en ek heg die grootste waarde daaraan. Van groen hou ek baie, van geel hou ek nie baie nie, en teenoor rooi staan ek koud."

KAART E.1.:

"Ek het simpatie vir die man omdat hy so 'n veelomstrede figuur is. Algemeen dwing hy nie juis respek af nie, en is 'n persoon wat ongelukkig so 'n vername posisie moet beklee."

KAART E.2.:

"Objektief beskou, is hy een van die grootste staatsmanne bekend, hoewel 'n man met teenstrydighede in sy lewe. Hy was selfs deur sy teenstanders gerespekteer. Ek gaan nie saam met sy algemene beleid nie, maar eer hom as 'n groot man wat agting waardig is."

KAART E.3.:

"Hy is vir my die verpersoonliking van die party waarby ek my skaar, hoewel ek nie besonder ten gunste van die party-politiek is nie. Hy is vir my die ideale Afrikaner, maar tog sou ek hom nie as staatsman met die vorige (E.2.) gelykstel nie - in soverre ek trag om objektief te oordeel. Uitgaande egter van 'n politieke standpunt, sou ek my aan sy kant skaar."

KAART F.1.:

"Dit is opmerklik dat die tydskrif se voorblaaie gewoonlik 'n weerspieëling is van die inhoud daarvan. Hierdie tydskrif probeer iets op die voorblad plaas

wat alle persone mooi sal vind, en nie slegs die sensasie-soeker soos met ander tydskrifte die geval is nie. Die blad streef na die handhawing van 'n hoë letterkundige peil, en probeer om die jongere skrywers aan te moedig. Oor die algemeen is die verhale die moeite wêrd om gelees te word."

KAART F.2.:

"Uit letterkundige oogpunt beskou, staan hierdie tydskrif op 'n baie lae peil. Vroeër jare het ek daarvan gehou omdat dit veel bevat het wat 'n mens kon waardeer, maar teenswoordig is die belangrikste oogmerk daarvan om sensasie te verskaf ter wille van 'n verhoogde omset. 'n Mens kan die persone wat die tydskrif gereeld lees, ook dadelik beoordeel. Ek sal dit nie toeskryf aan 'n lae ontwikkelingspeil nie, maar dit is so tipies van ons moderne tyd."

KAART F.4.:

"Ek lees die tydskrif nooit. Dit is vir my iets tipies van die moderne geestesrigting waarin pertinent is die beklemtoning van die seksuele aspek en onverskilligheid teenoor die godsdienste. Ek beskou die uitbuiting en veralledaagsing van seks as 'n soortgelyke euwel as drankmisbruik - dit is vir my die twee grootste ewels van ons tyd. Ek dink dat 'n mens se gevoel t.o.v. die verhewe aard van die seksuele tot 'n groot mate afstomp deur die publikasie van sulke literatuur. Ek sou dit selfs beskou as indirekte oorsaak van misdaad."

PROEFPERSOON V.

KAART A.1.:

"Ek vind dit interessant dat nie-blankes reeds die peil bereik het waar hulle die blankes na-aap, en wel daarin dat hulle ook aan skoonheidswedstryde deelneem en daardeur hulself in die moderne sin met liggaamlike skoonheid vereenselwig. Ek dink hulle het wel die reg om ons gewoontes te probeer navolg en hulself te verbeter. Ek dink dat 'n naturel wel die skoonheid in hierdie gesigte sal kan bespeur, hoewel ek dit nie kan sien nie. Ek dink dat naturelle meer aantreklik is in hul natuurlike kleredrag en -toestand as die in hierdie geval waarin hulle die blankes in kleredrag en gewoontes probeer nadoen."

KAART A.2.:

"Die naturelle op hierdie foto skyn vernamte persone te wees. Ek was self dikwels in gemengde vergaderings, en het alle gevoelens wat t.o.v. ras bestaan het verloor, omdat ek in my besondere omgang met naturelle geleer het om hulle as gewone individuele mense te beskou, eerder as 'n tipe. My eerste indrukke is dus nie van afkeur nie, seker omdat ek so

lank met hulle gewerk het, en geleer het om hulle te waardeer eerder as te verag. Die omgang van blankes met naturelle in die Unie kan 'n mens seker in 'n ander lig beskou, deurdat 'n mens die gevoel kry dat ook by die nie-blankes 'n gevoel van vyandigheid bestaan. Ek is nou wel nie 'n kafferboetie nie, maar ek dink nie dat die naturel so sleg is as wat baie mense in die Unie meen nie."

KAART A.3.:

"Ek het meer dikwels gevind dat 'n blanke man met 'n nie-blanke vrou trou. Ek dink dat hulle nakomelinge gewoonlik 'n ongelukkige bestaan voer. Hulle voel nie om te meng met hulle eie mense nie, en kan ook nie vryelik met die blankes omgaan nie. Ek dink dus veral aan die ongelukkige posisie van die kinders, en sou nie graag in hul posisie wou verkeer nie. Hul posisie in die samelewing sal natuurlik veral saamhang met die gebied en omgewing waarin hulle woon. 'n Mens kan wel die saak uit 'n Bybelse of morele gesigspunt benader as reg of verkeerd, maar die morele standaarde word gewoonlik deur die bepaalde bevolkingsgroep gestel. Ek dink dat 'n sedewet teen die vermenging tussen blank en nie-blank eerder sekondêr as primêr is."

KAART C.1.:

"As kunswerk hou ek baie hiervan. Die figuur staan mooi uit teen die agtergrond, en die gesigsuitdrukking is besonder mooi."

KAART C.2.:

"Ek voel dat kunstenaars in die moderne rigting nie soseer skilder ter wille van die skoonheid nie, maar om 'n idee wat hulle in hulself omdra te simboliseer, en juis deur dit te doen bereik hulle die werklike standaard van kuns. Ek voel dat dit werklike kuns is wanneer die kunstenaar nie slegs iets moois wil skep nie, maar juis probeer om iets van homself in die kunswerk tot uitdrukking te bring. Sulke kuns waardeer ek meer as die realistiese werke, maar dit beteken nie dat dit vir my mooier is nie. As 'n mens Picasso se werke bestudeer, sal jy heelwaarskynlik vind dat dit van groter waarde is as ander kunswerke wat maar net 'n afbeelding is van iets soos dit in die daaglikse lewe of natuur voorkom, en soos elkeen dit waarneem."

KAARTE D.:

"Die rooi trek my die meeste aan, maar ek weet nie waarom nie. Ek sal 'n rooi rok by 'n dame opmerk voor enige ander kleur. Daar is vir my iets soos opgewektheid in die kleur. Ek weet nie of die feit dat my vrou graag rooi dra die rede vir my voorkeur is nie. In volgorde sou ek die kleure kies van rooi, geel, groen, en blou. Waarom juis in hierdie volgorde, weet ek nie."

KAART E.1.:

"As ek aan hom dink, weet ek nie presies wat om van hom te sê nie. Soms dink ek dat hy werk ter wille van die bevordering van sy land, en soms kry ek die indruk dat hy net werk vir persoonlike gewin en die verwagting om eerste-minister te kan word."

KAART E.2.:

"Ek voel altyd dat hy 'n groot leier was met 'n groot intellek. Dit is jammer dat hy later beïnvloed is deur kapitaal en vriende, maar tog was hy 'n groot figuur in die algemene en politieke lewe van ons land."

KAART E.3.:

"Ek waardeer hom en dink dat hy 'n man van sy volk is wat die toekoms van ons land voorstaan. Veral stem ek baie saam met sy idee van apartheid. Ek dink dat as 'n mens sy beleid reg interpreteer, sal 'n mens moet insien dat dit die beste vir die land is, hoewel 'n groot deel van die bevolking geneig is om dit in 'n verkeerde lig te beoordeel. Ek voel dat hy net soveel belangstel in die vordering van blank as nie-blank."

KAART F.1.:

"Ek het altyd geglo dat dié blad 'n goeie tydskrif is, en sal dit altyd eerste kies om te lees omdat ek weet dat daar goeie stof in is en dat die redaksie streef na 'n goeie gehalte, eerder as om slegs geld te maak."

KAART F.2.:

"Ek dink dat hierdie tydskrif meer ingaan op dinge in die populêre smaak. Ek voel dat dit wat ons lees, ons en ons persoonlikheid in 'n groot mate beïnvloed, maar ook bepaal word deur ons persoonlikheid."

KAART F.4.:

"Ek het hierdie tydskrif kort gelede vir die eerste maal deurgeblaai, maar, a.g.v. die algemene indruk wat ek daarvan gekry het, kan ek dit gladnie op prys stel nie. Ons het, volgens my mening, te veel van hierdie aard van leesstof en te min lektuur wat meer opbouend is."

PROEFPERSOON VI.

KAART A.1.:

"Dit gee die indruk van naturelle in die stad wat die blankes se gewoontes probeer nadoen en 'n beskawing probeer voorgee wat hulle nog nie werklik bereik het nie."

KAART A.2.:

"Ek vind dit vreemd om blanke persone tussen nie-blankes te sien. Die hele situasie is in stryd met 'n mens se gevoelens."

KAART A.3.:

"Die dame skep die indruk van 'n goed opgevoede en ontwikkelde persoon. Die naturel kom voor asof hy redelik geleerd kan wees. Die idee van rassevermenging stoot 'n mens af."

KAART B.1.:

"Voetbal is iets waarvan ek nie juis baie hou nie, miskien omdat daar so 'n groot ophef van gemaak word, en daarom my belangstelling laat verflou. Ek weet nie waarom daar so 'n ophef van gemaak word nie, want daar steek tog nie veel meer in as in enige ander sportsoort nie. Dit is 'n rowwe spel, en dit kom my voor asof die Afrikaner veral aan sport deelneem ter wille van die eer. Dit is tot 'n groot mate die rofheid van die spel wat my afstoot. Oor die algemeen het ek nie juis vir sport 'n besondere voorliefde nie."

KAART B.2.:

"Volkspele is vir my 'n baie eng vorm van vermaak, en ek hou nie veel daarvan nie. Die drag en spel is té georganiseerd. Ek het nie juis 'n afsku daarin nie, maar gee gladnie veel daarvoor om nie. Dans, aan die ander kant, besit 'n groter mate van opwindning as volkspele en is vir my 'n beter wyse van sosiale verkeer. Verder is dit tot 'n groot mate 'n uitingsvorm vir onderdrukte drange, en ek vind dit van waarde dat hierdie drange op so 'n wyse tot uitdrukking sal kom."

KAART B.3.:

"Ek vind opera baie interessant en hou veral van die uitlewing van hartstog daarin. Die drama gaan gepaard met 'n goeie kwaliteit musiek - 'n soort musiek wat op sigself een van my mees geliefde vorme van musiek is."

KAART C.1.:

"Ek hou niks hiervan nie. Dit is vir my lelik, hoewel dit tog as 'n groot kunswerk beskou word. Ek vind in die vroue-figuur geen karakter nie. Die klassieke uitbeelding van die vrou is vir my niks aantrekliks nie."

KAART C.2.:

"Ek hou hiervan beslis niks. Ek dink dat 'n skilder sy individuele gevoelens op so 'n wyse behoort uit te beeld dat andere dit wel kan begryp. Dit is vir my lewensloos. Die vorm vind ek afstootlik en gee vir my geen uiting aan die idee nie."

KAARTE D.:

"Rooi is vir my geweldig mooi; dit maak altyd 'n besondere indruk op my. Ook geel is vir my 'n mooi kleur, en ek hou baie van 'n sagte warm groen soos in lenteblore. Vir blou is ek baie lief; dit is vir my 'n skoon kleur. Ek sou die kleure stel in die volgorde van rooi, blou, geel, groen. Een kleur besit vir my altyd 'n groter gevoelswaarde as 'n ander, maar waarom weet ek nie. Ek hou veral van hartstogtelike kleure soos rooi en geel, maar ook, aan die ander kant, van koue kleure soos spierwit of ligblou."

KAART F.1.:

"Die voorblad is hier ook tipies van die tydskrif in die algemeen. Soms vind ek goeie artikels in die blad, maar oor die algemeen maak dit nie juis op my enige besonder indruk nie, hoewel dit miskien van die beste tydskrifte in Afrikaans is."

KAART F.3.:

"Ek vind dit 'n eenvoudige blad; die werhale is baie oppervlakkig. Die voorblad is weereens tipies van die algemene inhoud daarvan - 'n 'glamour' tydskrif wat nie by die werklikhede in die lewe kom nie."

KAART F.4.:

"Dié tydskrif het met sy verskyning 'n sensasie veroorsaak en byna almal het dit gelees. 'n Mens vind hierin 'n eienaardige tipe van verhaal - heeltemal modern, openlik en realisties. Ek vind in die werhale tog soms iets wat treffend is."

PROEFPERSOON VII.

KAART A.1.:

"Dit wek dadelik by my die gevoel van afkeur omdat die kaffer, wat ek sien as bedreiging vir die blankedom, hier verhef word tot die status van die blanke. Ek keur veral af die idee dat nie-blankes die blankes in hul gebruike naboots."

KAART A.2.:

"Ek staan gekant teen die idee van vermenging tussen blank en nie-blank, veral omdat ek ook daarin 'n bedreiging sien vir die blankes in ons land. Ek vind dit 'n skande dat so iets plaasvind juis terwyl die naturelle in so 'n groot meerderheid is. Die vereenselwiging van sommige blankes met sulke idees van sosiale vermenging is direk teen ons beginsels."

KAART A.3.:

"Dit kom feitlik neer op die vorige, behalwe miskien dat mense in Engeland nie so op hoogte is van die status van die kaffer in Suid-Afrika nie. Sodanige verhoudinge wek direk rassevermenging in die hand, en in dié opsig is dit nog meer 'n bedreiging vir die blankes."

KAART B.1.:

"Ek hou van voetbal, veral omdat dit van soveel waarde is vir die fisiese ontwikkeling; verder om die idee van kompetisie en spangees wat ons daarin vind. Tot 'n sekere mate is dit ook geestelik van waarde, deurdat dit veel bydra tot verdraagsaamheid en om teenslae en nederlae te verduur."

KAART B.2.:

"Ek doen nie self volkspele nie, maar geniet dit wel om daarna te kyk. Ek het nooit juis 'n werklike begeerte om daaraan deel te neem nie, miskien omdat ek nooit doelbewus probeer het om mee te doen nie. Dans, aan die ander kant, doen ek baie graag en veral met die idee om 'n aand sosiaal aangenaam te kan deurbring. In die dans self is daar niks wat my juis besonder aantrek nie."

KAART B.3.:

"Op die gebied van musiek is ek nie baie op hoogte nie, veral in soverre dit ernstige klassieke musiek aangaan. Van ligte klassieke musiek hou ek egter baie. Uit die operas is daar dan ook gedeeltes waarvan ek baie hou. Ek beskou die opera as van opbouwende waarde en hoogstaande kuns. Ek dink 'n mens se waardering van opera is afhanklik van jou kennis van die verhaal en die idee wat daarin uitgebeeld word, sowel as jou vermoë om die musiek te kan waardeer."

KAARTE D.:

"Die groen val my in die eerste plek op omdat dit my geliefkoosde kleur is. Daarna staan die geel effens bo die ander uit omdat ek meteens gewonder het waarom dit juis met jaloesie geassosieer word. Die rooi assosieer ek dadelik met 'n rooi stoelkussing. Die blou trek nie juis my aandag nie. Die rede waarom groen juis op my die grootste indruk maak, weet ek nie - miskien omdat dit 'n sagte en strelende uitwerking op my het."

KAART E.1.:

"Hy is die opposisieleier en opponeer in hoofsaak die idees wat ek aanhang. Alhoewel ek meen dat hy 'n persoon is met deursettingsvermoë en 'n goeie intelligensie, sien ek hom nie as waardige leier vir die opposisie nie, omdat hy blykbaar in alles die regering teenstaan net opgrond daarvan dat hy leier van die opposisie is."

KAART E.2.:

"Ek moet erken dat hy 'n groot staatsman was, hoewel hy sy sienswyses later tot nadeel van ons land gewysig het, en derhalwe nie alles vir die land gedoen het wat wel in sy vermoë was nie."

KAART E.3.:

"Ek respekteer hom as leier, en beskou hom as 'n bekwame persoon met die regte politieke sienswyses - 'n man wat alles in sy vermoë doen ten gunste van die blanke bevolking en ons land."

PROEFPERSOON VIII.

KAART A.1.:

"Ek sien dit in die eerste plek as 'n verskeidenheid van gesigsuitdrukkinge. In elk van die gesigte is daar miskien trekke waarin 'n mens skoonheid kan onderskei. In die lig egter van die doel waarvoor die foto's geneem is, laat die situasie my taamlik koud, veral omdat ek nie ten gunste is van die idee van skoonheidskompetisies nie. Hierdie spesifieke geval sien ek as 'n na-afbeelding van die blankes. Dit is heeltemal teenstrydig met die vroeëre gebruik van skoonheidsmiddels onder die bantoe-vroue waar dit iets eie-aardigs aan die ras was, en daarom besonder interessant. Ek vind dit afstootlik dat nie-blanke vroue reeds so ver gaan as om hulle lippe met moderne middels te kleur, wat miskien saamhang met my afkeur in die oormatige gebruik van sulke middels by blanke dames."

KAART A.2.:

"Die eerste wat 'n mens opval is die gemengde sosiale verkeer van blank en nie-blank - iets wat algeheel teen ons beskouings indruis. Afkeurend is veral die blanke dame tussen die nie-blanke mans."

KAART A.3.:

"Dit is weersinwekkend by die gedagte aan alles wat so 'n gemengde verhouding inhou, veral t.o.v. die kinders uit so 'n huwelik, soos reeds uit vorige gevalle geblyk het. 'n Mens voel jammer dat 'n blanke vrou in so 'n posisie moet verkeer."

KAART B.1.:

"My eerste gedagte omtrent voetbal is dat dit ons nasionale sportsoort is en, as iemand wat self daaraan deelgeneem het, staan ek in 'n besondere houding daarteenoor. Verder word die gedagte by my gewek aan die eer en onderskeiding om die Springbok-kleure te kan dra. Sport in die algemeen behoort natuurlik 'n essensiële deel van elke mens se aktiwiteite uit te maak. Naas die fisiese is sport esteties ook baie aantreklik."

KAART B.2.:

"Volkspele is iets kosbaars en fyns, en sluit baie nou aan by die agtergrond van die Afrikaner. Dit sou ook 'n baie goeie plaasvervanger kon wees vir dans, omdat dans moderne neigings openbaar wat minder gesond is."

KAART B.3.:

"Die rolprentopname van dié besondere opera het ek gesien, en dit besonder mooi gevind. Die opera is egter 'n kunsoort wat moet geleer waardeur word. Dit hou vir my persoonlik baie waarde in."

KAART C.1.:

"Persoonlik is ek nie bekend met die vereistes vir 'n goeie kunswerk nie, maar tog kan ek iets moois terdeë waardeur. Vir die klassieke werke is ek nie baie lief nie, veral skilderye van gesigte. Dit kom vir my ook voor asof daar in hierdie werk iets té kunsmatigs is."

KAART C.2.:

"Met die eerste voorkoms staan ek heeltemal afsydig teenoor die moderne kuns, hoewel 'n mens dit seker behoort te waardeur in die lig van die idee wat die skilder probeer weergee. As estetiese vorm, staan ek heeltemal koud teenoor sodanige kuns."

KAARTE D.:

"Dié spesifieke groen herinner my aan dieselfde kleur rok van my vrou wat besonder fyn by haar as persoon aanpas en bekoorlik aandoen. Op die oomblik is my instelling sodanig dat ek kleur assosieer met klere-drag. Verder het ek niks spesifiek omtrent die kleure te sê nie."

KAART F.2.:

"Dit is 'n populêre tydskrif onder die breë volks-massa, miskien a.g.v. die groter verskeidenheid aan ligte leesstof daarin. Persoonlik sal ek die tydskrif ook lees, en sal afhang van die aard van leesstof wat ek op die bepaalde oomblik verlang. 'n Mens kan enige tydskrif lees as jy doelbewus iets daaruit probeer haal, hoewel daar tydskrifte is wat vir my nie juis 'n trots sal wees om mee gesien te word nie."

KAART F.3.:

"Die foto op die voorblad in hierdie geval is tipies van die blad in die algemeen. Die aard van leesstof daarin is sodanig dat ek net nie die tyd sal vind om dit te lees nie. Dit is veral vir my afstotend dat sodanige tydskrifte, veral in soverre dit die voorblaaie aangaan, op straat verkoop word waar duisende nie-blankes verbygaan en die blanke vrou in daardie aard van bekleding sien. So iets werk tot 'n groot mate diskwalifiserend t.o.v. 'n mens se houding teenoor so 'n blad."

KAART F.4.:

"Dit is 'n tydskrif wat ek teen alle koste uit die hand van my kinders wil hou. Die verskeidenheid artikels daarin is in die aard daarvan beslis nie aanbevelenswaardige leesstof nie, veral in die hande van kinders."

PROEFPERSOON IX.

KAART A.1.:

"Ek vind dit vreemd dat naturelle meide ook reeds so ver gaan om skoonheidskompetisies te hou, juis omdat ek nie aan hulle in die sin van skoonheid kan dink nie."

KAART A.2.:

"Ek het daar 'n hekel in om blank en nie-blank deurmekaar te sien, en veral soos hulle hier saam in 'n vergadering sit. Vir die dames op die foto het ek geen respek nie. In die alledaagse lewe is daar gedurig 'n vrees vir aanrandings van naturelle op blanke dames, en deur op hierdie wyse met die naturel

om te gaan, kom hy tot die gevolgtrekking dat enige verhouding tussen hom en die blanke wel geregverdig is."

KAART A.3.:

"Dit is bo 'n mens se verwagting dat 'n blanke dame, uit watter land ookal, so ver sou kon gaan om so 'n verstandhouding met 'n naturel aan te knoop. Ek kan my net nie voorstel dat 'n blanke dame tot so iets in staat sou wees nie."

KAART B.1.:

"Ek speel nie self voetbal nie, maar vind dit 'n baie interessante sportsoort en geniet dit baie om 'n wedstryd by te woon, veral ter wille van die mooi bewegings in die spel. Van sport in die algemeen, hou ek meer van swem en tennis, omdat ek self daaraan deelneem. Miskien is dit veral die waardigheid in 'n spesifieke sportsoort wat die mate van belangstelling daarin bepaal."

KAART B.2.:

"Volkspele is vir my besonder aangenaam om aan deel te neem, en ek sal nooit daarvan wil afsien nie; ek speel dit alreeds dertien jaar. Die spele is iets tipies Afrikaans. Teen dans, aan die ander kant, het ek nie juis iets in te bring nie, maar 'n mens het tog, a.g.v. die houding van jou kerk, met 'n mate van antipatie daarteen grootgeword. Ek sal selfs graag aan dans deelneem, maar heg groter waarde aan volkspele."

KAART B.3.:

"Ek haat operas. Die meer ligtere dele daaruit is vir my mooi, maar oor die algemeen is daar niks besonders in wat my trek nie. Miskien is dit omdat ek nog self geen uitvoering bygewoon het dat ek nie juis daarvan hou nie. Miskien ook beïnvloed my reeds gevormde houding daarteenoor die feit dat ek ook nie juis begerig is om belangstelling daarin te probeer ontwikkel nie."

KAART C.1.:

"Da Vinci is natuurlik 'n groot en bekende skilder, en hierdie spesifieke werk is vir my besonder mooi. Die werk is iets uit die lewe self - 'n baie spreken- de uitbeelding van 'n vrou."

KAART C.2.:

"Sonder die byskrif hierby sou ek nie juis kon vasstel wat die persoon probeer uitbeeld nie. Dit is miskien die skilder se siening van 'n vrou, maar ek

is bly dat ek nie die vrou in so 'n lig sien nie. Ek heg geen waarde aan so 'n kunswerk nie."

KAARTE D.:

"Groen is my lieflingskleur omdat dit vir my iets van die lewe weerspieël, veral t.o.v. die natuur. Blou verkies ek bo die ander twee kleure; dit gee my 'n indruk van die blou van die see en die lug, hoewel ek 'n meer ligte kleur verkies. Van rooi hou ek niks, en ook nie veel van geel nie, hoewel ek my herinner aan die besondere indruk wat geel blomme onlangs op my gemaak het."

KAART E.1.:

"Ek wil liever nie oor hom gesels nie, want ek het net eenvoudig 'n hekel in die man. In hom sien ek geen potensialiteite van 'n leier nie. Ek is deur-en-deur nasionaal-gesind, en kan net nie daarvan wegkom nie."

KAART E.2.:

"Ek dink totaal niks van hom nie. Hy was miskien 'n groot figuur, maar hy het later te veel onder die invloed van Engeland gestaan, te veel gestreef vir eie belange en nie soseer vir die belange van sy volk nie."

KAART E.3.:

"Ek sien hom as 'n groot man wat 'n goeie saak verdedig en sy strewe rig in die rigting wat tot die bewil van sy land en volk is."

KAART F.1.:

"Ek het dit nog altyd as 'n goeie tydskrif beskou, maar die leesstof daarin is vir my vandag nie meer van hoogstaande waarde nie. Dit bevat dikwels interessante artikels uit die werklike lewe. Van hierdie spesifieke voorblad hou ek besonder baie, want ek hou van natuurtonele - dit laat my verlang na 'n vakansie buite in die oop natuur."

KAART F.2.:

"Die blad word wel deur baie gekritiseer en verdoem, maar ek lees dit graag en ook gereeld, en geniet die verhale daarin. Miskien word die blad so sterk gekritiseer a.g.v. die illustrasies en foto's van filmsterre daarin, hoewel ek nog nooit kon insien waarom dit so sterk afgekeur word nie. Dat die blad nog kan voortbestaan teen sulke kritiek, is vir my verder 'n aanduiding van die waarde daarvan. Ek dink veral ook baie van die beskrywings van gebeure waarvan 'n mens nooit alle feite gehoor het nie, bv. van moord-sake."

PROEFPERSOON X.

KAART A.1.:

"Dit irriteer my. Van kleinsaf kan ek 'n kaffermeid nie voor my oë verdra nie, waarom weet ek nie."

KAART A.2.:

"Ek vind dit afstotend dat blanke dames hier tussen kaffers sit. Dit skep by my 'n baie swak indruk. Ek verkies om te sien dat blank en nie-blank elk op sy eie gebied sal beweeg."

KAART A.3.:

"So iets keur ek totaal af. Ek voel maar net dat dit verkeerd is. 'n Blanke dame behoort nie so 'n verhouding aan te gaan nie. Ek beskou die naturel nie as die gelyke van die blanke nie. Die gevolge van so 'n huwelik kan niks goeds inhou nie. Ek kan my net nie voorstel dat blank en nie-blank 'n huwelik kan aangaan nie."

KAART B.1.:

"So 'n foto oor rugby is altyd vir my besonder mooi, en dan stel ek altyd belang daarin om te weet wie die besondere spelers is. Ek hou van die sport, maar weet nie presies wat dit juis is wat dit so aangenaam maak om daaraan deel te neem nie. Daar is dikwels baie eer aan verbonde om vir 'n bepaalde span te kan speel. Ek stel vir my nog altyd die ideaal om 'n groot sukses van rugby te maak. 'n Nederlaag maak my dikwels baie moedeloos, maar spoor my ook aan om met 'n volgende geleentheid nog meer in die spel te sit. Ander sportsoorte, soos tennis, sien ek nie as werklike sport nie - hoofsaaklik maar 'n vorm van ontspanning. In rugby sien ek meer die kenmerke van werklike sport, en stel dit derhalwe bo enige ander vorm van sport."

KAART B.2.:

"Op skool het ek van volkspele gehou, maar het vandag selfs 'n teësin daarin omdat ek die aard van die spelletjies maar eenvoudig vind, en dit nie iets is wat by grootmense pas nie. Dans is vir my 'n baie aangename wyse om sosiaal met ander om te gaan. 'n Mens vind dit meer by vooraanstaande groepe, en dit is iets wat meer by volwassenes tuis hoort."

KAART B.3.:

"Ek hou baie van opera. Dit gee gewoonlik iets weer uit die lewe van mense uit 'n vorige eeu. Dit is veral die kunstigheid in sang en toneelspel wat vir my besonder bekorend is."

KAART C.1.:

"Ek weet nie veel van skilderkuns nie, maar kan tog sien dat dit 'n kunswerk is, al weet ek nie waarom nie. Dit is miskien vir my mooi omdat ek besef dat dit 'n kunswerk is, en daarom probeer ek doelbewus om die mooiheid daarin te sien. So iets bewonder ek gewoonlik omdat ek besef dat ekself nie daartoe in staat is nie."

KAART C.2.:

"Ek verstaan hier niks van nie. Daar mag wel 'n kunswaarde in wees, maar ek kan dit nie sien nie. Vir my persoonlik is hier niks van waarde in nie, en ek vind dit dan ook in geen opsig mooi nie."

KAARTE D.:

"Groen is vir my altyd die mooiste kleur, miskien omdat alles in die somer groen en aantreklik is. Rooi is veral in een opsig vir my mooi, nl. wanneer 'n donker dame 'n rooi hoed dra. Geel en blou is nie vir my van enige besondere betekenis nie."

KAART E.1.:

"Van hom dink ek nie veel nie. Ek dink in die eerste plek aan hom as minister in die vorige regering, en hoewel my vader toe regeringsgesind was, het hy niks van hom as minister gedink nie. Omdat ek vandag nie ten gunste van sy party is nie, hou ek nie van hom nie. Hy het nog niks gedoen wat 'n mens kan waardeer nie, en ook sy algemene beleid is af te keur."

KAART E.3.:

"Ek hou van hom, maar as staatsman is hy nie juis 'n held in my oë nie. Ek sien in 'n staatsman 'n persoon soos Napoleon en selfs Churchill - persone wat kon toon wat hulle tot stand gebring het. Ek hou eintlik maar net van hom omdat hy die leier is van die party wat ek aanhang. Van Smuts as staatsman hou ek miskien meer, al het hy dan ook 'n ander beleid voorgestaan."

KAART F.1.:

"Ek hou van die tydskrif omdat ek daarin verskeie artikels vind wat opbouend van aard is, bv. taalkundig, geskiedkundig, musiek, en sport."

KAART F.2.:

"Ek dink die verhale is soms redelik goed, maar oor die algemeen hou ek nie besonder baie van die tydskrif nie, en lees dit ook nie gereeld nie."

KAART F.4.:

"Hiervan dink ek niks, en vind daar niks in wat enigsins opbouend van aard is nie. Die liefdesverhale is nie getrou aan die werklike lewe nie, en meestal 'n oorbeklemtoneing van die seksuele. Deurgaans kan ek niks daarin as goed beskou nie. Ek voel dat, wanneer ek iets lees, wil ek iets daarin vind wat vir my persoonlik tot voordeel kan wees."

PROEFPERSOON XI.

KAART A.1.:

"Ek is miskien bevooroordeel, maar dit is tog nie natuurlik vir die kaffer om so te lyk nie. Hy behoort 'n vel en 'n kombers om hom te draai."

KAART A.2.:

"Dit is seker 'n liberale party-vergadering. Dit skyn nogal of die witmense dit hier tussen die swartes geniet. Ek woel sommer om te vloek as ek die 'goed' in so 'n situasie sien, en keur dit natuurlik totaal af."

KAART A.3.:

"Dit is nogal 'n aantreklike dame wat sover gaan om 'n verhouding met 'n naturel aan te gaan. Afstootlik is veral die foto waar hy haar hand vashou. Dit stryk nie met ons beginsels en opvattinge nie, en is derhalwe ook algeheel af te keur."

KAART C.1.:

"Die werk maak geen besondere indruk op my nie, hoewel ek die agtergrond baie vreemd vind. Ek kan nie juis sê dat dit mooi is nie, al word dit as 'n groot kunswerk beskou."

KAART C.2.:

"Picasso se werke is iets wat heeltemal uit verband is, en ek kan hierdie hoegenaamd nie as kunswerk sien nie. Dit lyk vir my meer na 'n betekenislose klomp strepe wat deur 'n kind getrek is."

KAARTE D.:

"Ek hou baie van blou. Hierdie spesifieke rooi is nie juis vir my mooi nie, en die groen is 'n bietjie te dof. Oor die algemeen hou ek baie van al hierdie kleure, en sou nie juis voorkeur aan enige bepaalde kleur gee nie."

KAART E.1.:

"Die enigste indruk wat ek van hom kry, is dat hy homself baie belaglik maak. Op 'n verhoog maak hy 'n uiters swak indruk, en wek die idee van verwaandheid. Hy is gladnie die persoon wat sy voorganger in die politiek was nie."

KAART E.2.:

"As hy my houding en standpunt gehuldig het, sou hy 'n baie groot persoon in die politieke lewe kon gewees het. Hy het wel dinge gedoen wat prysenswaardig is, maar sy algemene optrede was nie in die rigting wat 'n mens van so 'n knap persoon uit ons volk verwag nie."

KAART E.3.:

"In die politiek is hy die man wat ek as my held sal bestempel. Hy wek die indruk van 'n streng man met 'n baie ernstige uitkyk op die lewe."

KAART F.2.:

"Ek sal nie juis uit my pad gaan om dié tydskrif in die hande te kry nie. Dit bevat maar gewoonlik 'n tipe vervolggerhaal waarop ek nie juis versot is nie, en artikels oor een of ander gebeure van sensasiewekkende aard wat my nie aangaan nie."

KAART F.3.:

"Dit bevat gewoonlik foto's van filmsterre, alledaagse verhale en 'n ietsie oor musiek. Ek sien oor die algemeen niks besonders in die blad wat dit die moeite wêrd maak om te koop nie."

KAART F.4.:

"Ek het een artikel hierin gelees wat nogal taamlik interessant was, maar oor die algemeen lees ek nie graag hierdie tipe van leesstof nie. Ek is nie skaam om daarin te kyk nie, maar lees dit verkieslik nie. Ek beskou dit as pornografie, en as sodanig tot geen voordeel om te lees nie. Alles is maar 'n klomp gewaagde artikels, verhale en grappe."

PROEFPERSOON XII.

KAART A.1.:

"Dit laat my snaaks voel en wek by my 'n afsku. Dit kom vir my belaglik voor dat naturelle meide soos blankes aangetrek is."

KAART A.2.:

"Ek kry die indruk dat hier iets is van gespannendheid en sluheid. Dit wek by my 'n afsku om so iets soos rassevermenging te sien."

KAART A.3.:

"Die outa is skynbaar baie geleerd, en gee die indruk van selfvoldaanheid en wêreldwysheid. Onder ons omstandighede staan ek heeltemal afkeurend daarteenoor, en kan my eenvoudig nie in so iets indink nie."

KAART B.1.:

"Ek stel baie belang in voetbal, en hierdie foto wek dadelik by my 'n spanning. Dit is ons nasionale spel, en ek vind dit 'n baie hoogstaande sport. Dit is veral goeie aksie in die spel wat dit so aantreklik maak, en ek vereenselwig my altyd met 'n speler op die veld. Van sport in die algemeen hou ek, hoewel ek voorkeur aan voetbal gee."

KAART B.2.:

"Volkspeler is 'n baie aangename tydverdryf, soortgelyk aan dans. Ek sou niks in een van die twee as sodanig as afkeurenswaardig beskou nie."

KAART B.3.:

"Ek het nog nooit 'n opera gesien nie, maar het 'n geweldige drang om dit te kan sien. Dit is veral die sang wat ek so aantreklik vind."

KAART C.1.:

"Ek kry 'n geweldige indruk van skoonheid as ek die Mona Lisa sien. Die mistieke indruk wat dit maak, is eenvoudig wonderlik. Die mistieke kyk in haar oë en die trek om die mond is veral treffend. Dit gee die indruk asof hierdie vrou alles weet en verstaan, en daaraan uiting gee met so 'n byna verborge glimlag. Ek dink dit is regtig wonderlik."

KAART C.2.:

"Ek dink dat 'n mens in die stemming moet wees om hierdie soort kuns te kan waardeer. 'n Mens moet lank daarna kyk om te kan sien wat die kunstenaar probeer uitbeeld. Ek kry die indruk dat die skilder 'n diep-denker en dromer kan wees. Die eerste indruk wat die werk op my maak, is dat ek tot 'n mate onverskillig en koud daarteenoor staan. Ek vind dit té onpersoonlik."

KAARTE D.:

"Ek hou die meeste van blou. In volgorde sou ek blou, geel, rooi, en groen verkies. Ek kan nie enige rede gee waarom ek só 'n volgorde sou verkies nie."

KAART F.1.:

"Ek hou van die blad. Die sketse en verhale is van baie meer hoogstaande waarde as dié van ander tydskrifte. Oor die algemeen maak dit 'n goeie indruk."

KAART F.2.:

"Ek dink dit is heeltemal 'n gangbare tydskrif, en maak op my 'n redelik goeie indruk."

KAART F.4.:

"Ek beskou dit nie as 'n blad wat deur almal gelees behoort te word nie. Dit is eintlik lektuur wat net deur volwassenes gelees behoort te word. Ek dink dat die jongere geslag nog nie ryp genoeg is om sulke soort van lektuur te lees nie, en dit kan nadelige gevolge hê. Ek hou self nie van die tipe stof daarin nie, want ek stel gladnie in sodanige artikels en verhale belang nie."

PROEFPERSOON XIII.

KAART A.1.:

"In die eerste plek merk ek verskillende gesigsuitdrukkinge. Ek sien die foto egter as kontrasterend met die opskrif, aangesien ek geen skoonheid in die gesigte kan sien nie."

KAART A.2.:

"Hier word geluister na 'n toespraak. Sommiges lyk kwaad, en andere kom meer luimig voor. Dit lyk vir my na 'n gemengde spul, en wek dan die idee van 'n liberal party-vergadering. Ek kry dan die indruk van weersin."

KAART A.3.:

"Dit is iets onvanpas, en vul 'n mens dadelik met ergernis."

KAART C.1.:

"Ek merk dadelik dat dit 'n skepping van 'n kunstenaar is met die gawe om 'n besondere indruk in sy werk weer

te gee. Ek vind dit iets moois - die peinsende houding van die vroue-figuur en die besondere aard van die agtergrond. Sodra 'n mens die naam van Da Vinci opmerk, gee dit aan die werk 'n dieper betekenis, en besef 'n mens dat dit iets van hoogstaande waarde is."

KAART C.2.:

"Dit lyk onbeheersd, en sonder die byskrif sou ek nie weet wat dit voorstel nie. Die kleur is nie treffend aangewend nie, en die algemene indruk is een van chaos. Vir my persoonlik is dit geensins 'n kunstwerk nie."

KAARTE D.:

"Die blou is eerste opvallend, en herinner my aan die blou van die lug en die see op 'n ver afstand. Oor die algemeen is rooi vir my die meeste opvallend en ook die meeste verkieslik bo ander kleure. Ek sou die kleure in die volgorde van rooi, blou, geel, en groen plaas."

KAART E.1.:

"Dit is moeilik om objektief teenoor hom te staan. Hy laat my nie juis dink aan 'n groot staatsman nie. Sy gesig gee die indruk dat hy diep bewoë kan raak, maar ook baie ernstig."

KAART E.2.:

"Die gesig toon iets van vasberadenheid en doelgerigtheid, en van hom kry ek meer die indruk van 'n groot staatsman."

KAART E.3.:

"Hy het 'n vasberade gesigsuitdrukking. Hy is 'n man vir sy volk; 'n ernstige en goeie spreker."

KAART F.1.:

"Die buiteblad toon hier reeds aan wat die kwaliteit van die tydskrif is. Hier word 'n natuurtoneel aangewend ter verryking van die menslike gees. As tydskrif bevat dit onderwerpe wat van dieper en ryper aard is as die meeste ander Afrikaanse tydskrifte. Daar word gewoonlik gepoog om iets van hoogstaande aard te publiseer."

KAART F.3.:

"Ek vind die buiteblad ietwat irriterend. Die blad self is minderwaardig, en die aard daarvan word ook weerspieël in die tipe van buiteblad."

KAART F.4.:

"Dit hoort tot die goedkoop lektuur, en sentreer meer om die sinlike by die mens. As 'n persoon dit lees, staan ek reeds bevooroordeeld teenoor hom, en skepties teenoor sy smaak. Die blad toon geen behoefte aan die diepere en skone in die lewe nie, en is tevrede om die mens oppervlakkig uit te beeld."

PROEFPERSOON XIV.

KAART A.1.:

"Dit is vir my verregaande dat die naturelle nou al dieselfde dinge, soos skoonheidskompetisies, as die blankes doen."

KAART A.2.:

"'n Vermenging van wit en swart wek by my direk 'n afkeur, en ek is algeheel gekant daarteen."

KAART A.3.:

"Dit is vir my gemeen dat 'n kaffer met 'n wit meisie sal trou. Van kleins af is ek gewoond om gekant te wees teen die idee van gelykstelling."

KAART B.1.:

"Ek stel baie belang in voetbal, en kyk graag na sulke foto's. Rugby is vir my 'n tipiese sport vir die Afrikaner. Dit is lekker om een van 'n span te wees en jou deel by te dra tot voordeel van die hele span. Oor die algemeen is ek lief vir alle sportsoorte, maar verkies rugby, waarskynlik omdat ek self daaraan deelneem."

KAART B.2.:

"Van volkspele hou ek baie, hoewel ek dit self nie goed kan doen nie. Ek vind dit mooi om daarna te kyk, en dit is vir my iets eg Afrikaans. Ek verkies dit ook bo dans, omdat dans direk teen my beginsels is en nie iets eie aan ons volk nie."

KAART B.3.:

"Van opera hou ek baie, hoewel ek dit nog nie self kon bywoon nie. Die sang en toneelspel is vir my besonder indrukwekkend."

KAART C.1.:

"Ek is nie in staat om die kuns in dié werk te sien nie. Dit is wel mooi, maar ek weet nie waarom nie."

KAART C.2.:

"Ek kan nie sien wat die kuns hierin is nie. Dit is vir my eenvoudig 'n rowwe tekening sonder enige skoonheid, en ek vind dit selfs afstootlik."

KAARTE D.:

"Die blou maak die eerste indruk op my, want ek is baie lief daarvoor. Dit oorheers vir my alle ander kleure, waarom weet ek nie. Groen is in die algemeen vir my ook 'n mooi kleur, hoewel hierdie spesifieke kleur vir my té lig is. Van rooi hou ek ook, omdat ek baie lief is vir helder kleure."

KAART E.1.:

"Ek het nie 'n hoë dunk van hom nie. Hy is in geen opsig so 'n leier vir sy party as sy voorganger nie."

KAART E.2.:

"Hy is 'n slim man wat miskien veel vir sy land beteken het. Ek dink net dat hy te veel geheg was aan Engeland."

KAART E.3.:

"Ek kan nie juis sê dat ek baie van hom as leier dink nie, hoewel hy tog vir sy party baie beteken het. Ek hang natuurlik sy party aan omdat ek voel dat dit die beste strewe het vir die algemene belange van ons volk, en veral die beleid t.o.v. die kleurvraagstuk."

KAART F.1.:

"Dit is 'n ou gevestigde blad met baie goeie leesstof, en is 'n blad wat met genot deur enigeen gelees kan word."

KAART F.3.:

"Die artikels is gewoonlik té reguit en uitgesproke. Artikels oor misdaad probeer altyd om die misdadiger in 'n beter lig voor te stel, al was hy ook 'n skurk. Oor die algemeen lees ek die blad baie min, en dink nie dat dit baie goeie leesstof bied nie. Die foto's en illustrasies is onbetaamlik, en skep die indruk van onsedelikheid. Die buiteblad is tipies van die inhoud. Dit is nie 'n tydskrif wat by ons Afrikaanse kultuur hoort nie."

KAART F.4.:

"Ek is gladnie goed bekend met die blad nie, maar volgens die afleiding wat ek van die voorblad kan maak, is dit heeltemal teen my beginsels."

PROEFPERSOON XV.

KAART A.1.:

"Sodra ek enigiets van die kaffers sien, het ek dadelik 'n hekel in die 'goed'. Die opskrif hierby sit my veral af, want ek kan geen skoonheid in hierdie gesigte sien nie. Dit skep amper 'n vulgêre indruk."

KAART A.2.:

"Ek het dit voorheen in die koerant gesien. Die indruk wat ek hier kry is werklik een van veragting, omdat dit die idee van rassegelykheid inhou."

KAART A.3.:

"Dit wek tot 'n mate die indruk van verbasing dat so iets werklik tussen blank en nie-blank gevind word."

KAART B.1.:

"Ek stel baie belang in voetbal omdat dit 'n sportsoort is wat ontwikkelend is vir die menslike liggaam sowel as persoonlikheid. Dit leer selfbeheersing en spangees, en is 'n aangename vorm van ontspanning. Sport in die algemeen is vir my van besondere betekenis, maar veral voetbal omdat ek persoonlik daaraan deelgeneem het."

KAART B.2.:

"Ek vind volkspele 'n goeie ontspanning en vorm van sosiale verkeer wat nie met dans vergelyk kan word nie. Ek is totaal teen dans gekant. Volkspele staan onder goeie beheer, terwyl dit nie met dans die geval is nie, en die drankmisbruik en vorm van klere-drag by dans veel te wense oorlaat."

KAART B.3.:

"Oor die algemeen is ek baie lief vir opera a.g.v. die pragtige musiek en sang. Dit is opbouend en stel 'n mens se waardering van musiek op 'n hoër peil."

KAART C.1.:

"Dit is 'n pragtige kunswerk - 'n vrou met 'n baie misterieuse uitdrukking op haar gesig, en lieflike hande. Die eienaardige, byna donker landskap bied 'n besondere agtergrond vir die figuur."

KAART C.2.:

"Die indruk is dat die kunstenaar hoegenaamd nie

daarna streef om die werklikheid weer te gee nie, maar slegs 'n idee. In die opsig dat die kunstenaar iets van homself in een of ander opsig probeer weer-gee, mag dit waarskynlik kuns wees, maar objektief kan ek dit geensins as kunswerk sien nie."

KAARTE D.:

"Groen is my lieflingskleur, veral omdat dit in so baie skakerings in die natuur voorkom. Blou gee vir my altyd die indruk van die blou lug. In volgorde sou ek die kleure stel van groen, blou, rooi, geel."

KAART E.1.:

"Uiterlik kom hy voor as 'n intelligente persoon. In die politieke lewe is hy 'n man wat nie weet wat hy wil hê nie, en nie in staat is om enige sukses met sy beleid te behaal nie."

KAART E.2.:

"Hy is een van die beroemdste persone wat ons volk nog opgelewer het. Hy openbaar 'n sterk gesig met geweldige potensialiteite, hoewel hy dit in 'n verkeerde rigting uitgeleef het. Daarom voel 'n mens nie so lekker teenoor hom as wat andersins die geval sou kon gewees het nie."

KAART E.3.:

"Hy het 'n intelligente gesig en gee die indruk van standvastigheid. Hy is 'n man wat reeds baie bereik het vir sy volk, en nog besig is om te presteer. Hy streef 'n ideaal na ten spyte van watter teenstand ookal."

KAART F.3.:

"Ek staan byna neutraal teenoor hierdie tydskrif. Ek is gladnie daarin geïnteresseerd nie, en dit het my nog nooit geboei nie. Ek beskou die verhale as soetsappig, en die artikels oor die algemeen is sonder enige besondere waarde."

KAART F.4.:

"Dit is 'n ding wat ek seker meer haat as enigiets anders, omdat dit heeltemal demoraliserend vir ons volk is. Dit is 'n tydskrif wat eintlik geen literêre waarde besit nie, omdat dit in die eerste plek die seksuele uitbuit ter wille van die sensasie waardeur sirkulasie verhoog word ter vermeerdering van die wins."

PROEFPERSOON 'XVI.

KAART A.1.:

"Ek kry die indruk dat die kaffers reeds begin om die blankes na te aap in dit wat hulle aantreklik vind. Ek dink dat hulle tog op een of ander tyd die beskawing sal begin aanneem, al doen hulle dit dan ook nie soos ons dit graag sou wou sien nie."

KAART A.2.:

"Dit is seker 'n liberale vergadering. Die blanke vrouens tussen die kaffers skyn nogal ingenome te wees met die saak. Persoonlik hou ek nie van die idee nie, maar my opinie van die kaffer is dat as jy hom met respek behandel, sal hy jou ook respekteer. Ek hou nie daarvan om te veroordeel nie, tensy hy 'n swak karakter vertoon."

KAART A.3.:

"Die twee is skynbaar baie gelukkig. Rassevermenging kan nie gekeer word nie, maar tog kan dit deur ons nie goedgekeur word nie, ook op Bybelse gronde. Ek beskou die godsdienstige aspek t.o.v. rassevermenging as die belangrikste faktor in my afkeur daarteen. Hoewel ek, a.g.v. die publieke opinie, tot 'n groot mate ook bevooroordeeld voel teen die nie-blanke, verkies ek om hom te behandel ooreenkomstig die respek wat hy by my afdwing. Persoonlik sal ek nie graag 'n kaffer in die straat met die hand groet nie, op grond van wat ander miskien daarvan sal sê."

KAART B.1.:

"Voetbal is 'n uitstekende spel, hoewel 'n bietjie té rof - maar dit pas goed by 'n man. Ek is egter nie daarop versot nie, en keur veral die groot ophef wat daarvan gemaak word baie sterk af. Van die spel self weet ek nie veel nie. Sport in die algemeen is 'n tydverdryf wat sterk aan te beveel is. 'n Mens moet ontspanning en tydverdryf hê, veral wanneer jy voortdurend met iets soos studie besig is. 'n Mens moet die geleentheid vind om 'n bietjie die alledaagse te vergeet, anders kan jy maklik in 'n houding van pessimisme vervall."

KAART B.2.:

"Ek hou van volkspele, en veral as 'n mens doelbewus probeer om dit behoorlik uit te voer. Dit is goeie vermaak en bied goeie afleiding vir die alledaagse bedrywighede. Dans, hierteenoor, is volgens my mening nie af te keur nie, hoewel ek in 'n huis opgegroeï het waarin so iets as uit die bose beskou is. Wanneer van my verwag word om mee te doen sal ek daarteen geen besware hê nie, hoewel ek besef dat 'n mens nogal veel daarteen sal kan inbring."

KAART B.3.:

"Opera is vir my iets besonders en ek is persoonlik versot daarop, veral mooi arias. Dit is vir my iets opheffends. Die musiek op sigself is verheewe, en omdat dit emosioneel van aard is, raak dit my so diep. As ek na 'n mooi aria luister, voel dit dikwels vir my asof ek kan mal word."

KAART C.1.:

"Ek weet nie veel van skilderkuns af nie, en kan dit dus nie behoorlik waardeer nie. Vir my is dié werk besonder mooi, maar waarom sou ek nie kon sê nie."

KAART C.2.:

"Ek kan gladnie begryp wat die skilder hier probeer uitbeeld nie. Ek kry die indruk dat hierdie vrou onbewus is van enigiets wat om haar aangaan. Ek kan hierdie kuns nie veroordeel nie omdat ek niks daarvan begryp nie. Met meer kennis van sulke kuns sou ek die werk moontlik as iets wonderliks kon beskou."

KAARTE D.:

"Die blou is vir my die mooiste, en dan verkies ek die geel. Die rooi en groen is vir my niks besonders nie, en ek vind iets van koudheid daarin. Dit is asof daar in die blou en geel iets diepers sit wat my emosies raak."

KAART F.1.:

"Dit is 'n goed gebalanseerde tydskrif wat baie aspekte van die lewe aanraak. Ek dink baie van die blad."

KAART F.2.:

"Hierdie tydskrif neig miskien meer na 'n sekere artikel ter wille van die sensasie, hoewel die peil nie as laag bestempel kan word nie. Die verhale is meer populêr onder die algemene lesende publiek, en nie van besonder hoogstaande aard nie."

KAART F.4.:

"Dit neig te veel na 'n sinspeling op die seksuele, en ek hou nie van die idee nie. Ek sal die blad nie as verwerplik veroordeel nie, maar dit trek my nie juis aan nie. Dit is definitief prikkel-lektuur, en gee volgens my mening 'n verkeerde uitbeelding van die liefde, en sentraliseer hoofsaaklik om die seksuele aspek van die lewe. Die illustrasies en foto's is doelbewus prikkelend, en laat nie veel ruimte vir die suggestie nie."

PROEFPERSOON XVII.

KAART A.1.:

"So 'n foto van kaffermeide wek by my 'n walglike indruk. Van die idee van so 'n skoonheidskompetisie hou ek niks, en staan heeltemal afkeurend daarteenoor."

KAART A.2.:

"Dit wek miskien nog 'n dieper indruk van afkeur. Ek kan my nie vereenselwig met so 'n vermenging van blank en nie-blank nie."

KAART A.3.:

"'n Gemengde huwelik tussen 'n blanke dame en 'n natu-
rel wek 'n geweldige afkeur, veral as 'n mens dink
aan die gevolge van so 'n huwelik."

KAART C.1.:

"Dit is een van die beroemdste skilderye van Da Vinci, en seker die belangrikste uit die 17de eeu. Ek sou baie graag die oorspronklike werk wou sien. Ek vind veral die kleure en die realisme daarin besonder tref-
fend, en 'n tipiese weerspieëling van die tydsges."

KAART C.2.:

"Persoonlik hou ek nie van die ekspressionistiese kuns nie, om rede van so 'n geweldige kleur-kontras, en veral omdat daarin geen realisme is nie en die waarde daarvan dus van die menslike verbeelding afhanklik is."

KAARTE D.:

"Die geel maak die grootste indruk a.g.v. die helderheid daarvan en kontras met die ander kleure. Ek hou die meeste van die groen a.g.v. die sagtheid daarvan. Dan hou ek van die blou, en sou in die derde plek die rooi verkies. Alhoewel die geel die grootste indruk maak, hou ek tog die minste daarvan."

KAART E.1.:

"My indruk is een van afkeur, want ek assosieer die persoon met huidige politieke toestande en die houding wat hy openbaar."

KAART E.2.:

"As persoon maak hy 'n beter indruk. Hy was vir my altyd 'n groot figuur, hoewel ek nie met sy beleid kon saamstem nie. Hy is 'n persoon wat 'n mens kan respekteer, hoewel nie in al sy opvattinge nie."

KAART E.3.:

"Hy skep die indruk van standvastigheid en 'n ware leier van sy volk. My opinie van hom is sodanig nie slegs omdat hy leier is van die party wat ek aanhang nie, maar veral op grond van sy loopbaan wat dui op vasberadenheid en rigtingvastheid."

KAART F.1.:

"Dit is een van die mees vooraanstaande Afrikaanse tydskrifte, en ek sal dit beskou as die beste draer van ons kultuur en bevorderlik vir alle lae van die bevolking."

KAART F.3.:

"Dit is oor die algemeen 'n redelik goeie tydskrif, maar verdien tog ook 'n bietjie sensuur. Daar word te veel sake op 'n té openlike wyse bespreek, en 'n té groot toespitsing op die sensasionele wat nie tot bevordering kan dien nie."

KAART F.4.:

"Ek kan hierdie tydskrif byna as snert bestempel. Dit hoort tot die prikkellektuur wat veral vir die jeug onwenslik is, en bots radikaal met ons etiese beskouings. Die blad gaan uitsluitlik in op die sensasionele en verdien om geheel afgeskaf te word."

PROEFPERSOON XVIII.

KAART A.1.:

"Die naturel word hier direk in die posisie van die blanke geplaas, en dit wek direk 'n gevoel van afkeur. Die naturelle meid aap die gewoontes van die blanke vrou na, en dit lok die vooroordeel uit."

KAART A.2.:

"Die eerste indruk is 'n afsku in die idee van blank en nie-blank bymekaar. Blank en nie-blank saam in een gehoor is vir my 'n groot kontras en bots met my lewensopvatting. Dit hoort net nie so nie."

KAART A.3.:

"'n Mens dink dadelik aan die gevolge van so 'n verhouding. Ek kan my nie indink in die idee van 'n bastergeslag nie. Dit druis direk in met my beskouing en opvoeding. Die blanke hoort in sy eie gemeenskap en die naturel op sy plek. Van kleins af groei 'n mens op met 'n mate van vooroordeel."

KAART C.1.:

"Dit is vir my baie mooi. Ek stel redelik belang in skilderkuns, en vind hierdie iets besonders."

KAART C.2.:

"Dit is meer 'n geval van gemoderniseerde kuns. Die kunstenaar gee nie dit weer wat ander sien nie, maar sy persoonlike indrukke omtrent die voorwerp wat hy skilder. Ek kan nie besondere kuns hierin sien nie, hoewel dit tog moontlik 'n groot kunswerk mag wees. Met meer kennis sou dit miskien vir my meer waarde ingehou het."

KAARTE D.:

"Ek hou baie van groen; dit maak 'n gunstige indruk op my, en ek vind daar iets van die lewe in; veral laat dit my dink aan die natuur. Naas groen hou ek die meeste van blou - waarom weet ek nie. Van rooi hou ek weer meer as van geel, want ek vind rooi meer verkieslik vir kleredrag."

KAART E.1.:

"Ek beskou hom as 'n persoon met aansien wat 'n vername posisie beklee, en daarom respekteer ek hom."

KAART E.2.:

"Hy is 'n geniale persoonlikheid en 'n volksheld wat baie gedoen het vir ons land."

KAART E.3.:

"As volksleier het ek vir hom die meeste agting. Ek beskou sy taak as van veeleisende aard, en sien in sy persoon die ideaal van die Afrikaner verwesentlik."

KAART F.3.:

"As sodanig is dit 'n redelik goeie tydskrif waarvan die belangrikste kenmerk is dat dit hom veral toespits op die liefdesaspek in die lewe."

KAART F.4.:

"Dit bespreek alledaagse gebeure, neem praktiese voorbeelde uit die lewe en gee die feite weer sonder om daar doekies om te draai. Persoonlik vind ek niks afkeurends in die blad nie, hoewel baie persone bevooroordeeld daarteenoor staan a.g.v. die openlikheid daarvan."

BYLAAG II

ANALISE VAN PROTOKOLLE.

PROEFPERSOON I

(Sien Hoofstuk III, pp. 83 - 86.)

PROEFPERSOON II

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1:-

Waarde-Oordeel: maak geen aangename indruk nie.
Intell. Oordeel: beskou dit as na-apery van blankes.

Kaart A.2:-

Waarde-Oordeel: is iets verskrikliks;
vind dit eintlik net baie snaaks.

Kaart A.3:-

Waarde-Oordeel: kan dit nie dink nie;
algehele afkeur.

Kaart B.1:-

Waarde-Oordeel: hou baie van sport;
is die mooiste sportsoort;
verkies dit eerder.
Intell. Oordeel: "... dit verhoog die waarde daarvan."
Motivering: is ons nasionale spel.

Kaart B.2:-

Waarde-Oordeel: hou nie baie daarvan nie;
is goeie tipe van ontspanning;
verkies dit bo dans.
Intell. Oordeel: nie bevorderlik vir samelewing
nie - nadelige gevolge spruit
daaruit voort.
Mededeling: vind dit nie by volkspele nie.
Beskrywing: verskil in atmosfeer;
gesellige gees - almal opgewek;
geheimsinnige en drukkende atmosfeer.

Kaart B.3:-

Waarde-Oordeel: hou baie daarvan.
Mededeling: iets wat 'n mens sien en onthou.
bly langer onder indruk daarvan.

Kaart C.1.: -

Waarde-Oordeel: hou baie daarvan.
Mededeling: kan nie presies sê waarom nie.

Kaart C.2.: -

Waarde-Oordeel: hou absoluut niks daarvan nie;
 sal nooit daarvan kan hou nie;
 sou onsinnig voorkom;
 geensins 'n kunswerk nie;
 heeltemal afstotend.

Rasionalisasie: al het ek dit ook verstaan.

Kaarte D.: -

Waarde-Oordeel: haat rooi;
 is vir my afstootlik;
 hou van groen en blou;
 hou niks van geel.

Mededeling: geen besondere rede nie.

Assosiasie: rooi hare.

Kaart E.1.: -

Waarde-Oordeel: hou nie van hom nie;
 stoot my af.

Mededeling: ken hom nie as persoon nie.

Motivering: politieke opinies teenstrydig
 met myne;
 feit dat hy nie behoorlik
 Afrikaans kan praat nie.

Kaart E.2.: -

Waarde-Oordeel: respek vir hom gehad;
 gekant teen sy beleid.

Intell. Oordeel: het hom in 'n verkeerde rigting
 gelei.

Mededeling: het 'n groot brein gehad.

Kaart E.3.: -

Waarde-Oordeel: hou baie van hom.

Intell. Oordeel: meen dat dit heeltemal reg is.

Motivering: leier van party wat ek aanhang.

Kaart F.1.: -

Waarde-Oordeel: hou besonder daarvan;
 bevat goeie artikels;
 is aan te beveel;
 is van hoogstaande gehalte.

Kaart F.2.: -

Waarde-Oordeel: hou nie veel hiervan nie;
 (hou van) sommige artikels.

Mededeling: lees dit gladnie gereeld nie.

Kaart F.3.: -

Waarde-Oordeel: is soetsappig;
 hou gladnie daarvan nie.

Intell. Oordeel: gemik op sensasie.

Mededeling: lees dit gladnie.

Kaart F.4.: -

Waarde-Oordeel: nog erger; meer sensasioneel.

Intell. Oordeel: hou niks van 'n goeie blad in nie.

PROEFPERSOON III

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1.: -

Waarde-Oordeel: hou daar niks van nie;
 te veel 'n na-apery van blankes.

Intell. Oordeel: druis algeheel in teen beleid.
 naturel probeer hom opwerk tot
 blanke peil, a.g.v. minderwaar-
 digheidsgevoel;
 probeer hom op sulke wyses gelyk-
 stel.

Kaart A.2.: -

Waarde-Oordeel: afskuwelik;
 is iets ongehoords.

Intell. Oordeel: neem van sulke fotos behoort be-
 let te word - versterk idee van
 gelykheid.

Kaart A.3.: -

Waarde-Oordeel: wek afkeuring.

Intell. Oordeel: sou dink dat ander so 'n ver-
 houding as geoorloof voel;
 dinge werk mee om naturel op te
 sweep tot idee van gelykheid;
 wat deur ons opgebou word, word
 afgebreek;
 owerheid behoort (dit) te belet -
 moet gladnie deur naturelle gesien
 word nie.

Mededeling: wek dieselfde indrukke.

Kaart B.1.: -

Waarde-Oordeel: is 'n mooi spel;
dit tref my;
speel 'n té belangrike rol;
is lekker.

Intell. Oordeel: "Elke mens het behoefte aan ont-
spanning"

Mededeling: is nasionale spel;
min mense hou nie daarvan.

Beskrywing: krag in die spel;
alles hang af van krag en in-
spanning.

Kaart B.2.: -

Waarde-Oordeel: het daarvan gehou;
is aangenaam;
is interessant;
voel nie aangetrokke daartoe nie;
begeer om te leer.

Intell. Oordeel: afgesien van verkeerde dinge
is nie groot verskil met dans nie.

Mededeling: het vroeër daaraan deelgeneem.

Beskrywing: gaan nie gepaard met dinge wat
by dans gevind word nie;
verkeer op mooi manier gesellig
saam.

Motivering: gesellige atmosfeer.

Kaart B.3.: -

Waarde-Oordeel: het gewelidige indruk gemaak;
sal nooit vergeet nie;
is veral indrukwekkend.

Intell. Oordeel: toneelspel en musiek hang nou saam;
musiek wek gemoed-stemming, en
met die spel kom jy tot waardering.

Beskrywing: sien spelers persoonlik optree.

Kaart C.1.: -

Waarde-Oordeel: maak dadelik 'n goeie indruk;
is 'n uitstekende werk;
verkies 'n ander tipe agtergrond.

Intell. Oordeel: agtergrond 'n bietjie uit verband.

Mededeling: weet of verstaan niks van skilder-
kuns nie;
sou sê dat dit 'n portret is.

Kaart C.2.: -

Waarde-Oordeel: staan heeltemal afkeurend;
vind dit selfs afskuwelik.

Intell. Oordeel: "As dit moderne kuns is, weet ek
nie waar gaan die kuns heen nie."

Mededeling: kan dit nie verstaan nie.

Kaarte D.: -

Waarde-Oordeel: is geen behoorlike kleur nie;
gee my 'n afsku;
hou niks van die gebruik nie;
is meer strelend;
gee indruk van skoonheid;
verkies groen;
hou van blou;
hou meer van blou;
is 'n dooie en sinlose kleur.

Mededeling: weet nie wat my indrukke is nie.

Motivering: wek 'n wrede indruk.

Assosiasie: herinner aan bloed.

Kaart E.1.: -

Waarde-Oordeel: bejammer hom half.

Intell. Oordeel: neiging in politiek om nie persoon
te beoordeel nie, maar sy beleid
.....;
is nie die regte ding nie;
mag dalk 'n goeie man wees;
persoonlikheid word uitgeskakel
deurdat hy hom deur ander laat lei.

Mededeling: kan niks van hom as persoon sê nie.

Assosiasie: dink dadelik aan sy beleid.

Kaart E.2.: -

Waarde-Oordeel: wil hom nie veroordeel nie;
veroordeel sy beleid;
is af te keur.

Intell. Oordeel: het 'n beleid voorgestaan waartoe
hy moontlik gedwing is;
a.g.v. politiek het hy minder ge-
wild geword nietenstaande bekwaam-
heid van persoon;
"As hy Engeland nie so sterk aan-
gehang het nie, sou hy 'n baie
meer geëerde plek onder sy volk
ingeneem het.

Mededeling: afgesien van politiek was hy 'n
bekwame man;
is geneig om persoon te skei van
politiek.

Motivering: op grond van sy politieke stand-
punt.

Kaart E.3:-

Waarde-Oordeel: hou van hom as persoon;
hou niks van die een nie;
hou wel baie van die ander.

Mededeling: ken nie die persoon nie.

Motivering: beleid wat hy voorstaan;
op grond van sy beleid;
op grond van indruk wat beleid
maak.

Kaart F.1:-

Intell. Oordeel: is seker die beste tydskrif.

Mededeling: is nie baie vertrouwd met tydskrif-
te nie;
is moeilik om indrukke weer te gee.

Kaart F.2.:-

Intell. Oordeel: het baie in peil daarvan gedaal;
kan daaraan die verlaging in peil
toeskryf;
van waarde is wetenskaplike arti-
kels - verhoog waarde van blad.

Mededeling: is 'n ou blad.

Beskrywing: neig tot tipe in ligtere leesstof.

Rasionalisasie: uitgewers verkeer in 'n moeilike
situasie - moet meeding met lees-
stof wat meer populêr is.

Kaart F.4.:-

Waarde-Oordeel: nie so opbouend van aard nie;
word té realisties gestel;
vind dit interessant;
hou nie baie van illustrasies nie.

Intell. Oordeel: gebruik van dames op voorblaaie
as advertensies is verkleinerings
van die vrou;
doen afbreuk aan die waarde;
wye omset toe te skryf aan beklem-
toning van seksuele aspek.

Rasionalisasie: gee 'n mens 'n idee van lewe in al
sy werklikheid;
artikels oor moordsake andersins
nie so breedvoerig uitgebeeld nie.

Mededeling: ken tydskrif beter;
lees dit dikwels.

PROEFPERSOON IV

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1.: -

Waarde-Oordeel: wek 'n weersin;
 het 'n hekel in 'n meid.

Intell. Oordeel: kan 'n kaffer waardeer as hy
 eie is aan sy nasie.

Motivering: het altyd vuil voorgekom.

Kaart A.2.: -

Waarde-Oordeel: laat my verbitterd voel;
 verag blankes;
 is iets oneties.

Kaart A.3.: -

Waarde-Oordeel: staan onverskillig hierteenoor;
 is heeltemal onweloweglik,

Intell. Oordeel: is dinge wat in buiteland aan-
 gaan - is hul eie probleem;
 betrokke naturel het dit miskien
 reeds ver in die lewe gebring;
 is onbybels;
 Engelse meer onverskillig

Beksrywing: witmens teenoor kaffer.

Kaart B.1.: -

Waarde-Oordeel: keur dit nie af nie;
 vind dit aangenaam;
 verskaf genot;
 beswaar daarteen.

Intell. Oordeel: is besig om onder volk 'n afgod
 te word;
 sport doen afbreuk aan pligte;
 word oordryf.

Kaart B.2.: -

Waarde-Oordeel: is iets moois;
 hou baie daarvan;
 uitstekende middel;
 voel baie ongelukkig;
 is af te keur.

Mededeling: wil nie doelbewus argumente soek
 nie;
 hele opvoeding in teenkanting daar-
 van,

Motivering: seksuele element en drankmisbruik;
 kanom persoonlike redes nie deel-
 neem nie.

Kaart C.1.: -

Waarde-Oordeel: is iets moois;
is vir my mooi.

Mededeling: is maar swak op gebied van kuns-
waardering;
kan nie sê waarom nie.

Kaart C.2.: -

Waarde-Oordeel: is geen kuns nie.

Intell. Oordeel: gaan meer om kunstenaar as kuns
self;
kunstenaar probeer bepaalde ken-
merke uitbeeld - buitestander
kan dit nie waardeer nie.

Kaarte D.: -

Waarde-Oordeel: blou trek my oog;
heg grootste waarde daaraan;
hou baie van groen;
hou nie baie van geel nie;
staan koud teenoor rooi.

Mededeling: sien kleure in die lig van dat
een mooier as 'n ander is;
weet nie waarom een mooier as
ander is nie.

Kaart E.1.: -

Waarde-Oordeel: het simpatie vir hom;
dwing nie juis respek af nie.

Intell. Oordeel: is 'n persoon wat ongelukkig is
om in so 'n vername posisie te
wees.

Motivering: is 'n veel-omstrede figuur.

Kaart E.2.: -

Waarde-Oordeel: eer hom as 'n groot man.

Intell. Oordeel: 'n man met tenstrydighede in sy
lewe.

Mededeling: is een van grootste staatsmanne
bekend - selfs deur teenstanders
gerespekteer;
gaan nie saam met sy beleid nie.

Kaart E.3.: -

Waarde-Oordeel: nie ten gunste van politiek nie;
is vir my die ideale Afrikaner.

Intell. Oordeel: sou hom nie as staatsman met die
vorige gelykstel nie.

Mededeling: skaar my aan sy kant;
trag om objektief te oordeel;
is die verpersoonliking van party
waarby ek my skaar.

Kaart F.1.: -

Waarde-Oordeel: verhaal is die moeite wêrd om te lees.

Intell. Oordeel: voorblaaie is gewoonlik weerspieëling van inhoud;
tydskrif probeer iets plaas wat almal mooi sal vind;
streef na handhawing van hoë peil, en probeer skrywers aanmoedig.

Kaart F.2.: -

Waarde-Oordeel: het daarvan gehou.

Intell. Oordeel: letterkundig beskou staan op 'n lae peil;
belangrikste oogmerk om sensasie te verskaf ter wille van omset;
sal dit nie toeskryf aan lae ontwikkelingspeil nie - is tipies van moderne tyd.

Motivering: het veel bevat wat mens kon waardeer.

Kaart F.4.: -

Intell. Oordeel: beskou uitbuiting van seks as soortgelyke euwel as drankmisbruik;
dink dat gevoel afstomp deur publikasie van sulke literatuur;
sou dit beskou as indirekte oorsaak tot misdad.

Mededeling: lees dit nooit.

PROEFPERSOON V

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1.: -

Waarde-Oordeel: vind dit interessant;
is meer aantreklik.

Intell. Oordeel: "Hulle het wel die reg om ons gewoontes te probeer navolg en hulself te verbeter";
'n naturel sal wel skoonheid hierin kan bespeur.

Mededeling: ek kan dit (skoonheid) nie sien nie.

Kaart A.2.: -

Intell. Oordeel: omgang van blankes in Unie kan 'n mens seker in ander lig beskou, deurdát 'n mens gevoel kry dat ook by nie-blankes vyandigheid bestaan; dink nie naturel is so slegs as wat baie meen nie.

Mededeling: was self dikwels in gemengde vergaderings;
het alle gevoelens t.o.v. kleur verloor;
geleer om hulle as gewone mense te beskou;
omdat ek met hulle gewerk het - geleer om hulle te waardeer eerder as te verag;
is nie 'n kafferboetie nie.

Beskrywing: skyn vername persone te wees.

Kaart A.3:-

Intell. Oordeel: dink dat hulle nakomelinge gewoonlik 'n ongelukkige bestaan voer
.... ens., ens.;
dink dat 'n sedewet teen vermenging tussen blank en nie-blank eerder sekondêr as primêr is.

Mededeling: het meer dikwels gevind dat blanke man met nie-blanke vrou trou.

Kaart C.1.:-

Waarde-Oordeel: hou baie daarvan;
staan mooi uit teen agtergrond;
is besonder mooi.

Kaart C.2.:-

Waarde-Oordeel: waardeer dit meer;
is nie mooier nie.

Intell. Oordeel: voel dat kunstenaars in moderne tyd nie skilder ter wille van die skoonheid nie, maar om 'n idee te simboliseer ens., ens.

Kaarte D.:

Waarde-Oordeel: rooi trek my meeste aan;
iets soos opgewektheid in.

Mededeling: kies volgorde van rooi, geel, groen, blou.

Assosiasie: sal rooi rok opmerk;
vrou dra graag rooi.

Kaart E.1.:-

Intell. Oordeel: dink soms dat hy werk ter wille van bevordering van sy land - kry soms indruk dat hy net werk vir persoonlike gewin

Mededeling: weet nie presies wat om van hom te sê nie.

Kaart E.2.: -

Intell. Oordeel: is beïnvloed deur kapitaal en vriende.

Mededeling: was 'n groot leier met groot intellek;
groot figuur in algemene politieke lewe.

Kaart E.3.: -

Waarde-Oordeel: waardeer hom;
stem baie saam met sy idee.

Intell. Oordeel: is 'n man van sy volk wat toekoms van ons land voorstaan;
as 'n mens beleid reg interpreteer, sal 'n mens moet insien dat dit beste vir die land is;
stel net soveel belang in vordering van blank as nie-blank.

Kaart F.1.: -

Waarde-Oordeel: glo dit is 'n goeie tydskrif;
sal dit eerste kies;
goeie stof in.

Motivering: redaksie streef na hoë gehalte;
eerder as slegs om geld te maak.

Kaart F.2.: -

Mededeling: tydskrif gaan in op dinge in populêre smaak.

Intell. Oordeel: voel dat dit wat ons lees, ons en ons persoonlikheid in 'n groot mate beïnvloed....

Kaart F.4.: -

Waarde-Oordeel: kan dit gladnie op prys stel nie.

Intell. Oordeel: het te veel van hierdie aard van leesstof, en te min lektuur wat opbouend is.

Mededeling: het dit kort gelede vir eerste maal gelees.

PROEFPERSOON VI

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1.: -

Intell. Oordeel: naturelle in stad probeer blankes se gewoontes nadoen - gee 'n beskawing voor wat hulle nog nie bereik het nie.

Kaart A.2.: -

Waarde-Oordeel: vind dit baie vreemd;
in stryd met gevoelens.

Kaart A.3.: -

Waarde-Oordeel: stoot 'n mens af.

Beskrywing: goed opgevoede en ontwikkelde
persoon.

Kaart B.1.: -

Waarde-Oordeel: hou nie baie daarvan nie;
laat belangstelling verflou;
steek nie veel in nie;
stoot my af;
nie 'n besondere voorliefde daar-
voor nie.

Intell. Oordeel: Afrikaner neem veral aan sport
deel ter wille van eer.

Beskrywing: 'n rowwe spel.

Motivering: groot ophef word daarvan gemaak.

Kaart B.2.: -

Waarde-Oordeel: hou nie veel daarvan nie;
is té georganiseerd;
nie juis 'n afsku daarin nie;
gee gladnie daarvoor om nie;

Intell. Oordeel: is 'n beter wyse van sosiale ver-
keer;
baie eng vorm van vermaak;
uitingsvorm van onderdrukte
drange - van waarde dat dit op
so 'n wyse tot uiting kom.

Beskrywing: besit groter mate van opwinding.

Kaart B.3.: -

Waarde-Oordeel: vind dit baie interessant;
hou veral van uitlewing van
hartstog;
mees geliefde vorm van musiek;
goeie kwaliteit van musiek.

Beskrywing: gaan gepaard met musiek.

Kaart C.1.: -

Waarde-Oordeel: hou niks daarvan nie;
is vir my lelik;
vind geen karakter daarin nie;
is niks aantrekliks nie.

Mededeling: word as 'n groot kunswerk beskou.

Kaart C.2.: -

Waarde-Oordeel: hou hiervan beslis niks;
 is lewensloos;
 vind dit afstootlik.

Intell. Oordeel: skilder behoort individuele ge-
 voelens op so 'n wyse uit te
 beeld dat andere dit kan begryp;
 gee geen uiting aan die idee nie.

Kaarte D.: -

Waarde-Oordeel: is geweldig mooi;
 maak 'n besondere indruk;
 is 'n mooi kleur;
 hou baie van sagte warm groen;
 baie lief vir blou - is 'n skoon
 kleur;
 hou veral van hartstogtelike en
 koue kleure.

Mededeling: stel kleure in volgorde van rooi,
 blou, geel, groen;
 een kleur besit groter gevoels-
 waarde as ander - weet nie waar-
 om nie.

Kaart F.1.: -

Waarde-Oordeel: vind goeie artikels in blad;
 maak nie juis enige besondere
 indruk nie.

Intell. Oordeel: voorblad tipies van die tydskrif
 in algemeen;
 miskien een van beste tydskrifte
 in Afrikaans.

Kaart F.2.: -

Waarde-Oordeel: vind dit eenvoudig;
 verhale is oppervlakkig.

Intell. Oordeel: 'n "glamour" tydskrif wat nie by
 werklikhede in die lewe kom nie.

Kaart F.4.: -

Waarde-Oordeel: soms iets wat treffend is.

Mededeling: het met verskyning 'n sensasie
 veroorsaak - almal het dit gelees.

Beskrywing: vind hierin 'n eienaardige tipe
 verhaal - modern, openlik, en
 realisties.

PROEFPERSOON VII

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1.: -

Waarde-Oordeel: wek dadelik gevoel van afkeur;
keur dit veral af.

Intell. Oordeel: nie-blanke boots blanke in ge-
bruike na.

Motivering: kaffer wat bedreiging is vir die
blanke, word tot status van die
blanke verhef.

Kaart A.2.: -

Waarde-Oordeel: gekant teen die idee;
is 'n skande;
direk teen beginsels.

Motivering: sien daarin bedreiging vir die
blankes;
naturelle in groot meerderheid.

Kaart A.3.: -

Intell. Oordeel: mense in Engeland nie op hoogte
van status van kaffer in S.A. nie;
verhoudinge wek rassevermenging
in die hand - is nog meer 'n be-
dreiging.

Kaart B.1.: -

Waarde-Oordeel: hou van voetbal.

Motivering: van waarde vir fisiese ontwikke-
ling; ook van geestelike waarde
- dra by tot verdraagsaamheid en
om teenslae te leer verduur.

Kaart B.2.: -

Waarde-Oordeel: geniet dit;
nie juis 'n begeerte nie;
doen dit baie graag;
niks wat besonder aantrek nie.

Mededeling: doen dit nie self nie;
nooit doelbewus probeer nie.

Motivering: kan 'n aand so sosiaal aangenaam
deurbring.

Kaart B.3.: -

Waarde-Oordeel: hou baie daarvan;
is van opbouende waarde;
van hoogstaande kuns.

Intell. Oordeel: dink 'n mens se waardering van opera is afhanklik van kennis van verhaal en idee uitgebeeld, sowel as vermoë om musiek te kan waardeer.

Mededeling: nie baie op hoogte op die gebied van musiek nie.

Kaarte D.: -

Waarde-Oordeel: groen val my eerste op;
is my geliefkoosde kleur;
geel staan effens bo ander uit;
trek nie juis my aandag nie;
maak die grootste indruk;
het 'n sagte en strelende uitwerking.

Assosiasie: assosieer dit met rooi kussing.

Kaart E.1.: -

Waarde-Oordeel: is nie 'n waardige leier nie.

Intell. Oordeel: persoon met deursettingsvermoë en goeie intelligensie staan regering teen net op grond daarvan dat hy leier van opposisie is.

Kaart E.2.: -

Intell. Oordeel: het sy sienswyses tot nadeel van die land gewysig;
nie alles gedoen wat wel in sy vermoë was nie.

Mededeling: was 'n groot staatsman.

Kaart E.3.: -

Waarde-Oordeel: respekteer hom;

Intell. Oordeel: is 'n bekwame persoon met die regte sienswyses;
doen alles in sy vermoë ten gunste van blanke bevolking.

PROEFPERSOON VIII

WYSE VAN REAKSIE

MEDEDELING VAN PROEFPERSOON

Kaart A.1.: -

Waarde-Oordeel: laat my taamlik koud;
nie ten gunste van die idee nie;
besonder interessant;
vind dit afstootlik;
keur dit af.

Intell. Oordeel: is 'n na-apery van die blankes;
heeltemal teenstrydig met vroeëre gebruik van skoonheidsmiddels.

Beskrywing: verskeidenheid van gesigsuitdruk-
kings;
kleur lippe met moderne middels.

Motivering: in die lig van die doel waarvoor
die foto's geneem is.

Kaart A.2.: -

Waarde-Oordeel: druis algeheel in teen ons be-
skouings;
is afkeurend.

Beskrywing: gemengde sosiale verkeer tussen
blank en nie-blank;
blanke dame tussen nie-blanke
mans.

Kaart A.3.: -

Waarde-Oordeel: is weersinwekkend;
voel jammer daaroor.

Motivering: gedagte aan alles wat gemengde
verhouding inhou

Kaart B.1.: -

